UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DIE ONTWIKKELING VAN SOSIALE VERHOUDINGS VAN ADOLESSENTE MET ERNSTIGE GEHOORVERLIES MET HULLE NORMAALHORENDE PORTUURGROEP.

ELIZABETH MARIA ENGELBRECHT

NOVEMBER 2007

DIE ONTWIKKELING VAN SOSIALE VERHOUDINGS VAN ADOLESSENTE MET ERNSTIGE GEHOORVERLIES MET HULLE NORMAAL HORENDE PORTUURGROEP

deur

Elizabeth M Engelbrecht

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Educationis (Opvoedkundige Sielkunde)

in die

Fakulteit Opvoedkunde:
Departement Opvoedkundige Sielkunde

aan die

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof A. C. Bouwer

Oktober 2007

DECLARATION

" I declare that the dissertation, which I hereby submit for the degree MAGISTER EDUCATIONIS (Educational Psychology) at the University of Pretoria, is my own work and has not previously been submitted by me for a degree at this or any other tertiary institution."

_____
Elizabeth M Engelbrecht

Signed on the _____ day of _____ 2007, at Pretoria, South Africa.

VERKLARING

Hiermee veklaaar ek dat hierdie skripsie wat ek indien vir die graad MAGISTER EDUCATIONIS (Opvoedkundige Sielkunde) by die Universiteit van Pretoria, my eie werk is en nie voorheen vir ‘n graad by hierdie of enige ander tersiêre instansie ingedien is nie.

_____

Elizabeth M Engelbrecht

****

HIERDIE SKRIPSIE WORD OPGEDRA AAN

DR. ELSABIE SMUTS –PAUW.

MY MEDIATOR EN MOTIVEERDER NAAS MY OUERS.

U HET DAT DIE SAADJIE WAT GEPLANT IS LAAT ONTKIEM IN 'N ROEPING OM KINDERS MET GEHOORVERLIES BY TE STAAN. MAG DIE VRUG VAN DIE GOEIE WERK WAT U GEDOEN HET, VIR KINDERS MET GEHOORVERLIES, STEEDS VOORTBESTAAN

****

DANKBETUIGINGS

- Eerstens en bo alles dank aan my Hemelse Vader vir die krag en genade wat Hy alleen geskenk het om hierdie taak te kan voltooi.
- My Liefste Ouers. Baie dankie vir al die jare se opvoeding, volgehoue ondersteuning en geloof in my. Dankie dat Pa en Ma vir my ‘n toekoms wou skep en geleenthede daargestel het. Julle is die oorsprong van my liefde vir hierdie spesiale taak waarin ek my wil bekwaam. Woorde is te min om my dank te betoon.
- My liefste man Piet. Baie dankie vir al jou geduld en verdraagsaamheid en jou volgehoue ondersteuning en motivering. Baie dankie dat jy my ‘oor’ was en vir my weer en weer na die transkripsies geluister het. Jy is ‘n ware steunpilaar in hierdie tyd gewees.
- My Skoonsussie, swaer en kinders. Baie dankie vir julle gebede en motivering Alicia en Nico. Dit word opreg waardeer en het my gedra.
- Professor Bouwer. Baie dankie vir u bekwame leiding waaronder ek hierdie skripsie kon skryf. Ek was bevoorreg om onder so uiters bekwame studieleier my studie te voltooi. Baie dankie ook vir Professor se geloof en motivering in my, wanneer die paadjie vir my swaar geraak het.
- Joani Rautenbach. Baie dankie vir die ure se werk aan die transkripsies.
- Vir al die persone wat my opgedra het in die gebede en aan my gedink het. Baie dankie!
- Al die deelnemers en hul vertrouelinge waarmee ek kon gesels. Baie dankie dat julle ‘n deeltjie van julle wêreld met my gedeel het. Sonder julle was die skripsie nie moontlik nie.

VOORAF

“In my diepste wese weet ek;
Vir hulle wat kan hoor is ek ‘n halwe mens,
my taal en my praat begrens tot hierdie klein wêreld,
van ek en my doofheid en enerse maats,
waarteen vir julle wat hoor, my nie kan verstaan,
‘n andersheid in kaats.
‘n Andersheid van minder wees, van skielik jammer wees, omdat jy nie verstaan.
Verstaan dat God ook my, as Sy skepsel, se weg in hierdie lewe baan.
Ek is wat ek is, om horendes soos jy en jy en jy te leer,
om God ewig dankbaar te bly, dat jy kan hoor en praat en sing,
en deur my aan Hom, ons al-twee se Skepper, vir ewig lof moet bring.
Goddank ek is nie net sommer maar net doof.
Ek is doof, sodat jy saam met my, ons Skepper kan loof”

‘Anoniem’

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK EEN: RASIONAAL, DOEL EN ETIESE IMPLIKASIES VAN STUDIE

1.1 INLEIDING p. 1
1.2 VRAAGSTELLING p .5
1.2.1 Die navorsingsvraag p. 5
1.2.2 Subvrae p. 5
1.3 DOEL VAN NAVORSING p. 5
1.4 BEGRIPSVERHELDERING p. 5
1.5 METODOLOGIE p. 7
1.5.1 Paradigmatiese begronding p. 7
1.5.2 Navorsingsontwerp p. 8
1.5.3 Die deelnemers p. 8
1.5.4 Data insameling p. 8
1.5.5 Data analise p. 9

1.6 TEORETIESE BEGRONDING p. 10
1.7 VERTROUBAARHEID VAN DIE NAVORSING p. 10

1.8 ETIESE OORWEGINGS p. 11
1.9 UITLEG VAN HOOFSTUKKE p. 12

HOOFSTUK 2: BESKRYWING VAN DIE SOSIALE KONTEKS VAN DIE ADOLESSENT MET ERNSTIGE GEHOORVERLIES EN DIE BIO-EKOLOGIESE MODEL VAN ONTWIKKELING

2.1 INLEIDING p. 13
2.2 SOSIO-EMOSIONELE ONTWIKKELING VAN ADOLESSENTE MET ERNSTIGE GEHOORVERLIES
2.2.1 Oriëntering p. 13
2.2.2 Die invloed van die gesin p. 16
2.2.3 Invloed van die skoolopset of opvoedkundige instelling p. 19
2.2.4 Invloed van die portuurgroep p. 21
2.3 Die kommunikasievaardigheid van die adolessent met gehoorverlies p. 23

2.4 SOSIALISERINGSGEDRAG VAN ADOLESSENTE MET GEHOORVERLIES p. 25
2.5 BEHOEFTES EN PERSPEKTIEF VAN ADOLESSENTE MET ERNSTIGE GEHOORVERLIES p. 26
2.6 BEHOEFTES EN PERSPEKTIEF VAN PORTUURGROEP WAT NORMAAL HOREND IS p. 27
2.7 AANPASSINGSTRATEGIEË VAN ADOLESSENTE MET ERNSTIGE GEHOORVERLIES p. 28
2.8 SOSIALE INTEGRASIE VAN DIE ADOLESSENT MET ERNSTIGE GEHOORVERLIES p. 29
2.9 DIE BIO-EKOLOGIESE MODEL VAN BRONFENBRENNER p. 30

HOOFSTUK 3: NAVORSINGSBEPLANNING EN NAVORSINGSVERLOOP

3.1 INLEIDEND p. 35
3.2 NAVORSINGSPARADIGMA p. 35
3.3 NAVORSINGSBEPLANNING EN –VERLOOP
3.3.1 Navorsingsontwerp p. 38
3.3.2 Die deelnemers p. 39
3.3.3 Data-insameling p. 40
3.3.3.1 Inleidend p.41
3.3.3.2 Observasies p.40
3.3.3.3 Semi-gestruktureerde Onderhoude p.43
3.3.4 Data-analise p. 44
3.4 VERTROUBAARHEID VAN DIE NAVORSING p. 46
3.5 DIE ROL VAN DIE NAVORSER p. 47
3.6 MOONTLIKE BEPERKINGE VAN DIE STUDIE p. 48
3.7 ETIESE BEPLANNING p. 48
1) Inleidend p. 48
2) Veiligheid tydens deelname aan die studie p. 49
3) Ingeligte toestemming p. 49
4) Konfidensialiteit en vertroulikheid p. 49
5) Onttrekking van studie p. 49
6) Eerlikheid aan kollegas p. 50

3.8 SLOTOPMERKING p. 50

HOOFSTUK 4: DATA ANALISE, BEVINDINGE EN INTERPRETASIE

4.1 ORIËNTERING p. 51

4.2 RESULTATE EN BEVINDINGS PER GEVAL

4.2.1 Gevallestudie 1: Elzire

(1) Agtergrond p. 52

(2) Observasies en video-opnames p. 53

(3) Bates p. 54

(4) Hindernisse p. 55

(5) Aanpassings wat Elzire maak en strategieë wat sy volg p. 56

(6) Aanpassings van horende portuur p. 57

4.2.2 Gevallestudie 2: Martin

(1) Agtergrond p. 58

(2)Observasies en video-opnames p. 58

(3)Bates p. 60

(4) Hindernisse p. 60

(5) Aanpassings wat Martin maak en strategieë wat hy volg p. 61

(6) Aanpassings wat sy vriende p. 61

4.2.3 Gevallestudie 3: Chrizette

(1) Agtergrond p. 62

(2) Observasies en video-opnames p. 63

(3) Bates p. 65

(4) Hindernisse p. 66

(5) Aanpassings wat Chrizette maak en strategieë wat sy volg p. 68

(6) Aanpassings van horende portuur p. 69

4.2.4 Gevallestudie 4: Violette

(1) Agtergrond p. 70

(2) Observasies en video-opnames p. 70

(3) Bates p. 71

(4) Hindernisse p. 72

(5) Aanpassings wat Violette maak en strategieë wat sy volg p. 74

(6) Aanpassings van horende portuur p. 75

4.3 UNIEKHEDE WAT IN DIE GEVALLE NA VORE GEKOM HET

4.4 1) Ouerlike ondersteuning p. 76

2) Spraakvaardighede p. 76
3) Interaksievaardighede p. 77
4) Skoolopset p. 78
5) Buitemuurs p. 79
6) Blootstelling aan die breër samelewing p. 80
4.4 SAMEVATTING EN SLOT p. 80

HOOFSTUK 5: SAMEVATTING, GEVOLTREKKINGS, AANBEVELINGS
5.1 OORSIG EN ORIENTERING p. 82
5.2 SAMEVATTENDE OOREENKOMSTE EN GEVOLGTREKKINGS
5.2.1 Oriëntering p. 83
5.2.2 Die adolessent met gehoorverlies soos beskryf volgens hul besondere persoonskenmerke, konteks en tydgreep p. 83
5.2.3 Die mikro-sisteme waaraan die deelnemers verbonde is p. 86
5.2.4 Die Meso-sisteem p. 90
5.2.5 Die Ekso-sisteem p. 91
5.2.6 Die Makro-sisteem p. 91
5.2.7 Chrono-sisteem p. 92
5.3 MOONTLIKE BEPERKINGE VAN DIE STUDIE p. 92
5.4 AANBEVELINGS
5.4.1 Praktyk p. 93
5.4.2 Navorsing p. 93
5.5 SLOT p. 94

LITERATUURVERWYSINGSLYS p. 95

LYS VAN FIGURE
Figuur 2.1 p. 30
Figuur 3.1 p. 36

INHOUDSOPGAWE VAN AANHEGSELS

Aanhegsel A - Administratief

Etiese klaring

Departementele goedkeuring

Briewe aan deelnemers en ouers (toestemmingsvorms)

Aanhegsel B

Onderhoudskedule

Aanhegsel C – Data-analise dokumente

Diagram van vier gevalle – ooreenkomste en uniekhede.

OPSOMMING

Die hoofdoelstelling van die navorsing was om die ontwikkelende sosialisering van adolessente met ernstige gehoorverlies met hul normaalhorende portuur te begryp en te beskryf. Die navorsingsvraag was, *Hoe ontwikkel die adolessent met ernstige gehoorverlies sosiale verhoudings met sy/haar normaal horende portuurgroep?* 'n Ondersoek na vier adolessente met ernstige gehoorverlies is gedoen, om hul interaksiesituasie met hul horende portuurgroep beter te begryp. Die studie het 'n meervoudige gevallestudie-ontwerp gevolg vanuit die postmoderne interpretiwistiese perspektief. Bronfenbrenner se bio-ekologiese sisteemteorie is benut as die teoretiese basis vir die studie, ten einde die totale konteks van die adolessent met gehoorverlies te begryp.

Die deelnemers is volgens die maksimum variasiebeginsel gekies en die data is met behulp van kwalitatiewe metodes, naamlik observasies en onderhoude, ingesamel. Die analiseproses het uit gerigte tematiese analise en analitiese vergelyking bestaan.

Die resultate het getoon dat interaksie tussen adolessente met gehoorverlies en hul normaal horende portuur suksesvol kan geskied, maar dat dit met bepaalde hindernisse (soos oningeligtheid en onsekerheid omtrent die gehoorverlies) gepaard gaan en van beide partye word aanpassings geverg. Individuele bates van die adolessent met gehoorverlies moet ook benut word en uitgebou word om die minder sterk punte te ondersteun. Die adolessent met gehoorverlies se spraak (artikulasie) en spraakleesvermoë is van kernbelang ten einde deur die horende gemeenskap verstaan te word, asook om hulle te verstaan. Gereelde deurlopende blootstelling aan die horende gemeenskap wat deur die ouers gefasiliteer word, blyk die sleutel te wees tot suksesvolle interaksie en integrasie in die breë gemeenskap.

Sleutelwoorde: doof, gehoorgestrem, gehoorverlies, adolessent, portuur, portuurverhoudings, gebaretaal, spraakvaardighede, spraakleesvaardighede.

SUMMARY

The main purpose of the study was to understand and describe the developing socialization of adolescents with severe hearing loss with their normally hearing peers. The central research question was, *How does the adolescent with severe hearing loss develop social relationships with his/her normally hearing peers?* The research was conducted with four adolescents with severe hearing loss, better to understand their interactive situation with their normally hearing peers. The research took the form of a multiple case study design, conducted from the post-modern interpretive perspective. Bronfenbrenner's bio-ecological systems theory formed the theoretical basis of the study, to understand the full context of the adolescent with hearing loss.

Participants were selected in accordance with the maximum variation sampling principle. Data were collected by qualitative methods, namely observations and interviews. The data analysis consisted of focussed thematic analysis and analytical comparison.

The results showed that interaction between adolescents with hearing loss and their normally hearing peers can be successful, but it is accompanied by certain challenges such as a lack of information and uncertainty about the hearing loss and adaptations are required from both parties. The individual assets of die adolescent with hearing loss should be utilised and developed to support the weaker characteristics. The speech- and speech reading skills of the adolescent with hearing loss are of the utmost importance to be understood by the hearing community as well as to understand them. Continual exposure to the hearing community, facilitated by the parents, appears to be key to the successful interaction and integration into the broader community.

Key terms: deaf, hearing impaired, hearing loss, adolescent, peers, peer relationship, sign language, speech abilities, speech reading abilities.

HOOFSTUK EEN

RASIONAAL, DOEL EN ETIESE IMPLIKASIES VAN STUDIE

1.1 INLEIDING

Sosiale integrasie van die persoon met ernstige gehoorverlies blyk 'n voortdurende uitdaging te wees. Navorsing en literatuur het dit eens dat persone met ernstige gehoorverlies wat vanuit spesiale sowel as hoofstroom onderwys toetree tot die breër gemeenskap, se eerste jare vol onsekere en ongelukkige ervarings is, voor die wêreld vir hulle begin sin maak (Kiff & Bond, 1997:19; Aveling, 2005:2). Die persoon met ernstige gehoorverlies leer nie sosiale reëls outomaties aan nie. Hul moet eers daarvan bewus gemaak word, voordat dit doelbewus aangeleer word, weens hul kommunikasiebeperking. Die adolessente en jong volwassenes met ernstige gehoorverlies poog om dit wat hulle 'verloor' het weens hulle gehoorverlies, deur die voorbeeld wat die gemeenskap voorhou, 'in te haal'. Bekker (1987:64) meld dat die lewensfase van adolessensie gewoonlik baie spanningsvol vir die persoon met ernstige gehoorverlies is. Voorbereiding vir enige nuwe lewensrol is baie belangrik vir die persoon met ernstige gehoorverlies en verminder die spanning wat met die oorgang na 'n nuwe lewensfase gepaard gaan (Bekker, 1987:64).

Die algemeen aanvaarde fondasies van die gesinslewe word uitgedaag wanneer 'n gesinslid met doofheid bykom. Dit is baie belangrik dat die ouers die sosiale betekenis van hul kind se doofheid moet verstaan, verwerk en aanvaar, om sodoende 'n gesonde selfkonsep aan hul kind met doofheid oor te dra (Bain, Scott & Steinberg, 2004:134). Kent (2003:213) meld dat motivering, portuurverhoudings en identiteit areas is wat vir die adolessent met ernstige gehoorverlies baie broos is.

Die adolessente jare is van kardinale belang vir die vestiging van identiteit (Bain et al. 2004:123; Israelite, Ower, and Godstein, 2002:134 & Corcer, 1996: 189). Die persoon met ernstige gehoorverlies het egter ook die beperking om te aanvaar en te verwerk, tesame met hul normale identiteitsvorming. Gedurende die adolessente jare en vroeë volwassenheid ervaar hul aanvanklik 'n identiteitskrisis en is onseker of hulle in die horende of dowe gemeenskap inpas (Venter, 2004:67). Die literatuur het bewys dat dit die persoon met gehoorverlies se keuse is of hy/sy die dowe identiteit of meer 'n horende identiteit wil aanvaar (Jambor & Elliott : 2005:68; Sheridan, 2001:213; Higgins, 1987b:157). Adolessensie is die kerntydperk waar persone met ernstige gehoorverlies vir hulleself moet afvra en besluit binne watter kulturele groepering hulle die gemaklikste inpas (hetsy die horende groepering wat

spraak voorstaan, die dowe groepering wat gebaretaal voorstaan, of die bi-kulturele groepering waar albei metodes gebruik word) (Kiff & Bond, 1997:23).

Sosialisering is 'n kern ontwikkelingsuitdaging wat elke persoon moet deurmaak en is deel van die groeiproses na volwassenheid (Bain et al. 2004:126). Sosialisering en identiteitsontwikkeling is vir persone met ernstige gehoorverlies van groot belang, aangesien dit hulle vermoë versterk om meer effektief die gestremdheid te hanteer. Aveling (2005:50) beweer sosialisering verskaf aan die persoon met ernstige gehoorverlies die gevoel van samehorigheid en aanvaarding, wat van kernbelang by die ontwikkeling van 'n akkurate selfkonsep is. Deur goeie sosiale vaardighede te ontwikkel, word die adolessent met ernstige gehoorverlies toegerus om by die breër gemeenskap te kan aanpas en dus sterker verhoudings op te bou (Aveling, 2005:50). Die persoon met ernstige gehoorverlies moet 'n selfkonsep ontwikkel wat die gehoorverlies integreer, om 'n akkurate selfkonsep te verseker (Bain et al. 2004:123).

Meadow-Orleans (1987:42) meld dat 'n persoon met ernstige gehoorverlies op verskillende areas van sosialisering en leer moet fokus, wat as gegewe deur die persoon met normale gehoor ervaar word. Volgens Bekker (1987:69) voorsien die portuurgroep aan die persoon met ernstige gehoorverlies, die potensiaal om sosiale bevoegdheid oor verskeie kontekste heen te ontwikkel. Die portuurgroep van die persoon met ernstige gehoorverlies is uniek ontwikkel om baie van die emosionele en sosiale behoeftes van persone met ernstige gehoorverlies te bevredig. Persone met doofheid is besonder geheg aan hul portuur wat ook te kampe het met dieselfde gestremdheid. So 'n vriendskap is van onskatbare waarde, aangesien dit die persoon met ernstige gehoorverlies se identiteit versterk. Die portuurgroep fokus bewustheid op die positiewe aspekte van doofheid en verminder die gevoelens van 'anders' wees teenoor die breër gemeenskap. Binne die portuurgroep word die persoon met ernstige gehoorverlies die geleentheid gegun om sosiale vaardighede te verbeter, ander persone te observeer en nuwe idees uit te probeer, sonder om te vrees dat iemand 'snaaks' daarvan dink (Bekker, 1987:69).

Ek het ook gevind dat persone met ernstige gehoorverlies geneig is om meer gemaklik met hul eie portuur in interaksie te tree as met persone met normale gehoor, aangesien hulle voel dat hul nie altyd deur horende persone verstaan word nie. Om die rede is hul geneig om dieper vriendskappe met hul eie portuur met ernstige gehoorverlies te vorm, maar dit is van groot belang dat die persoon met ernstige gehoorverlies ook binne die breër gemeenskap moet kan

funksioneer. Indien die adolessent met doofheid te sterk op die sosiale verkeer met sy eie portuur fokus, bestaan die gevaar van toenemende uitsluiting uit die breër gemeenskap, waar die strewe na toenemende insluiting in die breër gemeenskap behoort te wees.

Ter bevestiging van die bogenoemde verwys ek na 'n dertienjarige seun met doofheid wat uitgeblink het in sy sportsoort, maar later daarvan afgesien het, omdat horende maats hom gespot het. So 'n situasie kan maklik ontstaan, omdat die seun se maats nie begrip vir sy omstandighede getoon het en geweet het hoe om dit te hanteer nie. Die seun met doofheid het ook nie vrymoedigheid geneem om sy situasie aan hulle te verduidelik nie. Volgens Venter (2004:2) en Nikolaraizi & De Reybekiel (2001:168) bestaan daar 'n wye verskeidenheid kontekste wat 'n invloed op die adolessent met doofheid het. Hierdie kontekste sluit onder meer die gesin, sosiale en skoolopset in. Die bogenoemde situasie kan die emosionele welstand van die jeugdige met doofheid ernstig beïnvloed, wat dan deurkring na sy sosio-emosionele aanpassing en skolastiese welstand.

Dit het my vervolgens ook laat terugdink aan my persoonlike omstandighede as persoon met ernstige gehoorverlies binne hoofstroom-onderwys. By die skool het ek ook ervaar dat my portuur nie altyd verstaan het hoe om my gehoorverlies te hanteer nie. Ek is geëtiketteer as 'nie by nie' en maats wou nie altyd met my meng nie, omdat hul nie geweet het hoe om my gehoorverlies te hanteer nie. Gedurende my universiteitsloopbaan het ek besef dat ek as persoon met gehoorverlies sekere aanpassings moet maak om suksesvol in aktiwiteite binne die breër gemeenskap te kan aanpas. Aan die ander kant is dit belangrik dat die gemeenskap ook 'n groter bewustheid van die behoeftes van die persoon met ernstige gehoorverlies behoort te ontwikkel. Humpfries (1996) meld waar die persoon met ernstige gehoorverlies vroeër deur horendes beheer is, het die klem verskuif na die ontwikkeling van die persoon met ernstige gehoorverlies tot 'n selfbemagtigende persoon met ernstige gehoorverlies. Persone met ernstige gehoorverlies leef vandag saam met horende persone, terwyl hulle self die grense van beheer van die self behou (Humpfries, 1996 in Aveling, 2005: 23).

'n Jong onderwyseres met ernstige gehoorverlies, het my met verwondering vervul tydens haar meedeling, hoe sy huidiglik onderwys aan persone met ernstige gehoorverlies gee, asook suksesvol haar staan binne die breër gemeenskap maak. Dit blyk na vore te kom dat die persoon met ernstige gehoorverlies wel ongemaklike situasies mag beleef en minder opbouende verhoudings mag ervaar, maar dat dit belangrik is om gesonde maniere te ontwikkel om dit te hanteer (Sheridan, 2001: 223).

Die bogenoemde laat blyk dat suksesvolle integrering van persone met ernstige gehoorverlies in aktiwiteite en sosialiseringsaksies in die breër gemeenskap sekere vaardighede en aanpassings van die kant van die persoon met ernstige gehoorverlies, sowel as van die persone met goeie gehoor, vereis. Bain et al. (2004:124) meld dat meeste persone met ernstige gehoorverlies strategieë ontwikkel, wat interaksie met hul portuur fasiliteer en die gevoel van isolasie verminder. Hierdie strategieë is onder andere verbetering van spraak- en spraakleesvaardighede, aanpassing by die omgewing om optimale kommunikasie te verseker, en om alternatiewe vorme van kommunikasie te gebruik, soos om te skryf. Betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite soos sport en kulturele bedrywighede help die persoon met ernstige gehoorverlies om met hul portuur in interaksie te tree. Hy meld ook dat 'n uitgaande persoonlikheid 'n bate is en dat persone met ernstige gehoorverlies dit behoort te benut om vreemdelinge aan die begin van 'n gesprek in te lig oor hul gehoorbeperking. Binne die werksituasie kan daar ook van interpreteerders en tolke gebruik gemaak word om die kommunikasiegaping te oorbrug (Bain et al., 2004:124 – 125). Jambor en Elliot (2005:67) meld dat persone met ernstige gehoorverlies moet aanpassings maak en strategieë ontwikkel wat hul selfkonsep in die horende wêreld 'beskerm' en tot uiting laat kom, ter wille van oorlewing in die breër samelewing. Min navorsing is nog werklik oor die oorlewingstrategieë van die persoon met ernstige gehoorverlies gedoen. Die strategieë is al wel geïdentifiseer, maar die benutting en gebruik daarvan is nog min nagevors.

Dit blyk belangrik te wees om aan leerders met ernstige gehoorverlies al die nodige ondersteuning te verskaf, sodat hulle al die moontlike bates wat tot hul beskikking is, kan benut in situasies waar die meerderheid deelnemers nie gehoortekorte het nie. Onderwysers en ouers is dikwels geneig om nie kinders met ernstige gehoorverlies te ondersteun om dinge vir hulself te doen nie, maar om dit vir hulle te doen. Die situasie blyk meer negatiewe gevolge vir persone met ernstige gehoorverlies in te hou. Dit ontneem hul van selfstandigwording. Jeugdiges met ernstige gehoorverlies moet gefasiliteer word, om 'n meer volwasse self-identiteit binne hulleself te ontdek (Corcer, 1996:202). Erting (1987:131) meld dat die persoon met ernstige gehoorverlies se pogings om aan die horende wêreld se standaarde te voldoen spanning veroorsaak, maar dit daag ook oorlewing en vasberadenheid uit.

1.2 VRAAGSTELLING

1.2.1 Die navorsingsvraag

Die navorsingsvraag kan as volg gestel word:

- Hoe ontwikkel die adolessent met ernstige gehoorverlies sosiale verhoudings met sy/haar normaalhorende portuurgroep?

1.2.2 Subvrae

- Watter bates benut adolessente met ernstige gehoorverlies tydens hul sosiale interaksie met hul normaalhorende portuurgroep?
- Watter hindernisse kom voor tydens die sosiale interaksie van adolessente met ernstige gehoorverlies met hul normaalhorende portuurgroep?
- Watter strategieë volg adolessente met ernstige gehoorverlies en watter aanpassings maak hulle , tydens hul sosiale interaksie met hul normaalhorende portuurgroep?
- Watter aanpassings moet normaalhorende adolessente maak, tydens hul sosiale interaksie met hul portuurgroep met ernstige gehoorverlies?

1.3 DOEL VAN NAVORSING

Die hoofdoelstelling van die navorsing is om die ontwikkelende sosialisering van adolessente met ernstige gehoorverlies met hul normaalhorende portuur te begryp en te beskryf.

Die ***subdoelstellings*** is geformuleer ten einde die hoofdoelstelling in fyner fasette te realiseer.

- Begryping en beskrywing van die bates wat adolessente met ernstige gehoorverlies benut tydens hul sosialisering met hul normaalhorende portuurgroep.
- Begryping en beskrywing van die hindernisse wat tydens die sosialisering van adolessente met ernstige gehoorverlies met hul normaalhorende portuurgroep na vore kom.
- Begryping en beskrywing van die strategieë en aanpassings wat adolessente met ernstige gehoorverlies maak tydens hul sosialisering met hul normaalhorende portuurgroep.
- Begryping en beskrywing van die aanpassings wat die normaalhorende adolessente moet maak tydens hul sosialisering met hul adolessente portuurgroep met ernstige gehoorverlies.

1.4 BEGRIPSVERHELDERING

Adolessensie kan gesien word as die lewensfase tussen kind en grootmens wat met verskillende ontwikkelingstake gepaard gaan, wat die adolessent met ernstige gehoorverlies ook moet hanteer en deurleef (Venter, 2004:2). In hierdie studie gaan adolessente betrek word in die ouderdomsgroep 14 tot 19 jaar.

Adolessente met ernstige gehoorverlies

Volgens Kapp (1994:333 - 334) kan persone met gehoorverlies volgens die ernstigheidsgraad van die gehoorverlies in drie areas onderskei word. Die eerste is persone met ’n gedeeltelike gehoorverlies van onder 35 desibel, wat binne perke van die spraakfrekwensie val. Die volgende area is persone met matige gehoorverlies, wat wissel tussen 36 en 65 desibel en binne perke van die spraakfrekwensie val. Die derde area is persone met ’n gehoorverlies van 65 desibel en meer, wat nie meer binne die spraakfrekwensie val nie en taal nie normaalweg aanleer nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die areas nie verabsoluteer kan word nie (Kapp, 1994:334). Die deelnemers van hierdie studie val binne die kader van die derde area.

Sosialisering

Brim and Wheeler (In Meadow-Orlans, 1987: 29) stel die volgende definisie van sosialisering voor: “It includes the processes by which children acquire knowledge, skills and dispositions that make them more or less able members of their society.” Volgens Bekker (1987:59) is sosialisering ’n lewenslange proses van persoonlike ontwikkeling. Hy meld ook dat sosialisering, die leerproses en die portuurgroep ’n skakel vorm wat persoonlike ontwikkeling beduidend beïnvloed. Dit is veral belangrik by persone met ernstige gehoorverlies, aangesien dit hulle vermoëns versterk om hulself beter binne die breër samelewing te kan handhaaf. (Bekker, 1987:60). In die voorgenome studie word na sosialisering verwys as die sosiale interaksie wat plaasvind tussen portuurgroeplede (hetsy normale gehoor of ernstige gehoorverlies) tydens groepsaktiwiteite.

Sosiale aktiwiteite of aksies verwys na sosiale aktiwiteite wat binne en buite skoolverband plaasvind, soos sport, dans, kulturele bedrywighede, kerklike bedrywighede en kursusse vir persoonlike verryking, asook kursusse vir verdere opleiding.

Sosiale funksionering

In hierdie studie word sosiale funksionering as begrip gebruik om enige vorm van interaksie wat plaasvind tussen die adolessent met ernstige gehoorverlies en sy/haar normaalhorende portuurgroep, te beskryf. Uit ervaring maak ek die aanname dat kommunikasie tussen die groepe wel ’n beperkende faktor mag wees, daarom word enige vorm van interaksie tussen die genoemde groepe ondersoek om hulle sosiale interaksie beter te begryp.

Aanpassings

Binne die konteks van hierdie studie kan aanpassings gesien word as die handeling om die interaksie tussen adolessent met gehoorverlies en sy normaalhorende portuur te vergemaklik, byvoorbeeld om gesigkontak te behou. Die aanpassings behoort van beide partye te geskied.

1.5 METODOLOGIE

1.5.1 Paradigmatiese begronding

Die paradigma van 'n studie kan beskou word as die breë teoretiese begronding van die studie en is van hulp vir die navorser om sy/haar funksie binne die kader van grondige navorsing te bepaal. Die voorgenome studie val hoofsaaklik binne die kwalitatiewe interpretivistiese paradigma. Kwalitatiewe navorsers fokus op die fenomeen binne hulle natuurlike omstandighede. Die navorser is interaktief betrokke en deel die sosiale ervarings van die deelnemers wat bestudeer word. Ten tweede bestudeer kwalitatiewe navorsers die fenomene binne hul kompleksiteit/multifasettigheid. (Leedy & Ormrod, 2005:133; Mcmillan & Shumacher, 1997:392; Swanson, 1997:90). Die sosiale aktiwiteite van die deelnemers sal binne hul natuurlike omstandighede observeer word, om sodoende adolessente met ernstige gehoorverlies se sosiale omstandighede binne die breër samelewing, beter te begryp. Mertens en McLaughlin (1995:46) beweer dat kwalitatiewe navorsing meer besonderhede oor die uniekheid van die persone met gestremdhede se omstandighede verskaf. Dit versterk ook die keuse om die studie vanuit die kwalitatiewe metodologie te benader, aangesien die deelnemers se spesiale omstandighede deurgaans in ag geneem sal word.

Die interpretivistiese paradigma erken die subjektiewe ervarings (realiteite) van persone as geldig, kompleks, sosiaal gekonstrueer en neem dit ernstig op (ontologie). Interpretivistiese navorsers glo dat hulle persone se ervarings en gedrag kan verstaan, deur in interaksie met hulle te tree en na hulle te luister, deur byvoorbeeld onderhoude en observasies (Adams, Collair, Oswald & Perold, 2004:356). Tydens hierdie studie gaan in-diepte observasies en semi-gestruktureerde onderhoude gebruik word, om die deelnemers se sosiale konteks beter te begryp en te beskryf. Hierdie paradigma speel 'n belangrike rol om die ontwikkeling en opvoeding van leerders met spesifieke en spesiale onderwysbehoeftes, beter te begryp (Mertins & McLaughlin, 1995:49). Dit is daarom gepas om die voorgenome studie oor adolessente met ernstige gehoorverlies binne die kader van hierdie paradigma te beskou, aangesien dit die deelnemers se spesifieke en spesiale omstandighede en behoeftes in ag sal neem en probeer begryp hoe hulle sosiaal funksioneer met hul normaalhorende portuurgroep binne die breër gemeenskap.

Interpretivisme maak baie op die taal en interaksie van persone staat. Aangesien die kommunikasie onder die deelnemers van die studie vanweë hul gehoorverlies beperk mag wees, word daar ook na ander vorme van interaksie, soos liggaamstaal, gesigsuitdrukkings, oogkontak en fisiese kontak gekyk. Dus sal daar in die studie gepoog word om die deelnemers se totale interpretasies van die sosiale verhoudinge in die totale konteks weer te gee.

1.5.2 Navorsingsontwerp

Navorsers vanuit die interpretivistiese perspektief maak van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik. Kwalitatiewe navorsers bestudeer die fenomeen binne die natuurlike konteks, en poog om inligting beter te verstaan en te interpreteer in terme van die betekenis(se) wat mense daaraan toevoeg (Denzin & Lincoln, 2000:3).

Die kwalitatiewe navorsingsontwerp wat in hierdie studie nagevolg word, is 'n meervoudige gevallestudie. 'n Meervoudige gevallestudie fokus daarop om 'n paar gevalle, deur middel van deelnemer-observasies en onderhoude, in diepte te verstaan (Sturman, 1999: 103; Mertins & McLaughlin, 1995:48). McMillan en Schumacher (1997: 393) noem dat die hoofdoelwit van 'n meervoudige gevallestudie is om bepaalde situasie(s), proses(se) of gebeure te analiseer, te begryp en te verstaan. In hierdie studie word daar gepoog om adolessente met ernstige gehoorverlies se sosiale interaksie met hul normaalhorende portuur beter te begryp en te beskryf.

1.5.3 Die deelnemers

Vier deelnemers sal volgens maksimum-variasie steekproefneming gekies word (Shumacher & McMillan, 1997:398). Al die deelnemers sal geselekteer word met 'n ernstige graad van gehoorverlies binne die ouderdomsgroep van middel tot laat adolessensie (14 – 19 jaar).

Daar sal ook moontlik van 'n geregistreerde tolk gebruik gemaak word vir deelnemers wat van gebaretaal as kommunikasiemedium gebruik maak.

1.5.4 Data-insameling

Data-insameling sal oor 'n tydperk van een tot twee maande geskied in die vorm van observasies tydens die buitemuurse en/of informele sosiale bedrywighede van die deelnemers, asook onderhoude met die deelnemers, ouers en 'n vertrouenspersoon (vriend, onderwyser, afrigter). Die studie sonder nie spesifieke sosiale bedrywighede af nie, aangesien die deelnemers uniek is en aan verskillende buitemuurse en sosiale bedrywighede deelneem. Data sal op die volgende wyses ingesamel word

Observasies

Die deelnemers sal in hul natuurlike opset observeer word tydens buitemuurse bedrywighede en informele sosiale aksies waarin hul huidiglik betrokke is, byvoorbeeld kerk bedrywighede, informele sport, dans ens. Die aksies sal geselekteer word na samespreking tussen elke deelnemer en die navorser.

Ek as navorser sal 'n buitestaander-observeringsfunksie verrig tydens die geleenthede en 'n veldjoernaal en refleksies byhou van wat presies tydens die sosiale interaksies gebeur.

Met die nodige goedkeuring sal video-opnames van die sosiale aksies gemaak word, ten einde my eie gehoorverlies te akkommodeer en veld-notas en refleksies na die tyd te kan opstel. Dit is ook 'n hulpmiddel vir my as navorser om die relevante inligting, buiten gesproke woorde te bekom. In hierdie studie is dit veral van belang, aangesien die deelnemers met ernstige gehoorverlies van bykomende strategieë van interaksie (soos gesigsuitdrukkings, liggaamstaal, oogkontak en fisiese kontak) gebruik maak.

Semi-gestruktureerde onderhoude

Daar sal ook semi-gestruktureerde onderhoude met die deelnemers, 'n ouer en 'n vertrouenspersoon gevoer word. Die onderhoud met die deelnemer sal moontlik ook refleksie oor 'n gekose snit van 'n video-opname wat tydens observasie gedoen is insluit. Die onderhoud het ook ten doel om die inligting van die sosiale aksies wat plaasgevind het, te verifieer en die deelnemers se persoonlike interpretasie daarvan te kan weergee.

1.5.5 Data-analise

Tydens die proses van data-analise sal ek van gerigte tematiese-analise en interpretasie gebruik gemaak. Volgens Mcmillan en Schumacher (1997:533) identifiseer hierdie tipe analise die temas in individuele gevalle en sintetiseer die temas dwarsoor verskillende gevalle, wat begrip vir die hipotese wat ondersoek word meebring.

Tydens die laaste fase van data-analise sal die vier gevalle met mekaar vergelyk word deur die proses van analitiese vergelyking. Tydens die proses sal daar na ooreenkomste sowel as uniekhede tussen die gevalle gekyk word.

1.6 TEORETIESE BEGRONDING

Die teoretiese raamwerk wat die interpretasie van die studie sal onderlê is die bio-ekologiese benadering. Die konseptuele raamwerk vir die bio-ekologiese model is hoofsaaklik deur Bronfenbrenner daargestel. Volgens Swart en Pettipher (2005:10) kan die bio-ekologiese model gesien word as 'n multidimensionele model van menslike ontwikkeling. Hierdie model impliseer dat daar verskillende lae van interaktiewe sisteme bestaan wat in verandering, groei en ontwikkeling resulteer, op biologiese, kulturele, psigologiese en sosiale gebiede (Swart & Pettipher, 2005:10; Losardo & Notari-Syverson, 2001:8-10).

Hierdie model het ten doel om die individu in verband met hul sosiale konteks te beskryf. Die kind kan nie in isolasie van die gesin en die breër gemeenskap, asook van die sosiale reëls en norme wat daar gestel is, gesien word nie. Die voorafgenoemde faktore beïnvloed die kind hetsy direk of indirek en sodoende beïnvloed die kind ook die verskillende sisteme. Op dieselfde wyse beïnvloed die adolessent met ernstige gehoorverlies sy/haar direkte omgewing en breër samelewing en beïnvloed die sisteme die adolessent ook. Die model het ook begrip teweeg gebring dat die algemene ontwikkelingsuitdagings nie afsonderlik van die meer spesifieke uitdagings wat sosiale aspekte en hindernisse tot leer aanspreek, beskou kan word nie (Swart & Pettipher, 2005:10). Al die uitdagings moet in konteks met die verskillende interaktiewe sosiale sisteme en met die breë sosiale sisteem beskou word.

1.7 VERTROUBAARHEID VAN DIE NAVORSING

Lincoln en Guba (1989 in: Martins en McLaughlin, 1995:52) stel die volgende ekwivalente terme met betrekking tot betroubaarheid en geldigheid in kwalitatiewe navorsing voor: *"credibility with internal validity, transferability with external validity, dependability with reliability en confirmability with objectivivity"*. Volgens hulle het kwalitatiewe navorsers 'n addisionele kategorie van *"authenticity"* ingebring (Patton, 2002:546). Dit sal vervolgens op hierdie studie van toepassing gemaak word.

Tydens die studie sal deelnemers gekies word wat oor goeie spraakvaardighede en oor gebaretaal, met minder goeie spraakvaardighede beskik, om goeie geloofwaardigheid en variasie te verseker. Daar sal ook deurentyd in die studie verskeie bronne geraadpleeg word om die konstantheid van die data wat ingesamel is mee te verifieer. Dit sal veral op die feitlike inligting van die studie toegepas word.

Dit is belangrik om in die studie 'n akkurate beskrywing van die unieke sosiale kontekste waarin die adolessente met ernstige gehoorverlies observeer is te gee, om te verseker dat die

resultate op toepaslike situasies van toepassing gemaak kan word en nie breedweg veralgemeen sal word nie.

In die studie sal deurgaans gepoog word om gebalanseerde sienings van die perspektiewe, waardes, geloof en beginsels van die deelnemers weer te gee. Ek sal deurentyd aktief betrokke by die sosiale aksies van die deelnemers wees, om die data te verifieer en om te verseker dat die sienswyses van die deelnemers akkuraat oorgedra word, om goeie geloofwaardigheid te verseker. Om die rede sal die analisering van die data ook met die deelnemers self geverifieer word. Ek sal die analises en observasies ook met my studieleier en 'n kollega bespreek om verdere geloofwaardigheid te verseker en my persoonlike oordeel te minimaliseer. Ek sal deurgaans in die studie poog om balans, regverdigheid, volledigheid en sensitiwiteit vir die deelnemers na te streef (Leedy en Ormrod, 2005:138).

1.8 ETIESE OORWEGINGS

Ingeligte toestemming

Die deelnemers en hul ouers sal deeglik ingelig word van die funksie van my navorsing en waarna ek gaan kyk, tydens die sosiale aksies, alvorens skriftelike toestemming en instemming tot deelname aan die studie verleen word.

Veiligheid tydens deelname aan die studie

Dit is die etiese verantwoordelikheid van my as navorser om die deelnemers van enige skade, hetsy fisies of emosioneel, te beskerm tydens die deelname aan die studie (Leedy & Ormrod, 2005:101).

Die deelnemers sal deeglik oriënteer word ten opsigte van die verloop van die studie en hul betrokkenheid daarby. In die studie word die risiko's tot die minimum beperk, aangesien ek as navorser as buitestaander die sosiale aksies van die deelnemers observeer en nie direk betrokke by die bedrywighede is nie. Die organisasies wat die aksies aanbied, aanvaar dus verantwoordelikheid vir enige fisiese skade wat die deelnemers mag opdoen.

Tydens die onderhoude sal daar gepoog word om die gesprek gemaklik te laat verloop. Daar sal ook 'n tolk beskikbaar wees vir deelnemers wat daarvan gebruik wil maak. Volgens die etiese beginsels van my as navorser word die deelnemers gerespekteer en word gepoog om wedersydse vertroue tussen navorser en die deelnemers te skep.

Konfidensialiteit en vertroulikheid

Die inligting wat tydens die studie verwerf word sal konfidensieel gehou word. Die deelnemers sal anoniem bly en skuilname sal in die studie gebruik word.

Onttrekking van studie

Tydens die eerste ontmoeting sal dit aan die deelnemers duidelik gemaak word dat hul nie verplig is tot deelname aan die studie nie en dat hul op enige tydstip van die studie mag onttrek.

1.9 UITLEG VAN HOOFSTUKKE

Hoofstuk 1 omvat die inleiding, doel en rasionaal van die studie. In die hoofstuk is die navorsingsvrae (hoofvraag en subvrae) asook die hoofdoel en subdoelstellings van die studie uiteengesit. Die navorsingsparadigma, die –ontwerp en die navorsingsmetodologie van die studie is ook in die hoofstuk kortliks bespreek. ***Hoofstuk 2*** sal die konseptuele/teoretiese raamwerk van studie beskryf en belangrike literatuur oor die adolessent met ernstige gehoorverlies asook oor die bio-ekologiese model weergee. In ***hoofstuk 3*** sal op die navorsingsproses klem gelê word. Die paradigma, navorsingsontwerp, en die navorsingsmetodologie, asook die beperkinge van die studie sal in diepte bespreek word. ***Hoofstuk 4*** sal die bevindinge en resultate van die studie beskryf. Die wyse waarop die navorsingsbevindinge geïnterpreteer en ge-analiseer is, sal ook verskaf word. ***Hoofstuk 5*** sal bestaan uit ’n samevattende bespreking van die gevolgtrekkings van die studie. Daarna sal die beperkinge van die studie weergee word en aanbevelings vir moontlike toekomstige navorsing gemaak word.

HOOFSTUK 2

BESKRYWING VAN DIE SOSIALE KONTEKS VAN DIE ADOLESSENT MET ERNSTIGE GEHOORVERLIES EN DIE BIO-EKOLOGIESE MODEL VAN ONTWIKKELING

2.1 INLEIDING

Tydens my literatuurbespreking word daar gepoog om 'n oorsig oor die relevante en verwante literatuur met betrekking tot die studie te bied. Gedurende die proses het ek myself vereenselwig met wat reeds in die literatuur bekend en geïdentifiseer is, maar ook gesoek na wat nog nie nagevors is oor die sosiale aanpassing van adolessente met ernstige gehoorverlies nie. Die inligting is bestudeer voor die data invorderingsproses en verskaf 'n grondige basis vir my studie.

Binne hierdie hoofstuk sal hoofsaaklik gefokus word op die sosio-emosionele ontwikkeling van adolessente met ernstige gehoorverlies, om te verstaan hoe die jeugdiges se gehoorverlies hul sosiale ontwikkeling beïnvloed. Vervolgens sal daar ook gekyk word na die invloed van die ouerhuis en opvoedkundige sisteem op die sosiale ontwikkeling van die adolessent met ernstige gehoorverlies. Dit is ook 'n belangrike aanknopingspunt met die bio-ekologiese model. Daar sal ook gekyk word hoe die kommunikasiesituasie die adolessent met ernstige gehoorverlies se sosiale ontwikkeling en aanpassing affekteer, aangesien kommunikasie die basis van gesonde sosiale verhoudinge is. Ek het dit ook goed gedink om die sosialiseringsgedrag van adolessente met ernstige gehoorverlies aan te raak, aangesien dit 'n belangrike invloed het op hul interaksie met hul portuur wat normaal kan hoor. Vervolgens is dit ook belangrik om die persepsies van mekaar, binne die breër samelewing van beide die adolessente met ernstige gehoorverlies en van hul portuur met normale gehoor in oënskou te neem. Daarna word gekyk na die aanpassingstrategieë wat adolessente met ernstige gehoorverlies benut en hoe hul in die breër samelewing geïntegreer kan word. Heel laaste word die bio-ekologiese model van ontwikkeling ter toeligting bespreek.

2.2 SOSIO-EMOSIONELE ONTWIKKELING VAN ADOLESSENTE MET ERNSTIGE GEHOORVERLIES.

2.2.1 Oriëntering

"The social approach to deafness seeks to understand that constuction and reconstruction and, in doing so, enchancement of deaf people's lifes. That is a challenge of a social approach – to understand the creation of deaf and hearing people of the social reality of deafness and to aid in its remarking"(Higgens & Nash, 1987).

Adolessente beweeg in 'n oorgangsfase tussen kind en volwassene, wat met verskeie ontwikkelingstake gepaard gaan. Die adolessent met ernstige gehoorverlies beweeg ook deur dieselfde ontwikkelingsfase, tesame met hul gehoorverlies wat hul moet aanvaar en verwerk (Venter, 2004: 4). Du Plessis (1999:3) identifiseer struikelblokke waarvoor adolessente met ernstige gehoorverlies te staan kom, nl.: outonomie, selfidentiteit, affiliasie met die portuurgroep, fisiologiese veranderinge en beroepsvoorbereiding.

Jambor en Elliott (2005:64) verwys na persone in die VSA met ernstige gehoorverlies as " a group of people who share the same values and practices based on the common experience of being deaf in a hearing world and use a distinct language, American sign language." Volgens Kapp (1994:333 - 334) kan persone met gehoorverlies volgens die ernstigheidsgraad van die gehoorverlies in drie groepe onderskei word, nl. persone met 'n gedeeltelike gehoorverlies van onder 35 desibel, wat binne perke van die spraakfrekwensie val. Die volgende groep is persone wat is, met 'n gehoorverlies wat wissel tussen 36 en 65 desibel, wat ook nog binne perke van die spraakfrekwensie val. Die derde groep is persone met 'n gehoorverlies van 65 desibel en meer, wat nie meer binne die spraakfrekwensie val nie en taal nie normaalweg aanleer nie (Kapp, 1994:334). Hulle word hoofsaaklik as persone met ernstige gehoorverlies of doofheid gesien. Die deelnemers aan die studie val hoofsaaklik binne die kader van die laaste groepering. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die areas nie verabsoluteer kan word nie en slegs as 'n riglyn dien om tussen die ernstigheidsgraad van gehoorverlies te kan onderskei.

Nikolaraizi en Kadjikakou (2006:478) identifiseer drie basiese identiteitspatrone wat onder jeugdiges met ernstige gehoorverlies voorkom. Dit is die horende identiteit, kultureel dowe identiteit en die bi-kulturele identiteit. Leerders wat meer 'n horende identiteit aanvaar, word hoofsaaklik binne 'n horende omgewing onderrig. Verskeie studies het bevestig dat gedurende die kritieke tyd van adolessensie en identiteitsvorming het dié kinders op verskeie maniere verwerp gevoel. Hulle voel een van die eienskappe wat hul identiteit vorm en onderskei van individue van die dowe kulturele groepering, is die gebruik van gesproke taal. Hulle verwerp bykans die aanvaarding van die dowe identiteit as potensiële rolmodel (Breivick, 2005; Israelite et al., 2002; Kent, 2003; Stinson & Liu, 1999 in: Nikoaraizi & Hadjikakou, 2006: 478.); http://www.deafsa.co.za).

Die adolessente wat die dowe identiteit aanvaar, is hoofsaaklik in gespesialiseerde skole vir persone met doofheid en ervaar 'n gelukkige sosiale lewe hoofsaaklik tussen eenderse maats

met ernstige gehoorverlies. Sheridan (2001:36) meld dat navorsing getoon het dat adolessente met ernstige gehoorverlies geneig is om grense te ontwikkel wat hul van die invloede van die horende kultuur distansieer, waarom hul dan hul eie perspektief en kulturele konteks bou (http://www.deafsa.co.za).

Leerders wat die bi-kulturele identiteit aanvaar, word ook hoofsaaklik binne 'n horende omgewing onderrig, maar ontmoet en het ook interaksie met leerders wat die dowe kulturele identiteit aanvaar. Die blootstelling aan beide kulture blyk waardevolle ervaringe in terme van kommunikasie, verhoudinge en toegang tot kennis, vir die leerders teweeg te bring. Binne hierdie benadering word gebaretaal apart van geskrewe taal gehou. Gebaretaal word wel as eerste taal van leerders met ernstige gehoorverlies gerespekteer en ook as onderrigtaal gebruik. Jeugdiges binne hierdie kulturele groepering blyk meer positief teenoor gebaretaal en die dowe kultuur te wees. Leerders moet blootstelling aan kinders met gehoorverlies en gebaretaal verkry om die bi-kulturele kultuur en opvoedkundige programme te vestig (Nikolaraizi & Kadjikakou, 2006:479; http://www.deafsa.co.za). Dit sal adolessente met ernstige gehoorverlies motiveer om met meer selfvertroue in beide die dowe kulturele groepering en breë normaalhorende gemeenskap te kan funksioneer.

Adolessente met ernstige gehoorverlies het vandag die geleentheid om hul eie identiteit ongeag hul graad van doofheid en kulturele oorweging te kies (Sheridan, 2001:21; Kiff & Bond, 1997:23). Die adolessent met ernstige gehoorverlies konstrueer sy identiteit na aanleiding van sy posisie/status ten opsigte van die dowe of horende portuur (Israelite, Ower & Goldstein, 2002:144). Israelite et al. (2002:322) meld dat leerders met ernstige gehoorverlies 'n identiteit behoort te ontwikkel, wat hulself onderskei van om kultureel doof te wees, maar wat terselfdertyd hul spesiale en spesifieke behoeftes akkommodeer. Die keuse berus egter by die adolessente met ernstige gehoorverlies, binne watter kulturele groepering hul die gemaklikste voel (Israelite, Owen & Goldstein, 2002; Kiff & Bond, 1997:23). Kent (2003: 322) meld ook dat 'n sosiale netwerk van ouers, vriende en familie nodig is om waarde aan hul identiteit te gee. Hierdie jeugdiges het deurgaans 'n ondersteuningsnetwerk nodig om hul emosioneel te laat ontwikkel en ook die hindernis waarmee hul moet saamleef te kan normaliseer' en effektief te hanteer.

Die jeugdige met ernstige gehoorverlies se persepsies van die wêreld rondom hulle, hul sosiale en emosionele response verskil van hul portuurlid met normale gehoor, aangesien die mate hoe die sosiale vaardighede en kennis ingewin word, van mekaar verskil. Kent en Smith

(2006:2) maak die stelling dat selfstigmatisasie 'n kernprobleem is om die sosiale identiteit van persone met ernstige gehoorverlies te vestig. 'n Mens kan jouself maklik identifiseer in terme van wat jy nie is nie, maar om 'n positiewe sin vir selfidentiteit te ontwikkel is moeiliker (Kent & Smith, 2006:2).

Die sosiale ontwikkelingsaspek sluit belangrike ontwikkelingsareas in, naamlik: emosionele, interpersoonlike en morele ontwikkeling (Venter, 2004:4). Adolessente met gehoorverlies toon 'n lae emosionele sekuriteit, wat grootliks weens swak sosiale verhoudinge veroorsaak word (Israelite et al., 2002:322; Kiff & Bond, 1997:25). Die emosionele aspekte van jeugdiges met ernstige gehoorverlies bly kompleks en hang grootliks af van hoe die ouers en adolessent self, dit hanteer en verwerk (Aveling, 2005:53).

Navorsing bevestig dat almal verbonde is aan verskeie sisteme binne die omgewing waarbinne ons leef, en so ook mense met gehoorverlies en 'n mens kan hul nie daarvan skei nie (Sheridan, 2001:35). Volgens Venter (2004:4) bestaan daar 'n wye verskeidenheid kontekste wat 'n invloed op die algemene ontwikkeling van die adolessent met gehoorverlies het, waaruit onder meer die gesin, sosiale en skoolopset uitgelig kan word. Dit word vervolgens meer in diepte bespreek.

2.2.2 Die invloed van die gesin

Ouers wat normaal kan hoor, wat kinders met 'n gehoorverlies moet grootmaak, ervaar groot veranderinge in hul lewens, veranderinge wat hul begrip van hulself as ouers uitdaag (Erthing, 1987:137). Meeste kinders met ernstige gehoorverlies word binne horende gesinne gebore. Min gesinne en families het ervaring van gehoorgebreke voor die geboorte van hul kind met gehoorverlies. Die verhouding word dikwels gekenmerk deur verwerping en vernedering as gevolg van die probleme en onsekerhede met betrekking tot kommunikasie tussen ouer en kind (Kiff & Bond, 1997:16). Nash en Nash (1987:103) meld dat weens die kommunikasiebeperking van persone met gehoorverlies, die vraag ontstaan of 'n normale gesinslewe moontlik is.

Volgens Nash en Nash (1987:117) word die algemene aanvaarde fondasies van die gesinslewe uitgedaag wanneer 'n gesinslid met gehoorverlies bykom. Adolessente met gehoorverlies kan volgens Venter (2004:3) op verskeie wyses die gesinsisteem beïnvloed. Dit kan spanning in die huwelik veroorsaak of ouers kan hierdeur nader aan mekaar beweeg. Dit het ook 'n effek op die sibbe (broers of susters). Jeugdiges met gehoorverlies kan erge emosionele spanning by hulle tot gevolg hê. Daar kan onbewustelik hoër eise deur die ouers

aan die sibbe wat normaal kan hoor gestel word. Die sibbe kan moontlik ook skaam/selfbewus voorkom, omdat hul 'n broer of suster het wat minder goed kan hoor. Ten slotte kan die adolessent met gehoorverlies self ook meer emosioneel reageer (Venter, 2004:3). Volgens Nash en Nash (1987:107) is daar 'n groter sosiale spanning by moderne ouers en hul kinders met gehoorverlies te bespeur, wat nie by ouers met kinders wat normaal kan hoor waargeneem word nie. 'n Moontlike rede wat daarvoor aangevoer kan word is dat daar altyd die risiko van 'n stigma bestaan wat aan die kind met gehoorverlies of sy gesin toegedig kan word (Nash & Nash, 1987:107).

Navorsing toon dat swak ouer-kind kommunikasie en ouers se gebrekkige aanvaarding en oningeligtheid van hul kind se gehoorverlies, 'n groot invloed op die psigiese ontwikkeling van hul kind het (Marsharck, 1997 in Aveling, 2005:52). Dit is baie belangrik dat ouers die sosiale betekenis van hul kind se gehoorbeperking moet verstaan. Ouers en kinders moet aanvaar dat daar geen kits kuur vir doofheid is nie. Nie die beste tegnologie kan die ongemak uit situasies verwyder en die hindernis van sosiale isolasie oplos van hul kind met ernstige gehoorverlies nie. Dit is verstaanbaar dat dit nie maklik vir ouers is om in die normale sosialiseringsgedrag van hul kind betrokke te raak, wanneer hulle bekommerd, onseker, en moedeloos oor die gesondheid en normale ontwikkeling van hul kind is nie (Meadow-Orlans, 1987:37).

Aan die ander kant ervaar ouers wat self 'n gehoorbeperking het dit as 'n gegewe dat hul kind ook 'n gehoorverlies sal hê. Hulle is hoofsaaklik bekommerd oor dinge wat hul kind met gehoorverlies binne die breër samelewing sal moet verdra en hul beperkte werksmoontlikhede (Erthing, 1987:135). Volgens Meadow-Orlans (1987:41) is ouers met 'n gehoorverlies ook meer gemaklik en positief teenoor hul kind se vermoë om onafhanklik sy/haar staan in die breër samelewing te kan maak.

Weens die eise van die moderne samelewing is ouers geneig om minder tyd aan hul kinders te spandeer, terwyl daar in kontras van ouers met kinders met gehoorverlies verwag word om meer tyd aan hul kind se opvoeding te spandeer. Ouers met 'n kind met gehoorverlies word geforseer om hul keuses rondom hul kind met gehoorverlies se beswil te rekonstrueer (Nash & Nash, 1987:115). Ouers moet genoeg tyd spandeer om aan te pas by die veranderinge en komplikasies wat 'n kind met gehoorverlies meebring (Aveling, 2005:48). Hintermair (2006:493 - 513) meld ook dat psigiese ondersteuning en aanvaarding deur die ouers van hul veranderde lewensituasie deurgaans baie belangrik is.

Aveling (2005:51) meld ook dat ouers geneig is om oorbeskermend oor hul kind met gehoorverlies te wees en sukkel om die balans tussen beskerming en betrokkenheid by hul kind met gehoorverlies, te handhaaf. Bevindinge toon dat ouers meer optimisties is oor hul kind se sosiale aanpassing as die adolessent met gehoorverlies self (Aveling, 2005:51). Jeugdiges blyk dus meer probleme en ongelukkigheid in hulle sosiale aanpassing te ervaar as wat hulle opsigtelik voorgee.

Volgens Kiff en Bond (1997:16) is ouers andersyds geneig om baie ferm te wees en hul kind met gehoorverlies te oor dissiplineer, met die doel om die kind beter te beheer. Om die rede word die adolessent met gehoorverlies ook nie geleer om verantwoordelikheid vir sy dade te neem nie, omdat hy/sy die heeltyd deur iemand anders gekontroleer word. Die jeugdige met ernstige gehoorverlies het nie altyd geskikte rolmodelle nie, daarom mag dit wees dat hulle die rol behou wat hul ouers, wat normaal kan hoor, voorstaan en waarvolgens hul opgevoed is (Kiff & Bond, 1997:17). Om die redes blyk adolessente met gehoorverlies ook ’n minder goeie verantwoordelikheidsin te ontwikkel.

Meadow-Orlans (1987:47) meld dat navorsing toon dat ouers wat goed ingelig is oor hul kind se vordering en wat onafhanklikheid van hul kind met gehoorverlies voorstaan, die beste potensiaal in hul kind met gehoorverlies na vore bring. Doelwitte van selfaanvaarding, alternatiewe van volwasse funksionering en gesonde sosialisering, blyk die mikpunte van enige ouer te wees, so ook vir ouers met kinders met gehoorverlies (Meadow-Orlans, 1987:54). Familiebetrokkenheid is een van die betekenisvolste faktore in die ontwikkeling en identiteitsvormingsjare van die adolessent met gehoorverlies (Kent & Smith, 2006:8).

Hintermair (2006:493 - 513) is van mening dat ouers bemagtig moet word met spesifieke vaardighede om hul kind met gehoorverlies te akkommodeer en effektief te kan hanteer. Hy meld ook dat die natuurlike netwerke van die gesin moet versterk word en ouers moet ingelig word hoe om hul natuurlike netwerk uit te brei, deur byvoorbeeld met ander gesinne wat ook kinders met gehoorverlies het, te skakel. Emosionele versterking en hoogs gekwalifiseerde professionele ondersteuning aan die hele gesin is baie belangrik. Ouers moet bemagtig word om hul kind met gehoorverlies sensitief te maak vir die kommunikasieproses en om die proses te stabiliseer. Dit is baie belangrik om die kind te bemagtig om sy/haar beste kommunikasievaardigheid te bereik, ongeag die modaliteit (hetsy spraak of gebaretaal) (Hintermair, 2005:493 - 513). Dit is belangrik dat ouers en hul kind met gehoorverlies gemotiveerd is en ooreenkom oor ’n algemene taal (gebare of spraak) wat tuis gebruik sal

word. Die vlak van intimiteit is baie groter wanneer 'n algemene taal aangeleer word deur al die gesinslede, soos bevestig deur Mathos & Broussard (2005 : 96-101). Hulle meld ook dat deurlopende ondersteuning en hulpverlening vir die ouers en kind met gehoorverlies noodsaaklik is. Dit help om hul vrese en lewensdoelwitte te erken en skep hoop vir 'n goeie toekoms vir hul kind met gehoorverlies.

2.2.3 Invloed van die skoolopset of opvoedkundige instelling

Bekker (1987:60) noem dat sosialisering, portuur en die leerproses 'n skakel vorm wat persoonlike ontwikkeling beduidend beïnvloed. Leerders met gehoorverlies binne hoofstroom opset, vind die affiliasieproses met hul portuur wat normaal kan hoor vanselfsprekend moeiliker en dit kan die ontwikkeling van 'n gesonde self-identiteit tot 'n mate belemmer (Du Plessis, 1999:5). Volgens Brackett, Maxon en Ross (1991, in Du Plessis, 1999:2) is een van die voordele van hoofstroom-onderwys vir die leerder met gehoorverlies, die blootstelling aan toepaslike sosiale modelle van leerlinge met normale gehoor volgens ouderdomstoepaslike verwagtinge. Byron en Byrne (in Du Plessis, 1999:2) noem die proses "sosiale vergelyking. Dit behels dat die adolessente met gehoorverlies hulself met hul portuur wat normaal kan hoor vergelyk, om te bepaal of hul siening van die sosiale realiteit korrek is (Du Plessis, 1999:2).

Meadow-Orlans (1987:52) beweer dat insluiting van leerders met ernstige gehoorverlies binne hoofstroom onderwys akademies voordelig mag wees, maar emosionele en sosiale probleme kan verhoog. Israelite et al. (2002:36) meld dat integrering in hoofstroom onderwys gevoelens van onsekerheid, isolasie en swak selfbeeld by die leerders met ernstige gehoorverlies laat ontstaan. Navorsing het ook getoon dat leerders met ernstige gehoorverlies geneig is om op neergesien te word binne hoofstroom-skole, min vriende het en negatiewe konnotasies van portuurlede met normale gehoor ontvang. Leerders met gehoorverlies word juis as gevolg van hul beperking van die res van hul normaalhorende portuur geïsoleer. Dit lei dan daartoe dat hul sosiale en kognitiewe ontwikkeling skade ly as gevolg van hul beperking, wat dan aanleiding kan gee tot meer komplekse aanpassingsprobleme (Du Plessis, 1999:24).

Downs (1988 in Du Plessis, 1999:2) noem dat navorsing nie getoon het dat die verhoogde kontak tussen leerders met gehoorverlies en hul portuur wat normaal kan hoor, tot 'n toename in sosiale interaksie lei nie. Inteendeel, hy beweer dat ontoepaslike hoofstroming geneig is om 'n negatiewe uitwerking op beide akademiese en sosiale ontwikkeling te hê. Kats (1994 in Du Plessis, 1999:3) beweer dat identiteitsprobleme onder leerders met gehoorverlies veral binne die hoofstroom voorkom, omdat hulle voel dat hul eintlik binne die dowe kulturele groepering

behoort. Du Plessis (1999:3) beweer dat adolessente binne hoofstroom-onderwys in die minderheid is, aangesien hul "andersheid" probleme skep. Leerders met ernstige gehoorverlies binne hoofstroomprogramme geniet nie noodwendig hul verhoudinge met hul portuur wat normaalhorend is nie. Aan die ander kant word deur verskeie navorsers getoon dat hoofstroming die verhoudings tussen portuurlede wat goed kan hoor en wat minder goed kan hoor, verbeter (Johnson & Johnson, 1986 in Kluwen, Kreimeyer, Crooke, Drye, Egbert & Klein, 2000:182; Stinson & Colarossi, 2002:211).

Die plasing van leerders met spesifieke en spesiale onderwysbehoeftes binne 'n integrerende opset van 'n hoofstroom-skool, is volgens verskeie bronne nie geskikte omstandighede vir die vestiging van positiewe ingesteldhede teenoor kinders met spesiale onderwysbehoeftes en die bevordering van sosiale aanvaarding nie (Kluwin & Gonsher, 1994; McEvoy & Odom, 1996; Odom en Brown, 1993 in Nikolorazi & De Reybekiel, 2001:168). Navorsing het getoon dat leerders met normale gehoor se ingesteldheid dan dieselfde bly of selfs meer negatief raak teenoor hul portuur met ernstige gehoorverlies (Gottlieb, 1980 in Nikolorazi & De Reybekiel, 2001:168). Volgens Kluwen et al. (2002:199) het 33 studies getoon dat leerders met ernstige gehoorverlies tot 'n mate deur hul klasmaats met normale gehoor aanvaar word en dat selfbeeld nie aan die mate van hoofstroming verbonde is nie. Navorsing van Antia en Kreimeyer (1997 in Kluwen et al., 2002:207) het getoon dat portuurlede met gehoorverlies 'n laer vlak van aanvaarding ervaar as hul portuurlede wat normaal kan hoor. Adolessente met gehoorverlies is egter geneig om gefrustreerd te raak binne hoofstroom-opset, aangesien hul meer gemaklik met portuurlede wat ook gehoorverlies ervaar in interaksie tree, maar in die skool dan meestal in kontak is met portuurlede wat normaal kan hoor (Kluwen et al., 2002:205; Kent, 2003:322).

Studies het ook getoon dat die effek van hoofstroming op die affektiewe eienskappe, soos selfkonsep, op karaktertrekke van die individuele leerder en die opleidingsprogram berus. Die verband tussen die twee aspekte is van groot belang (Johnson & Johnson, 1986 in Kluwen et al., 2002:212). Deur die voorafgaande blyk dit duidelik te word dat daar verskeie sienings is oor die integrering van leerders met ernstige gehoorverlies binne hoofstroom-opset en dat daar verskeie voordele en nadele daaraan verbonde is.

Navorsing het getoon dat, ten spyte van die blootstelling aan geleenthede vir individue met gehoorverlies, daar verskeie hindernisse is wat oorkom moet word alvorens volle integrasie in hoofstroom moontlik is (Bain, Scott & Steinberg, 2004:121). Jambor en Elliott (2005:75)

meld dat skoolomstandighede waar leerders met ernstige gehoorverlies in dieselfde skool geïntegreer word as eenderse leerders met ligter grade van gehoorverlies, tesame met leerders met normale gehoor, die ideaal vir die optimale ontwikkeling van hierdie leerders se selfbeeld is en sosiale aanpassing bevorder (Jambor & Elliott, 2005:75; Aveling, 2005;4; Mathos & Broussard, 2005:96-101).

Verskeie navorsers verklaar dat 'n geskikte ondersteuningsisteem van leerders, onderwysers en ouers, kern belangrike komponente van inklusie is. Ouers word dus as fasiliteerders van inklusie gesien. Onderwysers is gewillig om nuwe vaardighede vir die integrering van leerders met gehoorverlies aan te leer en besef dat dit sal tyd neem om die vaardighede te ontwikkel en ten volle te kan toepas (Kreimeyer et al., 2000:183). Mathos en Broussard (2005:96-101) meld dat die leerder met gehoorverlies se taal en akademiese vordering gereeld gemonitor moet word en sy/haar sosiale en emosionele behoeftes ook in ag geneem moet word by die keuse van geskikte skoolplasing (ook Jarvis, 2003 in Kent & Smith, 2006:9).

2.2.4 Invloed van die portuurgroep

Portuursosialisering blyk 'n kerndeel van die gemeenskap van jeugdiges met ernstige gehoorverlies te wees. Die portuurgroep en leerproses het beduidende invloede in die aanpassingsgedrag van die adolessent met gehoorverlies en dit mag hul ervaringe op latere leeftyd affekteer (Bekker, 1987:60 - 73). Mpofu (2003 in Kent & Smith, 2006:9) meld dat sosiale aanvaarding deur portuur-interaksie die effektiefste aspek is om die sosiale status van adolessente met gehoorverlies te verbeter (Kent & Smith, 2006:9). Jambor en Elliott (2005:75) meld dat identifikasie met soortgelyke ander kan die nodige sosiale en emosionele steun verskaf wat dan 'n positiewe impak op die jeugdige se selfbeeld het.

Persone met ernstige gehoorverlies is besonder geheg aan hul eie portuur en hulle vervul verskillende funksies in die adolessent met gehoorverlies se lewe. Dit versterk die identiteit van 'n persoon met gehoorverlies, dit fokus bewustheid op die positiewe aspekte van persone met gehoorverlies en verminder die gevoelens van 'anders' wees. Hegte vriendskap bied die vryheid van self-ekspressie en persoonlike ontwikkeling en bring standvastigheid in persone met gehoorverlies se lewens (Bekker, 1987:70-73).

Bekker (1987:70-73) noem ook dat dit 'n lang tyd vir persone met ernstige gehoorverlies neem om groep-solidariteit te skep, maar wanneer dit eers gevestig is, bestaan daar 'n sterk vertrouensband tussen die groepslede. Groepslede versterk mekaar se identiteit en verskaf motivering wat individue help om die werklikhede van die alledaagse lewe te hanteer. Die

kultuur onder mense met ernstige gehoorverlies word hoofsaaklik deur die portuurgroep eerder as die gesinsisteem oorgedra. So 'n groep het meestal ook rituele wat die simboliese bande tussen die groepslede versterk en hulle sterker aan mekaar bind. Bekker (1987:69) meld ook dat binne die geborgenheid van dié portuurgroep kan die individu met gehoorverlies werk aan sy/haar publieke self. Hulle kan hul sosiale vaardighede verbeter deur ander te observeer en kan nuwe idees toets sonder die vrees om daaroor uitgelag te word. Op die langtermyn ontwikkel hul waardering vir hulself en vir ander se talente (Bekker, 1987:69).

Die sterktes en dilemmas van portuursosialisering het volgens Bekker (1987:70 - 73) implikasies vir die opvoeding van jeugdiges met gehoorverlies, asook vir interaksie tussen leerders met gehoorverlies en jeugdiges met normale gehoor en het ten doel om 'n blywende sisteem van sosiale ondersteuning vir leerders met ernstige gehoorverlies te ontwikkel. Die portuurgroep as ondersteuningsisteem is van onskatbare waarde vir adolessente met ernstige gehoorverlies in die proses van aanpassing en aanvaarding binne die breër samelewing.

Bekker (1987:67) meld ook dat adolessente met ernstige gehoorverlies geneig is om ander persone wat ook gehoorverlies ervaar in sosiale verhoudings op te soek, om gemakliker sosiaal te verkeer. Navorsing van Bat-Chava, Martin en Kosciw (2005:294) het na vore gebring dat jeugdiges met ernstige gehoorverlies wie se spraakvaardighede nie goed ontwikkel is nie, deur die portuurgroep met normale gehoor verwerp en geïgnoreer word, wat dan ook noodwendig hul vermoë om te sosialiseer en hul identiteit negatief beïnvloed (Cappelli, Daniels, Durieux-Smith, McGrath & Neuss, 1995; Nunes & Pretzlik, 2001 in Bat-Chava, et al., 2005:294). Gemak blyk 'n belangrike sosiale vereiste vir die ontwikkeling van sosiale bevoegdheid te wees (Bekker, 1987:73). Dit is egter belangrik dat die adolessent met gehoorverlies wel met hul portuur wat normaal hoor in interaksie tree, om sodoende kontak met die breër samelewing te kan behou en nie hulself af te sonder nie.

Portuurgroeplede met normale gehoor binne dieselfde skoolverband as die jeugdige met gehoorverlies, is meer sensitief ten opsigte van die kommunikasiebehoeftes van die leerders met gehoorverlies en speel ook 'n belangrike fasiliterende rol in die proses van inklusiewe onderwys (Eriks-Brophy, Durieux-Smith, Olds, Fitzpatrick, Duquette, & Whittingham, 2006:82). Bekker (1987:77) meld dat adolessente met gehoorverlies veral baat by die opleiding in lewensvaardighede, aangesien dit nie spontaan aangeleer word nie. Die opleiding versterk individuele funksionering en die portuurgroep se vermoë om individue met gehoorverlies te ondersteun in hul pogings om na onafhanklike volwassenes te groei. Die

portuurgroep verrig ook 'n belangrike funksie om as hulpbron benut te word tydens gemeenskapsgebeure en tydens die integrering van jeugdiges met gehoorverlies in die breër samelewing, deur te dien in agentskappe wat die algemene gemeenskap bedien (Bekker, 1987:77).

2.3 DIE KOMMUNIKASIEVAARDIGHEID VAN DIE ADOLESSENT MET GEHOORVERLIES

Kommunikasie met die breë normaalhorende samelewing blyk deurgaans 'n onaangename ervaring vir persone met gehoorverlies te wees (Higgens, 1987b:154). Die foutiewe bydraes wat adolessente met ernstige gehoorverlies deur hul verwronge taal en swak begrip maak, word meestal afgeskiet deur horendes wat hul nie verstaan nie. Navorsing van Gold (1980 in Aveling, 2005:42) het getoon dat slegs 20% van persone met ernstige gehoorverlies se spraakuitset deur die "man op straat" verstaan word. Min jeugdiges met ernstige gehoorverlies word daagliks direk aan die breër samelewing blootgestel. Die wêreld waarmee hul bekend is, is basies die wêreld tussen eenderse mense wat ook gehoorverlies ervaar (Aveling, 2005:43). Jones en Davenport (1987 in Aveling 2005:44) het getoon dat die grootste verskil tussen jeugdiges met gehoorverlies en hul portuurgroep met normale gehoor in hul kommunikasiegedrag eerder as in hul sosiale gedrag is.

Adolessente met ernstige gehoorverlies se kommunikasievaardighede word bepaal deur hul vermoë om met hul portuurlede met normale gehoor in gesprek te tree. Navorsing het getoon dat indien leerders met ernstige gehoorverlies se spraak en orale taalvaardighede verbeter, hul sosiale vaardighede ook dienooreenkomstig verbeter. Soos wat die leerders se orale taalvaardighede verbeter, word hulle blootgestel aan gesprekke met ouers, sibbe en die portuurgroep (Bat-Chava et al., 2005:294). Navorsing van Bat-Chava et al. (2005:294) het ook getoon dat die verbetering in sosialiseringsvaardighede ook die stigmatisasie wat met onperfekte spraak verband hou (en waaroor leerders met gehoorverlies baie sensitief oor is) positief kan beïnvloed.

Aveling (2005:43) meld dat ouers moontlik ervaar dat adolessente met ernstige gehoorverlies tevrede is met die wyse waarop hulle met bekendes kommunikeer, omdat die adolessente met gehoorverlies bereid is om hul kommunikasiestrategieë teenoor bekendes te gebruik. Ouers en adolessente met ernstige gehoorverlies se persepsies van uitdagende kommunikasiesituasies het egter daarop gedui dat die meerderheid adolessente met ernstige gehoorverlies moeilike kommunikasiesituasies probeer vermy. Hierdie situasies plaas emosionele en fisiese spanning

op die persoon met gehoorverlies, aangesien hulle intensief moet konsentreer om elke woord van die persoon te "hoor" en te spraaklees. Die maklikste uitweg is dan om moeilike luistersituasies te vermy (Marlie, 2003 in Aveling, 2005:44). Kiff en Bond (1997:21) meld dat persone met matige sowel as ernstige gehoorverlies, inligting deur gesproke taal verwronge ontvang, al beskik hulle oor goeie residuele gehoor. Hulle maak dan baie van observasies gebruik om in kontak met die wêreld te bly.

Die mate waarin 'n jeugdige met gehoorverlies met maats kan assimileer, hang grootliks af van die kind se kommunikasievaardighede en kapasiteit om deur maats verstaan te word. Sosiale isolasie raak intens vir die adolessent met ernstige gehoorverlies wat veral van gebaretaal gebruik maak. Foutiewe skoolplasing dra ook by tot verdere isolasie van die jeugdiges met ernstige gehoorverlies (Mathos & Broussard, 2005: 96-101). Baie ouers, onderwysers en professionele persone erken die belangrikheid van blootstelling aan taal en kommunikasie op 'n vroeë ouderdom en 'n geskikte skoolplasing, om sy/haar ontwikkeling die meeste te bevoordeel (Kiff & Bond, 1997:23). Corcer (1996:193) meld dat interpersoonlike kommunikasie egter dieper as blote gespreksvoering is. Dit is gewoonlik die kern van die probleme met jeugdiges met gehoorverlies en hul portuur met normale gehoor en 'n onvermoë bestaan om mekaar te verstaan deur kommunikasie.

Navorsing van Sheridan (2001:218) het getoon dat jeugdiges met ernstige gehoorverlies hul eie manier van kommunikasie in die alledaagse lewe skep om met hul portuurgroep wat gehoorverlies ervaar en ook dié met normale gehoor, oor die weg te kom (Kluwen et al., 2002:99). Dit is belangrik om begrip vir al die deelnemende partye se vorm van kommunikasie te toon en nie jou persoonlike kommunikasiepatroon op 'n ander af te dwing nie, maar om mekaar te akkommodeer en te probeer verstaan. Volgens Kiff en Bond (1997:21) moet adolessente met ernstige gehoorverlies binne 'n omgewing geplaas word waar hul goeie kommunikasievaardighede kan ontwikkel wat interaksie met hul portuur wat normaal kan hoor vergemaklik, sodat hulle begrip en respek vir die wêreld rondom hulle kan ontwikkel.

2.4 SOSIALISERINGSGEDRAG VAN ADOLESSENTE MET GEHOORVERLIES

Persone met ernstige gehoorverlies deel die ervaring om uitgesluit te voel binne die breë gemeenskap wat normaal kan hoor, weens hul ekstreme kommunikasie-hindernis en 'n gebrek aan interaksie. Hulle dra die las om geëtiketteer te word en op neergekyk te word deur die breë normaalhorende samelewing. In plaas daarvan om as individu met 'n beperking gesien te word, word die gehoorbeperking die hoofstatus en word op hom/haar deur die breër samelewing neergesien as "the odd one out". Om die rede is persone met ernstige gehoorverlies geneig om hulself af te sluit van die breër samelewing waarbinne hul funksioneer. Begrip van persone met ernstige gehoorverlies help ons om die uitdagings tydens interaksie met hulle beter te verstaan en om hul meer suksesvol te bereik (Higgens, 1987:155 -160).

O'neil en Newton (1994 in Aveling, 2005:3) meld dat sosiale aanpassings groter probleme insluit vir adolessente met ernstige gehoorverlies as normaalhorende portuurgroepe. Gepubliseerde persoonlike onderhoude wat met adolessente met ernstige gehoorverlies gevoer is, toon telkens hul kommer oor hul probleme om vriende te maak en sosiaal aanvaar te word. Ouers het ook ondervind dat hul kinders met ernstige gehoorverlies probleme ondervind met interaksie en die bou van vriendskappe (Davis et al. in Aveling, 2005:4). Daar is bevind deur Macon, Bracket en van der Berg (1991 in Aveling, 2005:4) dat adolessente hulself "anders" sien in terme van hul eie sosiale bewustheid.

Sosiale vaardighede het te doen met 'n persoon se vermoë om goeie sosiale verhoudings te vestig en te behou (Kluwen et al., 2002:200). Deur goeie sosiale vaardighede te ontwikkel, word adolessente met gehoorverlies toegerus om beter in die breër samelewing te kan aanpas en bou dus sterker verhoudings met alle mense (Aveling, 2005:50). Die jeugdige met ernstige gehoorverlies moet op verskillende areas van leer en sosialiseringtake fokus wat as gegewe deur hul portuurgroep met normale gehoor aanvaar word (Meadow-Orlans, 1987:42). Kompromie en verdraagsaamheid van die kant van die persoon met normale gehoor is hier van groot belang vir 'n suksesvolle verhouding.

Sosiale interaksie kan volgens Kluwen et al. (2002:200) gemeet word aan die geobserveerde hoeveelheid kontak wat 'n individu met ander het. Deelname aan sosiale gebeure kan beskou word as 'n persoon se persepsie van die gereeldheid en aard van kontak met die portuur. Hoewel deelname die basis vir die ontwikkeling van goeie verhoudinge is, kan dit onvervuld wees indien die interaksie onnatuurlik is (Kluwen et al. 2002:200). Dit is hoofsaaklik wat

gebeur tussen adolessente met gehoorverlies en dié met normale gehoor. Die kommunikasiesituasie raak onnatuurlik omdat beide partye 'n onvermoë aan begrip vir mekaar toon.

Die navorsing van Kluwen et al. (2002:204) het tot die gevolgtrekking gekom dat adolessente met normale gehoor geneig is om sosiaal meer volwasse op te tree as hul portuur met gehoorverlies. Portuurlede met ernstige gehoorverlies is egter geneig om van dieselfde sosiale vaardighede gebruik te maak as hul portuurlede met normale gehoor. Dit het wel na vore gekom dat adolessente met gehoorverlies geneig is om onvanpaste interpretasies te maak van sekere situasies tydens interaksie met hul portuurlede wat normaalhorend is, soos wanneer 'n portuurlid agter hul rug praat (Kluwen et al., 2002:204). Die gedrag kan dan die verhouding tussen die twee genoemde partye negatief beïnvloed, weens 'n wanbegrip van mekaar se omstandighede en 'n gebrek aan kommunikasie.

2.5 BEHOEFTES EN PERSPEKTIEF VAN ADOLESSENTE MET ERNSTIGE GEHOORVERLIES

Adolessente met ernstige gehoorverlies beweeg in 'n groter samelewing waarvan hulle nie ten volle deel is nie. Navorsing het getoon dat adolessente met gehoorverlies hulself "anders" ervaar in terme van hul eie sosiale bewustheid (Bekker, 1987:61; Aveling, 2005:4). Jeugdiges met ernstige gehoorverlies deel 'n wedersydse ervaring van dat hulle minderwaardig en uitgesluit voel binne die breër samelewing van mense met normale gehoor. Hul bydraes, wat deur verwronge taal en swak begrip gekenmerk word, word hoofsaaklik deur hul portuurgroep met normale gehoor, op neergesien.

Adolessente met gehoorverlies is deurgaans bewus van hul gehoorverlies, maar ervaar dit nie as 'n gestremdheid nie en sien dit eerder as 'n taalkundige en kulturele uitdaging wat hul noodwendig die hoof moet bied. Hulle wil graag ook so normaal as moontlik voorkom. Adolessente wat die gehoorverlies as 'n gestremdheid sien, ervaar ook meer gevoelens van alleenheid en eensaamheid as diegene wat dit as 'n uitdaging ervaar (Kent, 2003:321).

Volgens Kiff en Bond (1997:23) ervaar baie jeugdiges met ernstige gehoorverlies die skool en breër samelewing wat hoofsaaklik uit horende portuurlede bestaan as ongenaakbaar, vernederend en verwerpend. Sheridan (2001:221) noem verder dat adolessente met ernstige gehoorverlies baie self-assertief voorkom, maar ook hoofsaaklik situasies wat hindernisse mag veroorsaak, vermy. Gevolglik ervaar hierdie kinders die hoofstroomskool as 'n

onvriendelike en eensame plek waar hul gespot en geïgnoreer word deur klasmaats met normale gehoor (Nikolaraizi & De Reybekiel, 2001:169)

Israelite et al. (2002:144) meld dat jeugdiges met normale gehoor geneig is om "unknown rules" (simboliese gedrag) op te stel wat jeugdiges met gehoorverlies nie altyd verstaan nie, en dus veroorsaak dat daar nie doeltreffende kommunikasie tussen die genoemde partye kan plaasvind nie. Verskeie studies het bevind dat adolessente met ernstige gehoorverlies 'n minder positiewe beeld van hulself het as hul portuurlede met normale gehoor (Meadow-Orlans, 1987:51; Bekker, 1987:67).

Hulle voel ook geïntimideer wanneer gesprekke met persone met normale gehoor nie vlot verloop nie (Bekker, 1987:77). Howley en Howe (2004:240) meld dat jeugdiges met normale gehoor basiese rol-aannemingsvaardighede deur sosiale interaksie ontwikkel, terwyl jeugdiges met gehoorverlies dit deur asosiale interaksie moet aanleer. Die wyse van aanleer van basiese sosiale vaardighede verskil dus by jeugdiges met gehoorverlies en moet in daardie opsig ook gekonsidereer word tydens sosiale interaksie en die verhouding moet op wedersydse aanvaarding geskoei wees.

Israelite et al. (2002:45) het bevind dat dit baie belangrik vir die jeugdige met gehoorverlies is om 'n sterk en langdurige basis van ondersteuning met sy/haar portuur te vorm. Die behoefte aan dieperliggende vriendskap word nie sommer met portuur wat normaalhorend is bevredig nie. Adolessente met gehoorverlies verkry hul interaksie en sosiale ondersteuning deur ander portuurlede wat ook gehoorverlies het, wat dieselfde ervaringe en belewenisse deurmaak. Dit is egter ook belangrik dat vriendskappe met die normaalhorende portuur gesluit word om hul kontak met die breër samelewing te behou. Volgens Jambor en Elliott (2005:66) verkry adolessente met ernstige gehoorverlies baie ondersteuning wat die tegniese area betref, soos met hulle apparate, maar toon hulle 'n behoefte aan ondersteuning en vaardighede om op professionele vlak hul omstandighede te hanteer en daarmee saam te leef.

2.6 BEHOEFTES EN PERSPEKTIEF VAN PORTUURGROEP WAT NORMAALHOREND IS

Die gesindheid ten opsigte van adolessente met spesifieke en spesiale onderwysbehoeftes blyk kontroversieël te wees. In sommige gevalle word hul goed aanvaar en in ander gevalle minder goed (Nikolaraizi & De Reybekiel, 2001:168).

Jeugdiges is huiwerig om dieper vriendskappe te sluit met hul portuur met spesifieke en spesiale behoeftes, aangesien hulle die onbekende faktor vrees of ignoreer en onseker oor hul

portuurlede met spesiale behoeftes voel (Ward, Center & Brochner, 1994 in Nikolaraizi & De Reybekiel, 2001:177). Horende portuurlede toon wel positiewe ingesteldheid en daar blyk 'n gewilligheid te wees om met hul portuurlede met spesifieke en spesiale behoeftes in interaksie te tree, maar hulle blyk tog 'n sosiale en emosionele afstand teenoor hul portuurlede met spesiale en spesifieke onderwysbehoeftes te hou (Nikolaraizi & De Reybekiel, 2001:177).

Aveling (2005:48) het bevind dat jeugdiges met normale gehoor dit ongemaklik vind om met mense met gehoorverlies in interaksie te tree, aangesien hul nie die kommunikasiestrategieë wat persone met gehoorverlies gebruik, ken nie. Dit blyk na vore te kom uit die literatuur dat dit belangrik is om beide partye wat normaalhorend is en wat gehoorverlies ervaar beter toe te rus om mekaar se behoeftes beter te verstaan en te kan akkommodeer.

2.7 AANPASSINGSTRATEGIEË VAN ADOLESSENTE MET ERNSTIGE GEHOORVERLIES

Persone met gehoorverlies maak van verskeie strategieë gebruik om hulle alledaagse lewe te kan hanteer en hul selfwaarde te behou. Hulle moet kompenseer vir die hindernisse, soos kommunikasie-uitdagings, soms vooroordele en diskriminasie, wat hul elke dag in die oë moet staar (Jambor & Elliott, 2005:67).

Hindernisse deur Bain et al. (2004:124) geïdentifiseer, wat in die alledaagse lewe van die jeugdige met gehoorverlies voorkom is: betrokkenheid tydens sosiale aktiwiteite, strategieë om met die normaalhorende gemeenskap in interaksie te kan tree en om standvastige en goeie verhoudinge met beide normaalhorende portuur en portuurlede wat gehoorverlies ervaar te kan ontwikkel.

Jambor en Elliott (2005:75) noem dat daar verskeie wyses is wat adolessente met gehoorverlies gebruik om daagliks oor die weg te kom. Die eerste strategie is onttrekking van die breë gemeenskap, na 'n beskermende gemeenskap van persone wat ook ernstige gehoorverlies ervaar. Individue met ernstige gehoorverlies is oor die algemeen baie gelukkig binne die omstandighede van onttrekking. Indien hulle, hulle egter totaal van die breër samelewing distansieer, is hul kans baie minder om in hul lewe te presteer en hul volle potensiaal te bereik. 'n Tweede strategie is om vir hulself in die bres te tree, deur voor te gee dat hul gehoor het wat gesê is. Die strategie word hoofsaaklik gebruik tydens interaksie met persone wat oor normale gehoor beskik. Die bogenoemde twee strategieë is egter minder effektief op die langer duur en lei nie tot 'n positiewe selfwaarde nie. Die laaste strategie wat deur Jambor en Elliott (2005:75) genoem word is egter die strategie van jeugdiges met

gehoorverlies om 'n bi-kulturele identiteit (soos bespreek) aan te neem. Hulle verstaan gebaretaal en kan dit gebruik, maar maak hoofsaaklik van gesproke taal as kommunikasiemedium gebruik. Die blootstelling aan beide kulture blyk waardevolle ervaringe in terme van kommunikasie en interpersoonlike verhoudings teweeg te bring. Dit is 'n taamlike nuwe ingesteldheid wat baie positief aanvaar word deur die moderne jeugdige met gehoorverlies. Die strategieë wat hul benut is nog nie ten volle ontdek en nagevors nie. Die bi-kulturele identiteit bemagtig die persoon met ernstige gehoorverlies om professioneel sy staan binne die breër samelewing te kan maak en sodoende ook die steun van die dowe kulturele groepering te geniet. Hierdie individue oorskry ander se verwagtinge van hulself en is ook bemagtig om goeie verhoudinge te behou wat tot goeie sosiale steun en identiteit aanleiding gee (Jambor en Elliott, 2005:75).

2.8 SOSIALE INTEGRASIE VAN DIE ADOLESSENT MET ERNSTIGE GEHOORVERLIES

Navorsing toon dat verdere uitgebreide kennis nodig is om die implikasies van gehoorverlies in alledaagse gesprekke en sosiale integrasie van adolessente met ernstige gehoorverlies, beter te begryp (Zheng, Caissie & Comaeau, 1997 in Aveling, 2005:4). Swak kommunikasievaardighede en beperkte verhoudings met klasmaats lei tot onnodige beperkinge in latere adolessente jare (Ridsdale & Thompson, 2002 uit Aveling, 2005:2) Sosiale aanpassing en integrasie behels volgens Aveling (2005:3) aspekte soos isolasie, emosies, persoonlike aanvaarding, interaksie, selfgeldendheid, verbale en fisiese aggressie, samewerking, behoeftehulpverlening, behoefte hulpaanvaarding, selfbeheersing en integrasie.

Gregory en Bishop (1989 in Aveling, 2005:3) het gemeld dat adolessente met ernstige gehoorverlies as "anders" gesien word en nie sosiaal geïntegreer kan word nie. Ridsdale en Thompson (2002 in Aveling, 2005:3) het die teendeel bevind naamlik dat jeugdiges met ernstige gehoorverlies wel binne dieselfde sirkel as hul normaalhorende portuur kan funksioneer. Volgens Higgens (1987:168) is dit belangrik om jeugdiges met gehoorverlies te bemagtig tot selfverantwoordelikheid en volwassenheid en om nie afhanklikheid te kweek nie.

Bat-Chava et al. (2005:294) se studie het ten doel om ouers, onderwysers en wetgewers in te lig oor hoe om leerders met gehoorverlies te bemagtig om beter met hul portuurgroep met normale gehoor in interaksie te tree en om hulle by sosiale aktiwiteite te betrek, om sodoende ten volle binne die breë gemeenskap ingesluit te word. Hulle het bevind dat leerders wat hul

gehoorbeperking verwerk het, ander daaroor inlig en hul humorsin behou, die beste in integrerende omstandighede blyk te vaar (ook Eriks-Brophy et al., 2006:81).

Bat-Chava et al. (2005:294) beweer ook dat leerders met gehoorverlies nie direk verantwoordelik gehou kan word vir die sukses of mislukking van hul integrerende omstandighede nie. Almal wat betrokke is by die jeugdiges met gehoorverlies (ouers, onderwysers, terapeute) het 'n invloed daarop. As deel van een lewensreis moet ons leer om mekaar te aanvaar sonder vooroordele, kritiek en voorwaardes (Corcer, 1996:202).

2.9 DIE BIO-EKOLOGIESE MODEL VAN BRONFENBRENNER



Figuur: 2.1 "n Eko-sistemiese model(Bron: Donald, Lazarus & Lolwana, 1997:65)

"Seen in different contexts, human nature, which I had previously thought of as a singular noun, became plural and pluralistic; for the different environments were producing discernible differences, not only across but also within societies, in talent, temperament, human relations, and particularly in the ways in which the culture, or subculture, brought up its next generation".
(BRONFENBRENNER, 1979: xiii)

Bronfenbrenner het die komplekse, maar kragtige ekosistemiese model (Fig 2.1) ontwerp wat 'n voorloper van die bio-ekologiese model is. Hierdie ekosistemiese perspektief het onstaan uit 'n mengsel van die ekologiese en sisteemteorieë. Die hoofdoel volgens Donald, Lazarus en

Lolwana (1997:34) is om te wys hoe individue en groepe op verskillende vlakke van sosiale kontekste in dinamiese, interafhanklike en interaktiewe verhoudinge met mekaar in interaksie is. Na baie jare van navorsing is die hersiene model van menslike ontwikkeling, naamlik die bio-ekologiese model deur Bronfenbrenner daar gestel. Hierdie model word nog steeds aangepas, maar die betrokke weergawe, wat bespreek word deur Swart en Pettipher (2005:13 - 15) het sy ontstaan sedert die negentiger jare. Die bio-ekologiese model sluit kenmerke van die vroeër weergawe van die model in en integreer dit met die nuwe elemente in 'n dinamiese en komplekse struktuur (Swart & Pettipher, 2005:13)

Die bio-ekologiese model bestaan steeds uit die vier belangrike komponente van die basiese model naamlik prosesse, persone, kontekste en tyd. Die prosesse kan as die kern van die model gesien word en verwys na spesifieke vorme van interaksie tussen die mens en sy omgewing. Dit word beskryf as proksimale prosesse, wat oor tyd funksioneer. Voorbeelde van proksimale prosesse sluit interaksie tussen persone en objekte in soos om 'n kar te bestuur, te lees en te skryf en om te gee vir ander (Swart & Pettipher, 2005:13).

Volgens Swart en Pettipher (2005:14) word drie tipes persoonseienskappe in die bio-ekologiese model identifiseer en het dit die vermoë om die rigting en krag van die proksimale prosesse te beïnvloed, en daardeur toekomstige ontwikkeling te rig en te vorm. Die drie eienskappe is disposisies of kragte, ekologiese bronne en appèl-kenmerke. Disposisies kan die proksimale prosesse mobiliseer of dit aan die ander kant beperk of voorkom, soos byvoorbeeld gevoelens van skaamte, selfbewustheid wat algemeen onder jeugdiges met gehoorverlies voorkom. Die ekologiese bronne bestaan uit bio-psigologiese bates en laste wat die kapasiteit van die persoon wat effektief in die proksimale prosesse betrokke is beïnvloed, soos die gehoorbeperking en genetiese afwykings. Aan die anderkant kan die psigologiese ontwikkelingsbates bestaan uit vermoë, kennis, vaardighede en ervarings, wat van hulp kan wees om alledaagse hindernisse te oorkom of wat die bestek van die proksimale prosesse kan verbreed om hul werk beter te doen. Die appèl-kenmerke word so genoem weens die feit dat hul reaksies van die omgewing kan versterk of beperk en sodoende psigologiese prosesse en groei versterk of beperk, byvoorbeeld 'n gelukkige teenoor 'n omgekrapte baba, of hiperaktiwiteit teenoor passiwiteit. Hierdie persoonseienskappe beïnvloed mekaar wedersyds en is konstant in interaksie met mekaar (Swart en Pettipher, 2005:14).

Volgens Swart en Pettipher (2005:14) word die definisies van die mikro- en makrosisteem in die bio-ekologiese model meer uitgebrei en in besonderhede verklaar. Die mikrosisteem word

meer in besonderhede uitgebrei om die belangrikheid van betekenisvolle persone se teenwoordigheid en invloed binne die omgewing te herken en bring ook onderskeie persoonskaraktertrekke, temperament en geloofsisteme wat persoonlike ontwikkeling beïnvloed uit (Swart en Pettipher, 2005:14). Hierdie karaktertrekke kan interaksie tussen die individu en die betekenisvolle ander versterk of beperk, soos dat kommunikasie-hindernisse tussen die adolessent met gehoorverlies en sy/haar ouers noodwendig 'n negatiewe invloed op die verhouding kan hê. Persoonseienskappe moet ook volgens Swart en Pettipher (2005:14) met inagneming van die makro-sisteem beskou word. Binne die makro-sisteem deel die mikro-, meso- en ekosisteme gedeelde patrone van eienskappe, soos dieselfde geloofsisteem, sosiale en ekonomiese bronne, hindernisse, lewensrigting-opsies en patrone van sosiale interaksie wat in elk van die genoemde sisteme ingebed is. Voorbeelde van die makro-sisteem is spesifieke sosiale groepering soos die kulturele groepering van jeugdiges met ernstige gehoorverlies, geloofsgroeperinge en persone wat in spesifieke areas woon (Swart en Pettipher, 2005:14).

Binne die bio-ekologiese model word die eienskap van tyd meer breedvoerig beskryf en die kompleksiteit en alomteenwoordigheid daarvan erken. Tyd word in terme van drie vlakke beskryf naamlik, mikro-tyd, makro-tyd en meso-tyd. Mikro-tyd verwys na kontinuiteit teenoor diskontinuiteit. Makro-tyd verwys na die periodieke aard van hierdie episodes oor groter tydsintervalle, soos dae en weke. Meso-tyd fokus op die veranderde verwagtinge en gebeure wat in die breër gemeenskap plaasvind, soos wat hulle beïnvloed word deur die prosesse van menslike ontwikkeling en hulle hierdie prosesse beïnvloed, deur die lewensloop. Die konseptualisering van tyd is van hulp om die kontinuiteit van die ontwikkelingsproses te verstaan en sluit grootskaalse veranderinge oor tyd in wat ook groot veranderinge in die breër gemeenskap te weeg bring (Swart en Pettipher, 2005:15).

Volgens Engelbrecht (2004:7) is die sisteem perspektief 'n betekenisvolle manier om die komplekse invloed en interaksies teenwoordig in onderwys, skole en klaskamers te verstaan. In die ekosistemiese-perspektief (waarvan die bio-ekologiese model die nuutste weergawe is) kan elke individuele persoon of situasie as diskrete entiteit beskou word, maar ook as deel van verskillende sisteme, soos die gesin, skoolsisteem en die portuurgroep. Die model stel voor dat enige individu verskillende kontekste saam met ander ervaar, maar dat die interaksie van individuele karaktertrekke, tyd, kontekste en kanse verskillende konsekwensies vir elke individu inhou. Net so verskil die konteks van elke adolessent met gehoorverlies van mekaar, aangesien elkeen nog 'n individu in eie reg is, maar hulle binne verskillende kontekste bevind.

Die model impliseer ook nie noodwendig dat die verskillende kontekste altyd konstant bly nie, hoewel dit soms so interpreteer word. In die moderne tyd beweeg ouers en kinders tussen verskeie sosiale en kulturele kontekste en elke konteks is ook onderworpe aan veranderinge wat vinnig plaasvind (Engelbrecht, 2004:8; Donald et al., 1997:34).

Donald et al. (1997:38) meld dat die verskuilde doelwitte en waardes van elke sisteem die sisteem as geheel beïnvloed, maar ook 'n invloed op die interaksie tussen die verskillende interaktiewe sisteme het. Die skool kan "goeie onderwys" as oorhoofse doelstelling hê, maar "doelwitte vir suksesvolle insluiting van leerders met spesiale en spesifieke onderwysbehoeftes" mag dalk 'n meer kragtige en verskuilde doelwit wees. Subsisteme kan soms oorvleuel met mekaar, soos byvoorbeeld mans en vrouens binne dieselfde familie/gesin. Daar raak kommunikasiepatrone gevestig tussen die verskillende subsisteme asook tussen die sisteem as geheel en die sisteme na buite. Goeie en akkurate kommunikasie tussen die sisteme is van groot belang in hul funksionering en interaksie. Die kommunikasie tussen die jeugdige met gehoorverlies en sy/haar ouers mag met tye onseker en teenstellend voorkom, wat spanning in die twee subsisteme mag veroorsaak. Rolle is gewoonlik binne die sisteme geïdentifiseer en hoe al die lede optree om die doelwitte te bereik, sal die sisteem as geheel beïnvloed. Die rigiditeit of aanpasbaarheid van die grense van die verskillende sisteme beïnvloed hul funksionering op verskillende maniere, soos die openheid of geslotenheid van 'n skool ten opsigte van die akkommodering van leerders met spesiale onderwysbehoeftes. 'n Belangrike eienskap van die bio-ekologiese perspektief/model is dat daar altyd na harmonie tussen die verskillende subsisteme en die sisteem in sy geheel gestreef moet word (Donald et al., 1997:35 – 39).

Volgens Donald et al. (1997:59) verbind hierdie perspektief individuele psigologiese ontwikkeling met die sosiale konteks en die sisteme daarbinne. Dit verskaf 'n teoretiese raamwerk vir begrip waarom die algemene uitdagings van ontwikkeling nie afsonderlik van die sosiale uitdagings en spesiale behoeftes beskou kan word nie. Hulle is interafhanklik en verwant aan mekaar. Die jeugdige met gehoorverlies kan dus nie net sonder enige aanpassings in die hoofstroom-skool ingesluit word nie, waarvan wedersydse begrip en aanvaarding twee vername faktore is.

Adolessensie op sigself blyk 'n komplekse lewensfase te wees. Om gehoorverlies daarby te voeg, verhoog die kompleksiteit van begrip vir die adolessent met ernstige gehoorverlies. Tydens die skryf van die hoofstuk is daar gepoog om 'n grondige uiteensetting van die

beïnvloedende faktore van die sosio-emosionele ontwikkeling van adolessente met ernstige gehoorverlies weer te gee. Laastens word die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner bespreek, met die doel om dit later in die studie op die adolessent met ernstige gehoorverlies binne al sy/haar fasette van toepassing te kan maak. Die voorafgaande bied dus ’n grondige basis om die res van die studie te verstaan.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSBEPLANNING EN NAVORSINGSVERLOOP

3.1 INLEIDEND

Leedy en Ormrod (2005:2) definieer navorsing as " a systematic process of collecting, analyzing and interpreting information (data) in order to increase our understanding of the phenomenon about which we are interested or concerned."

Navorsing kan as intrinsieke deel van 'n reflekterende opvoedkundige sielkundige beskou word. Umberto Eco (in Adams et al., 2004:255) meld dat "navorsing moet ook lekker wees... en dat sosiale navorsing geleenthede beskikbaar stel vir ontdekking van idees...". Die doel van hierdie studie is die ontdekkingsreis van hoe die sosiale verhoudings tussen adolessente met ernstige gehoorverlies en hulle portuurgroep met normale gehoor ontwikkel, watter hindernisse voorkom en watter aanpassings van beide partye gemaak word, asook watter strategieë gevolg kan word om die verhouding te laat werk.

Vervolgens word die navorsingsproses en verloop van die studie uiteengesit. Die paradigma en die metodologiese beplanning sal bespreek word. Daarna sal ook aandag geskenk word aan die vertroubaarheid van die navorsing, rol van die navorser, beperkinge van die studie en die etiese aspekte verbonde aan die studie.

3.2 NAVORSINGSPARADIGMA

Navorsers benader hul studie vanuit 'n sekere paradigma of wêreld beskouing en –kennis, 'n basiese stel veronderstellings wat hul ondersoek rig. Hierdie veronderstellings is verwant aan die aard van die realiteit (***ontologiese aspek***), die verhouding tussen die navorser en dit wat ondersoek word (***epistemologiese aspek***), die rol van die waardes in 'n studie (***aksiologiese aspek***) en die proses van die navorsing (***metodologiese aspek***) (Creswell, 1998: 74 – 77). Guba en Lincoln (in Adams et al., 2004:375) sluit by Creswell aan en meld dat die navorsingsparadigma van 'n studie ook beskryf kan word vanuit die response op die volgende drie fundamentele vrae. Die eerste is die ***ontologiese vraag*** wat die aard van die realiteit ondersoek en wat daarvan nog geweet moet word. Die tweede vraag is die ***epistemologiese vraag***, naamlik wat is die aard van kennis en wat is die verhouding tussen die kenner (navorser) en dit wat nog geweet moet word. Die derde vraag is die ***metodologiese vraag***, wat berus op hoe die navorser die kennis en begrip wat hy/sy graag wil inwin, bekom (ook Walker & Evers, 1999:40). Dit kan as die boustene van 'n studie beskou word, soos met betrekking tot hierdie studie in Figuur 3.1 uiteengesit.



Figg. 3.1 'n Diagramatiese voorstelling van die navorsingsproses met betrekking tot hierdie studie

Ter beantwoording van die ontologiese vraag is hierdie studie gesetel in die post-moderne benadering. Die ontologie hou verband met die wêreldbeskouing van die navorser. Die Post-modernisme spreek die aard van die verskillende gekonstrueerde realiteite wat betrokke is aan. Volgens Denzin en Lincoln (2000:9) staan die nuwe generasie kwalitatiewe navorsers meer post-strukturalistiese of post-moderne aspekte/beginsels voor. Volgens Creswell (1998:74 – 79) berus die post-modernisme se fokus eerder op die toestand van die wêreld vandag en die verskeie perspektiewe/realiteite van klas, ras, geslag en ander groep-affiliasies. Post-modernisme is geïnteresseerd in die individu en die verskillende identiteite wat hy/sy kan aanneem en dat die realiteit menslik gekonstrueer word en deurlopend veranderbaar is. Binne hierdie studie word adolessente met ernstige gehoorverlies se huidige interaksie-situasie met hul portuurgroep ondersoek, ten einde die situasie meer effektief vir beide partye te laat verloop. Daar word gekyk watter aanpassings van beide kante, van adolessente met gehoorverlies asook hul portuur wat normaalhorend is gemaak kan word.

Ten einde die epistemologiese vraag te beantwoord, word hierdie studie beskou vanuit die interpretivistiese perspektief. Volgens Adams et al. (2004:375) erken die interpretivistiese paradigma die subjektiewe ervaringe (hul realiteite) van mense as geldig, multifasettig en sosiaal gekonstrueer. Hulle glo ook dat mense die beste verstaan kan word deur in interaksie met hulle te wees en deur na hulle te luister. Travers (2001:10) meld dat die interpretivisme 'n objektiewe analise voorstaan, ofskoon die subjektiwiteit van die individu se ervaring volledig

erken word. Volgens Jansen (2004:380) glo die interpretivistiese perspektief dat die sosiale konteks, konvensies, norme en standaarde van 'n spesifieke persoon of gemeenskap kritieke elemente in die evaluering en begrip van menslike gedrag is. Die realiteit is relevant en onderworpe aan verskeie subjektiewe elemente, wat verbonde is aan die interpretasie wat mense daaraan toevoeg (Mertins & McLaughlin, 1995:49). Dit sluit aan by die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner waaruit die studie ook begrond word. Hierdie model impliseer dat daar verskillende lae van interaktiewe sisteme bestaan wat in verandering, groei en ontwikkeling resulteer, op biologiese, kulturele, psigologiese en sosiale gebiede (Swart & Pettipher, 2005:10; Losardo & Notari-Syverson, 2001:8-10). Met behulp van hierdie model kan die adolessent met ernstige gehoorverlies in die geheel van die verskillende kontekste (sisteme) wat hom/haar beïnvloed en vice versa, beskou word. Dit gee ook erkenning aan die veelfasettige aard van die verskillende sisteme wat die individu (adolessente met ernstige gehoorverlies) beïnvloed en wat deur die individu beïnvloed word. Dit sal meer breedvoerig met betrekking op die adolessent met ernstige gehoorverlies in hoofstuk 5 van toepassing gemaak word.

Navorsers vanuit die ***interpretivistiese perspektief*** maak van ***kwalitatiewe navorsingsmetodes*** gebruik. Kwalitatiewe navorsers bestudeer die fenomeen binne die natuurlike konteks en poog om inligting beter te verstaan en te interpreteer in terme van die betekenis(se) wat mense daaraan toevoeg (Denzin & Lincoln, 2000:3). Leedy en Ormrod (2005:133) vul hierby aan en meld dat kwalitatiewe navorsers hoofsaaklik twee dinge in gemeen het. Die eerste bevestig dat die verskynsel/fenomeen in natuurlike omstandighede bestudeer word. Tweedens word die fenomeen in al die kompleksiteit daarvan ondersoek. Kwalitatiewe navorsers erken ook dat dit wat hul observeer uit verskeie dimensies en lae bestaan, en poog dus om die situasie in veelfasettige vorm weer te gee. In hierdie studie word adolessente met ernstige gehoorverlies se interaksie-situasie in sy veelfasettige vorm beskou.

Volgens Tylor et al. (1998:6-9) poog ***kwalitatiewe navorsers*** om individue se persoonlike mening wat hul aan aspekte in hul lewe heg, weer te gee. Hulle ondersoek die alledaagse situasies van persone en bring dit na vore deur ryk beskrywings. Kwalitatiewe navorsers werk meestal induktief en poog om konsepte, insigte en begrip van patrone van die data te verkry eerder as om statistieke, teorieë en hipoteses te evalueer. In hierdie studie is daar om hierdie rede gepoog om die deelnemers se beskouings en perspektiewe tot uiting te laat kom, aangesien 'n mens slegs vanuit hul persoonlike perspektief kan leer hoe hulle die situasies ervaar.

Kwalitatiewe navorsers glo volgens Tylor et al. (1998: 6 – 9) dat alle aspekte waardevol vir 'n studie is (geloofwaardigheid), en glo aan die betekenisvolheid van hul studie (waarheid). Vir die kwalitatiewe navorser is daar iets te leer uit alle situasies en groeperinge. Die metodologie bedien die navorser en die navorser is nie 'n slaaf van die prosedures en tegnieke nie (Tylor et al., 1998: 6 – 9).

3.3 NAVORSINGSBEPLANNING EN –VERLOOP

3.3.1 Navorsingsontwerp

To answer some research questions, we cannot skim across the surface. We must dig deep to get a complete understanding of the phenomenon we are studying. In qualitative research, we do indeed dig deep. We collect numerous forms of data and examine them from various angles to construct a rich and meaningful picture, a multifaceted situation (Leedy & Ormrod, 2005:133).

Verskeie navorsers verwys na die navorsingsontwerp as al daardie besluite wat die navorser maak in die beplanning van die studie (Fouche, 2002:271). Janesick (1998:42) meld verskeie eienskappe van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp waarmee hierdie studie kan vereenselwig. Kwalitatiewe navorsing is holisties en soek dus na begrip van die geheel. Kwalitatiewe navorsing kyk ook na die verhoudings tussen dele van die betrokke sisteem of kultuur en fokus op beter begrip van 'n gegewe sosiale situasie, sonder veronderstellings oor die situasie/omstandighede. Kwalitatiewe navorsing vereis van die navorser om binne 'n sekere tydgleuf op bepaalde omstandighede te fokus en dat dieselfde hoeveelheid tyd bestee word binne die situasie wat ondersoek word, as aan die analisering van die data. 'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp vereis van die navorser om as die navorsingsinstrument op te tree en skep ruimte vir die beskrywing van die navorser se rol, en sy/haar ideologiese voorkeure. Hy/sy moet oor die vaardighede beskik om die bepaalde situasie wat ondersoek word in diepte te observeer en moet oor goeie vaardighede vir observasie en onderhoudvoering beskik. Ten slotte vereis kwalitatiewe navorsingsmetodes ook 'n konstante analise van die data, gedurende die insameling daarvan (Janesick, 1998: 42).

Die tipe kwalitatiewe navorsingsontwerp wat in hierdie studie nagevolg word, is 'n ***meervoudige gevallestudie***. 'n ***Meervoudige gevallestudie*** fokus om 'n paar gevalle, deur middel van deelnemer-observasies en onderhoude, in diepte te verstaan (Sturman, 1999: 103; Mertins & McLaughlin, 1995:48). McMillan en Schumacher (1997: 393) sluit by hierdie stelling aan en meld dat een van die hoofdoelwitte van 'n meervoudige gevallestudie is om 'n

bepaalde situasie(s), proses(se) of gebeure te analiseer, te begryp en te verstaan. Navorsers verwys na 'n meervoudige gevallestudie as 'n ***kollektiewe-gevallestudie,*** aangesien data van verskillende, maar relevante gevalle ingesamel word (Fouche 2002: 271; Leedy & Ormrod, 2005:135).

Volgens Leedy en Ormrod (2005: 135) is 'n gevallestudie ontwerp geskik om beter begrip van 'n situasie wat nog nie verstaan word nie of onbekend is, te verwerf. Mertins en McLaughlin (1995: 49) meld dat gevallestudies 'n belangrike rol speel in navorsing en onderwys vir leerders met spesiale en spesifieke onderwysbehoeftes, aangesien dit beter begrip vir hierdie kinders teweeg bring. In hierdie meervoudige gevallestudie word daar spesifiek gekyk na die interaksiesituasie van vier adolessente met ernstige gehoorverlies met hul portuur, binne die sisteme/situasies waar die deelnemers in die breër gemeenskap beweeg.

3.3.2 Die deelnemers

Die deelnemers van hierdie studie is volgens die ***maksimum-variasie seleksie-beginsel*** gekies met betrekking tot skoolmilieu. Maksimum-variasie steekproefneming het volgens McMillan en Schumacher (1997: 398 – 399) ten doel om maksimum verskille of persepsies oor 'n onderwerp by deelnemers of groepe wat ryk is aan inligting, te verkry. Die deelnemers wat aan die studie deelneem, is so gekies om maksimum-variasie te verkry van die interaksie-situasies waarbinne adolessente met ernstige gehoorverlies hulself kan bevind. Die kommunikasie-voorkeur (gebaretaal of gesproke taal) was nie die hoofoorweging van keuse van die deelnemers nie, maar wel die interaksie-situasies (buitemuurse sosiale bedrywighede) in artikulasie met hul skool gesitueerdheid waarby die deelnemers betrokke is.

Ek het hoofsaaklik Afrikaanssprekende adolessente met ernstige gehoorverlies as deelnemers gekies. Ek as navorser is ook oorwegend Afrikaanssprekend en my gehoorverlies plaas 'n beperking op my Engelse taalvaardigheid. Ter wille van ryk data was dit belangrik dat ek en die deelnemers dieselfde moedertaal moes hê.

Tydens die aanvang van die studie is die deelnemers en hul ouers ingelig oor die proses en prosedure van die studie en kon hulle vrywillig besluit tot deelname aan die studie. Skriftelike instemming is deur deelnemers en hul ouers gegee, deur middel van 'n instemmingsvorm (bylaag A). In die instemmingsvorm is 'n keuse gegee waar deelnemers en hul ouers kon instem vir die maak van video-opnames tydens die observasies en bandopnames tydens onderhoude. Aan die einde van die navorsing is die resultate wel met die deelnemers en hul ouers gedeel. Geen vergoeding of beloning is aan die deelnemers gegee nie.

3.3.3 Data-insameling

3.3.3.1 Inleidend

McMillan en Schumacher (1997:402 – 403) beskryf die data-insamelingsproses in vier fases. Tydens die ***eerste fase*** van data-insameling word toestemming verkry om die bepaalde aktiwiteite, plekke te besoek, persone te observeer en inligting of dokumente te gebruik. Die ***tweede fase*** bestaan uit die eerste dae op die navorsingsplek, waar die navorser verhoudings met die deelnemer(s) wat geobserveer word begin opbou en vertroud raak met die omgewing en situasie. Die ***derde fase*** van data-insameling is wanneer die eintlike data-insameling plaasvind waar die navorser nie meer slegs bolangs observeer of inligting skandeer nie, maar werklik hoor, sien en lees wat binne die situasie gebeur. Die ***vierde fase*** van data-insameling is in diepte interaksie met die deelnemers die finale stadium, waar die navorser die data-insameling begin afsluit, laaste onderhoude voer of laaste observasies maak. Tydens hierdie fase gee die navorser veral aandag aan die relevantheid van die inligting vir moontlike interpretasies van veral die kern-inligtingsbronne.

Volgens Willig (2001:30 in Gouws, 2006: 37) word verskeie metodes van data-insameling deur kwalitatiewe navorsers gebruik, om sodoende ’n verskynsel vanuit verskillende hoeke te bekyk, wat dien as ’n vorm van triangulering (ook Du Toit, 2006:75; Sturman, 1999:110) Om die rede is daar ook in hierdie studie gepoog om verskeie data-bronne te benut. Die data-insamelingsproses van hierdie studie is in twee hoofkomponente verdeel: observasies en verskillende onderhoude met die deelnemers en ’n vertroueling (ouer, vriend of onderwysers) wat waardevolle inligting omtrent die interaksie-situasie van die deelnemer kan verskaf.

3.3.3.2 Observasies

- ***Oriënteringsgesprek***

Tydens die aanvang van die data-insameling is daar eers ’n gesprek met al die deelnemers gevoer om hul te oriënteer ten opsigte van hul deelname aan die studie. Die beginsel van vrywillige deelname is aan hulle verduidelik. Indien die deelnemers daartoe ingestem het, is ’n skriftelike instemmingsvorm aan hul verskaf wat hul dan moes voltooi. Al die beoogde deelnemers het ingestem tot deelname aan die studie en dat video-opnames van die observasiegeleenthede en bandopnames van die onderhoude gevoer mag word. Voorbeelde van al die etiek dokumente kan in bylaag A gevind word.

Daarna is saam met die deelnemers besluit watter buitemuurse bedrywighede die navorser mag kom observeer. Daar is afgespreek om by elke betrokke deelnemer twee aktiwiteite vir ’n maand en ’n half met verskillende geleenthede te kom observeer.

- ***Observasies as buitestaander***

In hierdie studie het ek as buitestaander opgetree en net observeer wat tydens die interaksie-situasies van die deelnemers met hul portuur plaasvind. Voor die eerste observasiesessie is al die lede van die betrokke aktiwiteit ingelig oor my teenwoordigheid by die verrigtinge. Vervolgens is hul toestemming gevra om die aktiwiteit te mag observeer.

Die deelnemers is vir ’n maand en ’n half, vir soveel keer as moontlik, tydens hul deelname aan die gekose buitemuurse en sosiale aktiwiteite observeer. Daar is gepoog om bedrywighede waarby deelnemers hoofsaaklik met normaalhorende persone betrokke is, te observeer, hoewel dit by sekere deelnemers nie altyd moontlik was nie, weens hul omstandighede of die situasie waarin hul bevind, soos koshuis of min blootstelling aan geleenthede met portuur met normale gehoor. Elke interaksie-situasie waarby die deelnemers betrokke was en waartoe hul instemming verleen het, is benut vir observasie en as deel van die data-insameling.

Daar is op die volgende aktiwiteite per deelnemer besluit, wat observeer sou word.
Deelnemer 1 ([1]Elzire)**:** Hokkie en “Eisteddfod” deelname.
Deelnemer 2 (Martin): Rugby en koshuisbedrywighede.
Deelnemer 3 (Chrizette): Netbal en konsertbedrywighede asook vrywillige werk by Dieretuin is geobserveer en later is insae in haar sms’e ook gevra.
Deelnemer 4 (Violette): Konsertdrywighede, Kegelbal en praktiese werk by “Kentucky Fried Chicken” is geobserveer.

Tydens die aktiwiteite is soveel as moontlik video-snitte gemaak van belangrike interaksie-situasies tussen die deelnemers en hul portuur, wat met die geleentheid na vore gekom het. Die observasies het met verskillende tussenposes en nie volgens ’n spesifieke skedule plaasgevind nie, weens verskeie veranderlikes soos deelnemers wat siek was, of geleenthede wat afgestel is, of my reëlings wat dit nie toegelaat het om by al die aktiwiteite ewe veel uit te kom nie.

[1] **Skuilname is gebruik**

Chrizette se konsert-oefeninge is vir ’n week aaneenlopend en eenmalig tydens ’n opvoering observeer en haar netbal tydens drie wedstryde. Martin se rugby is eenmalig tydens ’n oefensessie en tydens drie belangrike rugbywedstryde observeer, wat onder andere rugbyproewe met ander skole ingesluit het. Sy koshuis buitespel is by twee geleenthede observeer. Elzire se hokkie observasies het tydens drie oefensessies en een wedstryd plaasgevind. Die aktiwiteite soos haar Eisteddfod en Violette se Kegelbal was eenmalige aktiwiteite. Chrizette se werksaamheid by die dieretuin is ook eenmalig observeer. Violette se konsertbedrywighede (oefeninge vir ’n week en een optrede) is tydens dieselfde sessies as Chrizette observeer.

Tydens die observasies het daar ook soms informele gesprekke voortgevloei. Dit is so deeglik moontlik in die veld-notas geïntegreer in die vorm van vertellings of transkripsies van die gesprekke.

- ***Veld-notas en video-opnames***

Ek het ’n veldjoernaal vir elke deelnemer opgestel. Daarin is ’n skedule van wanneer en watter observasies plaasgevind het aangeteken, asook notas so spoedig en deeglik as moontlik na elke observasiegeleentheid. Daarna is weer na die video-opname van die betrokke observasiegeleentheid gekyk om sodoende die veld-notas aan te vul, asook om my gehoorbeperking te akkommodeer en te verseker dat die inligting akkuraat en objektief weergegee word.

Die video-opnames het ook gedien as hulpmiddel vir my om relevante data buiten gesproke woorde te bekom. Dit is veral vir hierdie studie van belang, aangesien die deelnemers met ernstige gehoorverlies veral van nie-verbale strategieë (soos gesiguitdrukking, liggaamstaal, oogkontak en fisiese kontak) tydens hul interaksie gebruik maak. Die video-opnames het bepaald groter vertroubaarheid aan die studie verleen.

- ***Reflektiewe Joernaal***

Daar is ook ’n reflektiewe joernaal gehou ten einde my persoonlike ervaringe en sienings van elke observasiegeleentheid te omskryf. Dit het my as navorser gehelp om meer spesifiek op die navorsingsprobleem te fokus en die inligting dieper te oordink. Dit was vir my baie waardevol, aangesien dit ’n hulpmiddel was om beter begrip vir my eie omstandighede, as persoon met gehoorverlies te verwerf en het my sensitief gehou vir moontlike subjektiwiteit in my uitvoering van die navorsing. Waardevolle inligting van ’n konsultant wat ook ernstige

gehoorverlies het, is opgeteken en dien as persoonlike verryking van kennis, wat tydens die interpretering van die data benut sal word.

Refleksies van die kontaksessies met my studieleier is ook opgeteken. Dit was baie waardevol en het my op koers gehou met die skryf van die navorsing. Dit het 'n waardevolle invloed op die bevindinge en resultate gehad.

3.3.3.3 Semi-gestruktureerde onderhoude

"Interviews may be the primary data collection strategy or a natural outgrowth of observation strategies (McMillan en Schumacher, 1997:447).

McMillan en Schumacher (1997:447) meld dat een van die hoofdoelstellings van onderhoude is om te verstaan hoe mense hul eie wêreld ervaar en hoe hulle sin maak van belangrike gebeurtenisse in hul lewe. Hierdie studie streef dieselfde doelstelling na, naamlik om beter te verstaan hoe adolessente met ernstige gehoorverlies, sowel as hul portuur met normale gehoor, hul interaksie-situasie begryp en hanteer.

In hierdie studie is daar eerstens onderhoude met die ***deelnemers*** self gevoer. Dit het ten doel gehad om video-snitte van die observasies met hul te deel en sodoende my persoonlike beskouings van die observasie-geleenthede met die deelnemer self te verifieer. Vervolgens is die vrae van die onderhoudskedule (sien bylaag B) ook aan die deelnemers gestel, ten einde groter vertroubaarheid van die studie teweeg te bring.

Onderhoude met die deelnemers het unieke uitdagings meegebring, weens hul kommunikasiebehoeftes en –vaardighede wat beperk is (Mertins & McLaughlin, 1995:51). Ekstra sorg is geneem dat die deelnemers op hoogte is van belangrike reëlings en dat hulle die inligting wat oorgedra word en die vrae wat gestel word begryp. Ek as navorser het deurgaans gepoog om duidelik en verstaanbaar te praat. Daar is ook 'n tolk gereël om deelnemer 3 (Chrizette) wat van gebaretaal as kommunikasiemedium gebruik maak, te akkommodeer. Daar is gepoog om 'n gevoel van samehorigheid en begrip teweeg te bring, deur ook van my persoonlike ervaringe met die deelnemers te deel.

Vervolgens is daar ook onderhoude gevoer met 'n ***ouer*** en 'n ***vertrouenspersoon*** soos 'n vriend of onderwyser, wat die deelnemer goed ken. Die onderhoude is aan die hand van 'n onderhoudskedule gevoer (sien bylaag B). Hierdie onderhoude het my in staat gestel om die deelnemer se perspektief met die van mense wat hul goed ken, te verifieer.

Die onderhoude is hoofsaaklik in 'n stil en rustige omgewing gevoer, waar die betrokke persoon ook gemaklik kon voel. Die inligting wat aangeraak is tydens die gesprekke, kon 'n emosionele impak op die deelnemers hê en dit is gerespekteer wanneer 'n persoon nie oor 'n spesifieke saak verder wou gesels nie. Daar is sover as moontlik tydens die onderhoude gepoog om die betrokke persone met ernstige gehoorverlies se persoonlike sienings, deur die bandopnames en transkripsies neer te pen, ten einde die vertroubaarheid van die inligting te versterk.

Transkripsies van elke onderhoud is deur 'n eksterne persoon gemaak, om te verseker dat die inligting korrek vasgelê word en om my eie gehoorbeperking te akkommodeer.

3.3.4 Data-analise

Mcmillan en Schumacher (1997:502) noem dat kwalitatiewe analise 'n sistematiese proses is van selektering, kategorisering, vergelyking en sintetisering en interpretering ten einde tot sinvolle gevolgtrekkings te kom.

Mertins en McLaughlin (1995:110) meld die volgende belangrike beginsels van kwalitatiewe analise wat hoofsaaklik in die studie benut is. Data-analise geskied deurgaans tydens die data-insamelingsproses en word in twee hooffases verdeel. Die eerste fase is wanneer die navorser byvoorbeeld na 'n observeringsessie (soos in hierdie studie se geval) reflekteer oor die indrukke, verhoudinge en so meer wat hy/sy gesien het. Die tweede fase van analise geskied wanneer die navorser dan begin om die data wat ingesamel is te organiseer en in deeglike notas te ontwikkel, wat dan deurgaans in die proses van data-insameling en analise verfyn word. Die navorser gebruik dan vergelyking om kategorieë te verfyn, ooreenkomste te definieer, negatiewe duidinge te vind en patrone te ontdek.

Tesch (1990:9 in Mertins en Mclaughlin, 1995:110 – 112) meld dat die proses van analise sistematies, maar terselfdertyd ook baie uiteenlopend is, tot wanneer aspekte hulself oor en oor herhaal en geen nuwighede meer gevind word nie. Die kwaliteit van kwalitatiewe navorsing berus op die onus om seker te wees dat die navorsingsbevindinge die deelnemers se persepsies of perspektiewe weergee. Ten laaste is dit belangrik om in ag te neem dat die resultate basies die hoër orde sintese in die vorm van 'n beskrywende prentjie, temas of ontluikende teorie is (Mertins & McLaughlin, 1995:110 – 112). Vervolgens word die bogenoemde beginsels van toepassing op hierdie studie bespreek.

Die Data-analise proses van hierdie studie is gerig deur die navorsingsvrae, naamlik: "Watter bates benut adolessente met ernstige gehoorverlies tydens hul sosiale interaksie met hul

normaalhorende portuurgroep? Watter strategieë volg die adolessente met ernstige gehoorverlies tydens hul sosiale interaksie met hul normaalhorende portuurgroep? Watter hindernisse kom voor tydens die sosiale interaksie van adolessente met ernstige gehoorverlies met hul normaalhorende portuurgroep? Watter aanpassings moet adolessente met ernstige gehoorverlies maak tydens hul sosiale interaksie met hul normaalhorende portuur en watter strategieë volg hulle? Watter aanpassings moet normaalhorende adolessente maak, tydens hul sosiale interaksie met hul portuurgroep met ernstige gehoorverlies?"

Tydens die proses van data-analise het ek van gerigte tematiese-analise en interpretasie gebruik gemaak. Volgens Mcmillan en Schumacher (1997:533) beskryf tematiese analise die spesifieke en onderskeidende herhalende kwaliteite, karaktertrekke, diskoers-aspekte of onsekerhede van belang, van die persone wat ondersoek word. Hierdie tipe analise identifiseer die temas in individuele gevalle en sintetiseer die temas dwarsoor verskillende gevalle. Dit dra by dat ander persone ook kan aflei, (en nie voorspel nie), wat in soortgelyke situasies kan gebeur.

Die proses van analise in hierdie studie het as volg plaasgevind. Eerstens is die transkripsies van die onderhoude, die observasies en video-opnames van elke geval, asook die refleksies van elke observasiegeleentheid afsonderlik ondersoek, ter identifisering van hoofkategorieë (bates, strategieë, hindernisse en aanpassings). Die hoofkategorieë is eerstens op elke datastel onderstreep en ooreenkomstig aangedui (oop kodering). Aangesien die observasies en video-opnames gesamentlik hanteer is in een dokument vir elke deelnemer, is daar vir die doel van verwysing tussen die observasies en video-opnames onderskei, deur dit op die datastel te merk as observasie (obs) en video (vid). Die eerste data-ondersoek het ook aanleiding gegee tot moontlike subkategorieë. Daar is nie aan die data verander nie, maar daar is wel dele deurgehaal nie van belang vir die analise geblyk het nie, om dit makliker te maak om die belangrike dinge met 'n oogopslag te kan sien. Die transkripsies is nie geredigeer nie, aangesien dit 'n belangrike aspek van die deelnemers met gehoorverlies se taalvaardigheid weergee.

Vervolgens is die hoofkategorieë op "Excel" ingevoer en die data van elke afsonderlike geval is weer nagegaan. Elke geval se subkategorieë is ingetik en die frekwensie van elk is in die verskillende gesprekke bepaal as 'n aanduiding van die gewig of belangrikheid daarvan vir elke deelnemer (aksiale kodering). Vervolgens is die subkategorieë weer deurgewerk en

volgens logiese volgorde onder die hoofkategorie gekategoriseer om verfyning van die subkategorieë teweeg te bring (sien Aanhangsel C vir voorbeeld).

Tydens die laaste fase van data-analise is die vier gevalle met mekaar vergelyk deur die proses van analitiese vergelyking. Tydens die proses is daar na ooreenkomste sowel as uniekhede tussen die gevalle gekyk. Die subkategorieë wat herhaaldelik by al die gevalle voorgekom het is in "Excel" ingevoer en verfynings is aangepas soos wat patrone duideliker geword het oor die verskillende gevalle. Daarna is die data/subkategorieë weer bestudeer om die uniekhede in elke geval te identifiseer. Daar is gekyk in watter frekwensie dit voorkom. Ek het deurentyd gepoog dat my persoonlike ervaringe ook as persoon met gehoorverlies nie die data beïnvloed nie, en het dit deurgaans met my studieleier gemonitor.

3.4 VERTROUBAARHEID VAN DIE NAVORSING

Sturman (1999:109), Swandt (1997:164) en Martins en McLaughlin (1995:52),stel die volgende ekwivalente terme met betrekking tot betroubaarheid en geldigheid in kwalitatiewe navorsing voor: *"credibility with internal validity, transferability with external validity, dependability with reliability en confirmability with objectivivity"*. Volgens hulle het kwalitatiewe navorsers 'n addisionele kategorie van *"authenticity"* ingebring (Patton, 2002:546).

Daar is deurentyd tydens die skryf van die navorsing verskeie bronne geraadpleeg om die konstantheid van die data met feitlike inligting wat reeds bekend is, te verifieer. In hierdie studie is deelnemers volgens maksimum-variasie steekproef gekies, wat oor goeie spraakvaardighede, asook oor gebaretaal met minder goeie spraakvaardighede beskik, wat hulself ook in verskillende situasies (skoolopset, blootstelling aan die breër samelewing) bevind, ten einde die geloofwaardigheid van die studie te versterk.

Tydens die navorsingsproses is daar eers voor die data-insamelingsfase 'n deeglike literatuuroorsig gedoen, om sodoende op hoogte van die nuutste denke en bevindings met betrekking tot die navorsingsprobleem te wees, sodat ek as navorser sou weet waarop om te fokus, alvorens die situasie of gebeure wat ondersoek moes word, betree is. Tydens die data-insamelingsfase is daar ook gepoog om observasies so deeglik moontlik uit te voer. Daar is gepoog om elke observasiegeleentheid so volledig as moontlik te benut en die volle tydsduur daarvan betrokke te wees. Ek besef egter dat dit net grepe van die deelnemers se lewe is wat waargeneem is en dat 'n volledige beeld op die hele lewe van die deelnemer nie slegs deur dié observasies verkry kan word nie.

Die feit dat die deelnemers 'n gehoorbeperking het en dat dit 'n invloed op hul kommunikasievaardighede mag hê, het die voer van onderhoude met 'n ouer en ander betrokkenes (onderwyser of afrigter) genoodsaak, om sodoende die inligting te kan verifieer en te verryk. Die onderhoude wat met die vriende of goeie kennis van die deelnemer gevoer is, het ten doel om ook die sienings van portuur van die adolessente met ernstige gehoorverlies te verkry, ten einde 'n gebalanseerde perspektief van albei partye te kan weergee.

Hierdie studie het verskillende data-insamelingstegnieke naamlik observasies, onderhoude, veldjoernale en 'n reflektiewe joernaal gebruik, om sodoende data te trianguleer en verifieer en die geloofwaardigheid van die data te verseker. Tydens data-insameling is ook van video-opnames van die observasie-geleenthede en bandopnames van die onderhoude gemaak, ten einde konstantheid en teenstellings in die data te kon waarneem en dus groter triangulasie te bewerkstellig. Dit was belangrik om in die studie 'n akkurate beskrywing van die omgewing, tyd en plek waarin die adolessente met ernstige gehoorverlies observeer is te gee, om te verseker dat die resultate op toepaslike situasies van toepassing gemaak kan word en nie breedweg veralgemeen sal word nie. Die inligting is uitvoerig in die veldjoernale en reflekterende joernaal met betrekking tot die deelnemers vervat.

Die analises en observasies is ook met my studieleier bespreek en geverifieer, om verdere geloofwaardigheid te verseker en my subjektiewe oordeel te minimaliseer. Ten slotte is daar ook in die studie gepoog om verteenwoordigende sienings van die adolessent met gehoorverlies, sowel as hul ouers en portuur te verkry en albei weer te gee om sodoende 'n samewerking tot geslaagde insluiting van adolessente met ernstige gehoorverlies te kan bewerkstellig.

3.5 DIE ROL VAN DIE NAVORSER

As kwalitatiewe navorser het ek gepoog om by die beginsels van kwalitatiewe werk te bly. Daar is hulpmiddele soos video-opnames en band-opnames deurgaans in die studie gebruik om deeglike en ryk data-insameling te verseker en te sorg dat belangrike inligting weens my eie gehoorbeperking nie verlore gaan nie. Ek het gepoog om inligting so volledig en eerlik as moontlik weer te gee, sodat die deelnemers en ander betrokkenes se persoonlike sienswyses na vore kon kom. Moontlike veranderinge aan die gesitueerdheid van die deelnemers, asook omstandighede wat die data mag beïnvloed, is eksplisiet gestel. Daar is deurgaans gepoog om die fokus op die navorsingsprobleem te rig.

Ek as navorser het gepoog om deurgaans so objektief as moontlik te bly, ten spyte daarvan dat ek self 'n persoon met ernstige gehoorverlies is en die omstandighede van die deelnemers verstaan en daarmee mag identifiseer. Dit is egter ook as bate in die navorsing benut, om vertroubare afleidings met insig te kon maak.

3.6 MOONTLIKE BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Die feit dat daar slegs vier deelnemers betrokke was by die studie, mag die vertroubaarheid en toepaslikheid van inligting van die studie beperk. Die gevalle is egter in diepte ondersoek en die deelnemers is volgens die maksimum-variasie seleksiebeginsel gekies, ten einde 'n vertroubare weergawe van die verskillende interaksie-situasies waarin adolessente met ernstige gehoorverlies hulself kan bevind, te weerspieël.

Die deelnemers se gehoorverlies kon weens hul kommunikasiebeperkings 'n invloed op die rykheid van die data gehad het. Om dié rede is daar ook besluit om die ouers en moontlik 'n vertroueling (onderwyser of afrigter) van elke deelnemer by die studie te betrek, wat groter vertroubaarheid van die data kon verseker.

Weens my eie gehoorbeperking bestaan die gevaar dat ek oormatig subjektief by die situasies van die deelnemers betrokke kon raak. Daar is sover moontlik gepoog om 'n objektiewe betrokkenheid te handhaaf en al die analises en interpretasies met 'n kollega (wat skriftelik instemming gegee het om alle inligting vertroulik te hou) en my studieleier te verifieer. Ek het deurgaans in die studie gepoog om balans, regverdigheid, volledigheid en sensitiwiteit vir die deelnemers, na te streef (Leedy en Ormrod, 2005:138)

3.7 ETIESE BEPLANNING

1) Inleidend

Leedy en Ormrod (2005: 101) en McMillan & Schumacher (1997: 419 - 421) bevestig die feit dat waar mense die fokus van 'n studie of ondersoek is, daar deeglik oor die etiese implikasies besin moet word, asook wat die navorser te doen staan om die studie eties korrek te volvoer. Hul meld dat die meeste etiese kwessies van navorsing in een van die volgende vier kategorieë val, naamlik: veiligheid van die deelnemers, ingeligte toestemming, konfidensialiteit en vertroulikheid, eerlikheid met kollegas. Dit sal vervolgens waar van toepassing op hierdie studie bespreek word.

2)Veiligheid tydens deelname aan die studie

Dit is die etiese verantwoordelikheid van my as navorser om die deelnemers van enige skade, hetsy fisies of emosioneel, te beskerm tydens die deelname aan die studie (Leedy & Ormrod, 2005:101).

Tydens die aanvangsgesprek is die deelnemers deeglik georiënteer, ten opsigte van die verloop van die studie en hul betrokkenheid daarby. In die studie word die risiko's tot die minimum beperk, aangesien ek as buitestaander die sosiale aksies van die deelnemers observeer en nie direk betrokke by die bedrywighede is nie. Die organisasies wat die aksies aanbied aanvaar dus verantwoordelikheid van enige fisiese skade wat die deelnemers mag opdoen.

Tydens die onderhoude is daar gepoog om die betrokke persoon op sy gemak te stel. Daar was ook 'n tolk beskikbaar gewees vir deelnemers wat daarvan gebruik wou maak. Volgens die etiese beginsels van die navorser is daar gepoog om wedersydse vertroue en respek tussen navorser en deelnemers te skep. Die emosionele impak van die gesprek is ook in ag geneem. Die deelnemers en ander betrokkenes is nie gedwing om oor sensitiewe kwessies te praat indien hul nie wou nie en indien dit nodig is, sal ek terapeuties ingryp.

3) Ingeligte toestemming

Die deelnemers en hul ouers is deeglik ingelig omtrent die doel van die studie. Die deelnemers en betrokke persone by die onderhoude se rol is deeglik aan hul verduidelik, alvorens skriftelike instemming tot deelname aan die studie deur middel van 'n instemmingsvorm geteken is.

4) Konfidensialiteit en vertroulikheid

Die inligting wat tydens die studie verwerf is, word ten alle tye konfidensieel gehou. Die deelnemers se identiteit bly anoniem en skuilname word deurgaans in die studie gebruik, wanneer van die deelnemers of betrokkene persone gepraat word. Dit word ook in die instemmingsvorm vir deelname aan die studie verseker.

5) Onttrekking van studie

Tydens die eerste ontmoeting is die feit aan die deelnemers duidelik gemaak dat hul geensins verplig is tot deelname aan die studie nie en dat hul op enige tydstip van die studie mag onttrek.

Die deelnemers se reg op privaatheid om inligting mee te deel is gerespekteer en hul word onder geen omstandighede verplig om sensitiewe inligting mee te deel indien hulle nie wou nie.

6) Eerlikheid aan kollegas

Daar word ook van my as navorser vereis om bevindinge van die studie op 'n eerbare wyse mee te deel, hetsy skriftelik of mondelings. Daar word ook van my vereis om die bevindinge van die studie aan oorhoofse liggame te stuur wat goedkeuring aan die studie verleen het. Die resultate van hierdie studie sal ook beskikbaar gestel word aan die Gautengse Departement van Onderwys (Leedy & Ormrod, 2005:101 – 102; McMillan & Schumacher, 1997:419 – 421) .

3.8 SLOTOPMERKING

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om die navorsingsparadigma, navorsingsontwerp en -proses, vertroubaarheid van die navorsing, rol van die navorser, beperkinge van die studie en die etiese implikasies van die studie, deeglik te omskryf. Daar is gepoog om vir die leser 'n blik te gee van wat tydens die studie uitgevoer is en hoe dit uitgevoer is.

Ek wil afsluit met 'n stelling van Delamont (2004:227) deur te noem dat dit 'n groot voorreg is om 'n kykie te kry in mense se sosiale wêreld en dat dit gerespekteer behoort te word. Die situasie of gebeure wat in hierdie studie ondersoek is, is baie spesiaal en hiermee word gepoog om deure vir toekomstige adolessente met ernstige gehoorverlies oop te maak. In die volgende hoofstuk word 'n blik gegee op, wat met betrekking tot die sosiale wêreld van hierdie mense gevind is.

HOOFSTUK 4

DATA ANALISE, BEVINDINGE EN INTERPRETASIE

4.1 ORIËNTERING

Die data-analise proses van hierdie studie is gerig deur die navorsingsvrae, naamlik: "Watter bates benut adolessente met ernstige gehoorverlies tydens hul sosiale interaksie met hul normaalhorende portuurgroep? Watter strategieë volg die adolessente met ernstige gehoorverlies tydens hul sosiale interaksie met hul normaalhorende portuurgroep? Watter hindernisse kom voor tydens die sosiale interaksie van adolessente met ernstige gehoorverlies met hul normaalhorende portuurgroep? Watter aanpassings moet adolessente met ernstige gehoorverlies maak tydens hul sosiale interaksie met hul normaalhorende portuur en watter strategieë volg hulle?" en "Watter aanpassings moet normaalhorende adolessente maak, tydens hul sosiale interaksie met hul portuurgroep met ernstige gehoorverlies?"

Tydens die fase van aksiale kodering is daar van die volgende koderingsisteem gebruik gemaak, byvoorbeeld ***Eohd*:5**

(1) E – Eerste letter van die naam van die deelnemer

(2) Data-insamelingshandeling, nl:

ohd – onderhoud met deelnemers

ohm – onderhoud met moeder

ohv – onderhoud met vriend/vriendin

oho – onderhoud met onderwyser

obs – observasie

vid – video-insetsel

refl – refleksiejoernaal

sms – sms transkripsies (Chrisette)

3) - Nommer van bladsy - 5

Die vier gevalle sal eers afsonderlik aangebied word met betrekking tot die vier hoofkategorieë van bates, strategieë, hindernisse en aanpassings van beide partye en daarna sal aandag geskenk word aan die uniekhede wat tussen die gevalle of in 'n besondere geval gevind is. Daar sal meer in besonderhede na die vergelykings en gevolgtrekkings in hoofstuk 5 verwys word. My verwysing na data sal as volg geskied: *"Ja, ek kan nie as ek my apparate afsit net lees wat liplees doen nie, want dan kan ek baie foute maak" (Eohd:5)*.

4.2 RESULTATE EN BEVINDINGS PER GEVAL

4.2.1 Gevallestudie 1: Elzire

(1) Agtergrond

Elzire is 'n Afrikaanssprekende dogter (14 jaar) met ernstige gehoorverlies van 90 desibel in albei ore en maak gebruik van gehoorapparate. Sy maak van gesproke taal as kommunikasiemedium gebruik. Sy is in Graad 8 in 'n hoofstroom-skool. Sy is 'n koshuisinwoner en dus grootliks in die geselskap van portuur met normale gehoor. Daar was tussen Graad 4 en 5 'n jaar onderbreking waar sy tuisonderrig ontvang het. Sy is in Graad 6 weer in 'n hoofstroom-skool geplaas. Ek het van haar bewus geword tydens navraag by "HASS" se gehoorsentrum -"Hearing Institute". Elzire se gesin is baie ondersteunend. Haar ouers is normaalhorend en daar is drie kinders, waarvan sy en haar middelste broer ernstige gehoorverlies het. Haar moeder het baie goeie kennis en ervaring van leerders met ernstige gehoorverlies, aangesien sy twee kinders met gehoorverlies het asook by 'n skool vir leerders met ernstige gehoorverlies skool hou.

Daar is gesamentlik besluit om Elzire se "Eisteddfod" oefeninge en deelname te observeer, asook haar hokkie oefeninge. Daar is gepoog om van haar landloopoefeninge by te woon, maar die ongereelde aard van die plek waar hul draf het dit bemoeilik. Daar is twee kere gepoog om daarna te gaan kyk, maar dan was hul reeds weg na ander plekke om te gaan draf. Haar "Eisteddfod" deelname is vir twee oefeninge en tydens haar optrede met die kompetisie observeer. Haar hokkie aktiwiteite is tydens vier oefensessies en 'n wedstryd observeer.

(2) Observasies en video-opnames

Tydens die eerste observasiegeleenthede het Elzire aanvanklik gereserveerd en gespanne voorgekom. Die druk van die skoolwerk en die ekstra "Eisteddfod" deelname blyk hoog te wees. Tydens die observasies het sy aanvanklik net kortliks op die vrae wat ek haar gevra het reageer. Namate ons meer met mekaar te doen gekry het, het sy ontluik en meer ontspanne voorgekom. Tydens die derde en vierde observasies, het sy self na my toe gekom en kom groet en kom vra of ek haar wil sien. Haar goeie spraakvaardighede word beklemtoon deur haar poësie voordrag tydens haar "Eisteddfod" deelname, waar sy met normaalhorende persone kompeteer het. Tydens ons informele interaksies het sy minder duidelik en vinniger gepraat as wanneer sy voordra en moes soms vir haar vra om inligting te herhaal.

Gedurende die observasietydperk het Elzire se hokkiespan omtrent tydens elke oefening 'n ander afrigter gehad. Dit het voorgekom of nie al die afrigters ewe konsidererend teenoor

Elzire was nie. Die eerste afrigter het vir my die meeste begrip vir Elzire se omstandighede getoon en het haar die meeste in ag geneem, maar sonder om haar te laat uitstaan. Sy het byvoorbeeld tydens 'n oefensessie waar 'n ander afrigter oorgeneem het, gesorg dat sy naby Elzire staan en die inligting of opdragte van die ander afrigter vir haar herhaal. Die ander afrigters het baie rondbeweeg en in die beweging gepraat en weggekyk, sodat Elzire nie altyd kon volg nie.

Oor die algemeen het dit gelyk of haar spanmaats begrip vir haar toon. Hulle sou nie skroom om inligting vir haar te herhaal of haar in kennis te stel of aan te raak, indien die afrigter iets vir haar wou sê en Elzire op daardie tydstip nie vir haar gekyk het nie. Aanvanklik was sy bietjie skugter en op haar plek in die span, maar namate die observasietydperk verloop het, het sy meer meelewing met haar spanmaats getoon en spontaan met hulle gesels. Haar spanmaats het ook na twee hokkie oefeninge vir haar gewag om saam met haar koshuis toe te stap. *"Elzire het ook vanmiddag meelewing getoon met een van die spanmaats wat die bal verkeerd geslaan het, deur na die gebeurtenis haar aan haar skouer te vat en moed in te praat" (Evid:12).* Elzire verkies dit volgens my observasies om met enkel persone of hoogstens twee in interaksie te tree. *"Sy het toe weer na die spanlid gegaan en saam met haar gaan stap en gesels en toe gegroet en 'n drukkie gegee" (Evid:14).*

Haar sterkte het na vore gekom in haar optredes tydens die hokkie-oefeninge. Sy het gefokus voorgekom en haar aandag op die aktiwiteit en persoon wat praat gefokus, waar haar spanmaats tussen-in sou gesels. Sy sou ook nie skroom om te vra indien sy inligting gemis het weens haar gehoorverlies nie. Sy het gedurende oefeninge naby die afrigter gestaan, waar sy goeie gesigkontak met die spreker/afrigter kon hê. Om haar verder te help sou sy kyk wat die res van die span doen en dit navolg. Na oefeninge het sy van die inligting wat sy gemis het by haar afrigter gaan seker maak, soos die tye van die volgende wedstryd. Elzire het ook tussen die besprekings sinvolle vrae gevra en was nie bang om haarself te laat geld tydens spanbesprekings nie.

Dit het ook duidelik geword tydens observasie dat Elzire so normaal as moontlik wil voorkom. Sy hou nie daarvan om uitgesonder te word nie en kom sensitief voor in omstandighede waar haar gehoorverlies ter sprake kom. *"Ja, ahm, wil net normaalweg doen (sic)*[2] *en al daai goeters en dan kom hulle nou by my, dan voel ek skamerig en dan sal ek maklik afkyk. Ek hou nie baie daarvan nie" (Eohd:4).* Haar moeder het genoem dat sy die dag wat ek die

[2] *sic:* deurgaans ingevoeg om aandag te vestig op besondere formulering deur die deelnemers, dus aanduidend van taaluitvalle asook (self-)persepsie met betrekking tot hul gehoorverlies.

toestemmingsbriewe van haar spanmaats laat teken het, omgekrap voorgekom het en dit beskou het dat haar gehoorverlies na haar mening benadruk word. *"Sy noem toe: Is dit nou nodig dat dit so ingevryf moet word, dat sy embarassing (sic) voel" (Eohm:6)*. Daarna het ek wel met haar daaroor gepraat en sy het genoem dat dit bietjie onverwags op haar was en sy onseker was hoe om dit te hanteer. Nadat ons dit bespreek het, het sy beter gevoel daaroor. Haar sensitiwiteit het tydens twee verdere geleenthede ook geblyk. Sy het tydens 'n oefensessie die bal op verkeerde tydstip geslaan, weens 'n misverstand toe sy die afrigter nie gehoor het nie. Na die insident het sy dadelik vir 'n spanmaat gevra, wat sy verkeerd gedoen het. Die spanmaat het haar gerus gestel, maar 'n mens kon sien dit het haar ontstel en 'n rukkie later het die afrigter ook na haar gegaan en vir haar gesê als is reg, daar is nie fout nie. *"Elzire het toe na die tweede keer die afrigter omverskoning gevra en die afrigter het aangegaan om die bal vir die ander speler te slaan"(Evid:10).* 'n Volgende insident het ook plaasgevind waar Elzire direk na haar hokkiewedstryd vertrek het en vir die afrigter om verskoning gevra het dat sy nie langer kon bly nie.

Elzire blyk haar uiterste bes te doen om suksesvol aan te pas binne 'n hoofstroom-skool en binne die normaalhorende samelewing, maar dit blyk wel dat dit sy tol eis en ekstra spanning meebring. Sy doen wel baie goed en bereik goeie prestasies.

(3) Bates

Dit het sterk na vore gekom in die data dat Elzire se ouers en veral haar moeder baie betrokke is en ondersteuning verleen. Dit blyk dat sy en haar ouers 'n goeie verhouding het en dat hulle haar so normaal en selfstandig as moontlik wil grootmaak en juis in die koshuis geplaas het, om onafhanklikheid te ontwikkel en ter wille van sosialisering. *"Ek moedig dit baie aan en dit is in 'n mate 'n rede hoekom ons haar ook in die koshuis gesit het. Sy moet bietjie gedwing word, sy het nie onmiddellik uitgegaan nie, dis belangrik" (Eohm:5)*. Dit kom in die data verskeie kere na vore dat haar ma 'n prominente rol in haar lewe vervul. *"...ek help haar om inligting te soek, of ek sal vir haar help prente soek en sal vir haar, jy weet prente plak en doen. Dit is vir my goed want haar tyd is beperk" (Eohm:5)."* Die moeder se besorgdheid mag Elzire moontlik meer afhanklik maak. Sy praat soms van haar as "*my dogtertjie" (Eohm:6).*

Elzire het goeie spraak- en spraakleesvaardighede en sy benut haar gehoorreste ook goed. *"Baie lekker van ons vriendskap is eintlik, ons kommunikeer eintlik goed en ons gaan doen so bietjie saam soos ysskaats en skaats ons saam..." (Eohv:1). "Ja, eintlik doen sy goed, ek*

verbaas my partykeer dat sy gehoor het wat ek gesê het. Soms weet ek nie eers wat ek gesê het nie, ek praat partykeer vinnig" (Eohv:3). " Ja wat, ek hoor, verder dan lees ek maar lippe en luister ek na klanke" (Eohd:4). Sy baat by die dra van haar gehoorapparate en verkies om dit te dra. *"Ja, ek kan nie as ek my apparate afsit net lees wat liplees doen nie, want dan kan ek baie foute maak" (Eohd:5)*. Sy haal ook nie haar gehoorapparate tydens sportoefeninge uit nie en blyk dat sy dit die beste benut wat sy kan.

Sy beskik oor 'n sterk wil en deursettingsvermoë om haar eie vaardighede te verbeter. *"Elzire het ook nie stil gestaan nie. Jy weet sy het haar sê gesê" (Eohm:4)."O, ek het haar gevra wat kan ek die vakansie doen om bietjie beter te oefen"(Eohd:11)*. Elzire is 'n konsensieuse werker en sal volgens gesprek met haar moeder haar uiterste bes doen. *"Sy is akademies verskriklik, konsensieuse werker. Terwyl ek haar tuis onderrig het, het ek weer begin skool hou....Jy weet dan het die kind by my in die klas gesit en haar werkies gedoen. Dit het eintlik baie goed gegaan" (Eohm:2)*.

(4) Hindernisse

Die hindernisse waarmee Elzire hoofsaaklik in haar alledaagse lewe te kampe het is die feit dat sy inligting mis weens haar gehoorbeperking. By haar hokkie oefeninge en in die gesprek met haar, het dit geblyk dat die afrigter baie rondbeweeg en wegkyk wanneer sy byvoorbeeld 'n tegniek demonstreer en dat gesigkontak nie altyd moontlik is nie. *"Ek het baie keer beweeg dan kan ek nie altyd hoor wat sy sê nie" (Eohd:12)*. Met omtrent elke hokkie-oefening het 'n student wat die bestaande afrigter behulpsaam was die span kom help afrig. *"Dis gewoonlik mense wat tydelik is, maar dan kan mens nie lekker hoor of ahm doen wat hulle sê nie, ahm maar oor die algemeen hoor ons (sic)" (Eohd:7)*.

Wat pertinent voorgekom het in gesprekke met haar, haar moeder en vriendin is dat Elzire geneig is om maklik kwaad en gefrustreerd te raak. *"Ek moet tussenbeide tree en jy weet, sy is nogal geneig om 'n bietjie oor te kook" (Eohm:5). "Ons kan maklik kwaad word, sy kan baie maklik kwaad word en ek kan ook baie maklik kwaad word, dan hoor ek nie wat sy sê nie, sy kyk dan weg" (Eohd:3).* Dit gebeur ook wanneer die vriendin nie so lekker voel of nie in so goeie bui is nie en Elzire nie so goed kon volg wat sy sê nie en die vriendin vir Elzire moet herhaal. Dit blyk 'n groter hindernis te wees vir die mense met wie Elzire te doen het as vir haarself. Elzire besef dit mag 'n minder goeie eienskap van haar wees.

Toe Elzire jonger was, het dit volgens haar moeder gebeur dat die kinders nie altyd begrip vir haar omstandighede gehad het nie en gedink het sy is snaaks of anders. In die laerskool het

hulle byvoorbeeld gedink sy kan nie 'n netbal bal vang nie en het hulle aanvanklik nie vir haar gegooi nie, omdat sy gehoorverlies het. Later het hulle wel agtergekom dat sy baie goed kan doel gooi en het toe meer vir haar gegooi. *"En dit was voordelig om vir haar te gooi, en hulle het toe mettertyd gesien, maar sy speel net so normaal (sic)" (Eohm:4).* Aanvanklik in die hoërskool was kinders ook onseker hoe om haar te benader en het hulle gedink sy is snaaks, maar namate hul haar leer ken en verstaan het, het hul gesindheid verander. *"Baie kinders dink dit is snaaks om met so 'n persoon vriende te wees, want hulle dink daardie persoon is anders" (Eohv:4).* Haar vriendin het dit opgemerk, maar het nie toegelaat dat dit haar afsit van hul vriendskap nie. Elzire was aanvanklik skaam en geneig om haar van gesprekke te onttrek, maar dit het verbeter deur haar blootstelling in die koshuis.

Volgens haar moeder het hulle eenkeer weerstand van die hoërskool waarin sy tans is ervaar. Elzire se moeder beweer dat die horende samelewing baie oningelig rakende persone met gehoorverlies is. *"Partykeer dink hulle wanneer die kinders nie hoor nie, die kinders wil nie hoor nie en daar is baie min verstand, dan antwoord hulle verkeerd. Dan dink mense hulle is dom. Terwyl deur net weer die vraag te vra, sou dit herstel het. Aan die ander kant dink mense as hulle apparate dra, herstel dit hulle gehoor. So ek weet nie of jy ook sulke dinge ervaar nie, maar dit is nie regtig per ongeluk nie, hulle weet nie wat dit behels nie" (Eohm:5).* Elzire se moeder voel sterk daaroor dat die horende partye meer ingelig behoort te word in verband met die hantering van persone met gehoorverlies. *"Dit is nou wel moeilik om almal die inligting te gee, maar ek dink skole moet moeite doen" (Eohm:5).*

(5) Aanpassings wat Elzire maak en strategieë wat sy volg

Die strategie wat Elzire die meeste volg, is dat sy nie huiwer om haar spanmaats, afrigter of vriende te vra wanneer sy inligting mis nie, byvoorbeeld "*of ek sal iemand vra, of ek sal na die juffrou toe hardloop, of wat ook al en haar vra wat ek moet doen" (Eohd:7).* Tweedens sal sy ook kyk wat haar ander spanlede doen en dit dan navolg. *"Ja, nog probeer ek kyk wat die ander kinders doen" (Eohd:7).* Elzire sal meestal sorg dat sy op die regte plek staan om mense se gesigte en lippe te kan sien, om spraaklees te kan doen en haar gehoorreste tot die maksimum te benut.

'n Groot bate van Elzire is die feit dat sy graag wil weet wat aangaan en self gaan uitvind sodra sy inligting gemis het. *"Een van my laerskool onderwysers hulle, hulle weet ek is doof (sic) en hulle maak 'n plan om, hulle weet ek sal uitvind wat gaan gebeur of iets" (Eohd:8).*

(6) Aanpassings van horende persone (portuur en betrokkenes)

Elzire se spanmaats sal vir haar inligting herhaal wanneer sy hulle vra en sal vir haar kyk wanneer hul met haar praat. Dit het wel uit die observasies geblyk dat hul soms nalaat om dit te doen. Van die afrigters wat vir Elzire ken, sal ook vir haar kyk as hulle iets verduidelik vir die span. Een afrigter wat tweekeer by die oefeninge was het Elzire se omstandighede baie goed hanteer, deur eers die tegnieke van die hokkie te verduidelik, dit dan te demonstreer en laastens dit in te oefen met die spanlede. 'n Ander afrigter wat haar al goed ken het toe sy weggedraai het vir 'n spanlid vooraf gevra om die inligting vir Elzire te herhaal.

Tydens die bestudering van gesprekke en observasies van Elzire het dit geblyk dat aanpassings gewoonlik plaasvind wanneer 'n persoon haar al 'n rukkie leer ken het. Elzire se beste vriendin het al die gewoonte om vir haar te kyk wanneer hulle gesels en vat outomaties aan haar skouer om haar aandag te kry indien sy met haar wil praat en Elzire kyk op daardie tydstip weg. Sy sal ook inligting wat Elzire in die skooldag dalk misgeloop het, in die middag na skool vir haar herhaal. *" Ja, ja ek ken nou al, dat ek vir haar moet kyk as ek met haar praat, dan moet ek my gesig na haar toe draai as ons bid in die aande dat sy my lippe kan sien, kan sy my volg. Partykeer het sy nou iets nie gehoor nie, dan sê ek net goed. As sy my iets vra dan kan ek vir haar sê ons moet dit leer, of nee sulke goedjies" (Eohv:3). " Sy kan partykeer, kan sy, ahm, dan raak sy net aan my dat ek vir haar kan kyk, partykeer roep sy my net, ahm dan kyk ek net om" (Eohd:3).*

Onderonsies kom gewoonlik voor wanneer die vriendin nie in 'n goeie bui is nie en dit dan meer inspanning is om vir Elzire inligting te herhaal. Die intensiteit daarvan varieer volgens die vriendin se bui *"dan is dit of ek dit nie wil doen nie, maar ek doen dit maar, anders is ons 'n bietjie kwaad, wanneer ek nie in 'n goeie bui is nie" (Eohv:2)*. Die hoofsaak waaroor dit in so 'n goeie vriendskap gaan, is dat daar aanvaarding en begrip vir mekaar is. *"Eintlik is dit haar vriendskap en liefde. Van Graad 1 af was sy eintlik die enigste persoon wat my aanvaar het soos wat ek is en ek haar aanvaar soos wat sy is" (Eohv:2). "Ja, sy is my eintlik gewoond, kom nie meer agter, eintlik doof (sic) is nie" (Eohd:3).* In gesprek met die vriendin het die moeder se besorgdheid weer geblyk, waar sy vir haar gevra het om Elzire in die hoërskool te ondersteun. "*Haar ma het my eintlik gevra . Ek het nie eintlik agter gekom, toe vra haar ma my of ek nie tussenin wil kom, dan kan ek vir Elzire help en sulke goedjies nie" (Eohv:3).*

4.2.2 Gevallestudie 2: Martin

(1) Agtergrond

Martin is 'n Afrikaanssprekende seun (17 jaar) in Graad 11 met 'n gehoorverlies van onderskeidelik 85 desibel in die linker oor en 95 desibel in die regteroor. Hy is tans in 'n skool vir leerders met matige tot ernstige gehoorverlies wat spraak voorstaan. Martin is in die koshuis en is meestal in die geselskap van ander portuur wat ook 'n gehoorverlies het. Voorskools was hy in die Kaap by 'n gewone kleuterskool betrokke en het spraakbegeleiding by Tygerberg ontvang. Hy het op die ouderdom van ongeveer vyf jaar na hierdie skool vir leerders met matige gehoorverlies gekom en is sedertdien nog hier. Hy maak hoofsaaklik van gesproke taal as kommunikasiemedium gebruik. Hy gaan met geleenthede uit saam met sy nefie met normale gehoor en kuier gereeld by hul aan huis. Hy het 'n jonger sussie en sy ouers wat normaalhorend is. Aangesien Martin baie sportief is, is daar gesamentlik besluit om sy rugby aktiwiteite (oefeninge en wedstryde) te observeer. Verder sou sy koshuisbedrywighede ook observeer word tydens middag buitespel.

(2) Observasies en video-opnames

Tydens die aanvanklike ontmoeting met Martin het hy selfbewus en skaam voorgekom. Gedurende die verloop van die observasietydperk het hy wel gemakliker voorgekom tydens ons gesprekke, hoewel hy nog traag was om op my vrae uit te brei. Hy het hoofsaaklik met kort en saaklike antwoorde reageer. Dit het voorgekom of hy nie belangstel nie en die dinge so gou as moontlik wil afhandel. Hy is wel volgens gesprek met sy moeder, aanvanklik bietjie meer teruggetrokke in die geselskap van meisies en vreemdelinge, maar later raak hy meer ontspanne en spontaan. *"Hy het nie 'n probleem met hulle nie, as dit by meisiekinders kom is hy skaam" (Mohm:1)*. Dus moet in gedagte gehou word dat hy moontlik selfbewus gevoel het in my teenwoordigheid as vrou en reeds die adolessente lewensfase betree het. Dit mag ook bloot net deel van sy persoonlikheid wees. Hy het soms gemaak of hy hoor, maar dan onvanpas reageer, moontlik omdat hy te selfbewus gevoel het om te vra vir herhaling, of omdat hy nie lus was vir 'n gesprek nie. Dit het ons interaksie moontlik bietjie beperk en 'n negatiewe indruk geskep. Dit mag wees dat hy nog nie volkome sy gehoorverlies aanvaar en verwerk het nie.

Daarenteen het dit geblyk dat Martin baie spontaan met sy spanmaats en vriende was en daarvan hou om poetse te bak en grappies te maak. Die grappies en speletjies wat tussen Martin en sy maats plaasgevind het. *"Martin blyk gemaklik in interaksie te tree met die seuns wat hy ken en wat min of meer dieselfde ouderdom is" (Mobs:3). "Daar was ook 'n mate van*

fisieke kontak teenwoordig, soos aan 'n vriend se arm of skouer te vat om sy aandag te kry. (Mobs:4). Tydens rugbyproewe het hy ewe spontaan ook met vriende van ander skole gesels wat hy minder gereeld sien. *"Later het hy ook na die ander rugbyspelers beweeg en met hulle gesels" (Mvid:4)*. Hy het ook spontaan met 'n onderwyseres gaan staan en gesels tydens rustyd van die rugbyproewe. Die eienskap het ook in gesprek met sy moeder ter sprake gekom. *"Toe sien ek hy is glad nie skaam om betrokke te raak by iemand anders nie" (Mohm:3).* Dit het deur my observasies geblyk dat Martin dit geniet om in 'n groep tussen sy maats te wees en dinge saam met hulle te doen.

Tydens die rugbyoefening wat geobserveer is, het dit geblyk dat die afrigter wat hom hoofsaaklik afrig, Martin se omstandighede goed in ag neem. Wanneer hy iets spesifiek vir Martin wou verduidelik, het hy nader aan hom beweeg en vir hom gekyk wanneer hy met hom praat. In sulke omstandighede blyk Martin goed aandag te gee.

Voor 'n rugbywedstryd kom Martin meer gefokus en stiller en stemmiger voor. Tydens rugbywedstryde het dit gelyk of hy nie altyd tydens rustye so goed fokus nie. Hy sou met tye op die afrigter fokus en probeer spraaklees wat hy sê, ander tye het hy water gedrink, rondbeweeg en tussenin met vriende gepraat, terwyl hy nie met die afrigter gesigkontak behou het nie, en dit het nie gelyk of dit hom pla nie. In sulke situasies het hy gewoonlik op sy vriende staatgemaak om vir hom te herhaal wat hy gemis het.

Ek het ook opgemerk dat Martin nie met sy gehoorapparate rugbywedstryde speel nie. Vir hom persoonlik, pla dit nie baie nie. *"Lekker (sic)" (Mohd:6)*. Onder sulke omstandighede is gemerk dat hy meer op spraaklees moes fokus om te volg wat die afrigter vir hulle sê. Dit mag moontlik 'n inligtinggaping meebring. *"Ek kan hoor, maar ek kan liplees" (Mohd:6)*. *"Water drink en kyk (sic)" (Mohd:6*). Om moontlik te kompenseer het hy ook visueel oplettend opgetree en gekyk wat sy vriende doen. Dit was vir my duidelik dat hy baie goed kyk wat sy maats doen en hulle dan navolg, veral wanneer hy nie sy apparate in het nie (soos tydens opwarming voor 'n wedstryd). Dit het gesorg dat hy altyd op sy pos voorkom op die veld.

Volgens my observasie het Martin betrokke ouers, maar hulle probeer hom onafhanklik grootmaak. Hy is in die koshuis en gaan basies net naweke huis toe en soms kuier hy net by familie tydens naweke. *"Ons het hom normaal net soos enige ander kind hanteer" (Mohm:4)*. Hy gaan ook baie op sporttoere tydens vakansies. Martin kom grootliks onafhanklik en selfstandig voor. Tydens 'n middag buitespel het dit duidelik geblyk dat Martin besorgd en beskermend oor kleiner kinders is en dit het ook in gesprek met sy moeder na vore gekom.

"Maar ek weet hy is baie beskermend teenoor kleiner kinders, kinders wat jonger as hy is en miskien kleiner gebou en hulle boelie hom, dan sal hy instaan dat hulle hom nie slaan, of al moet hy die pakslae vat daarvoor" (Mohm:6)

(3) Bates

Martin se moeder het sterk beklemtoon dat hulle as ouers hom selfstandig en selfversekerd grootgemaak het. *"Ons het hom van vroeg af gesê, hy het niks om oor skaam te wees nie. Dit maak hom nie 'n minder goeie mens, omdat hy gehoorgestremd (sic) is nie" (Mohm:2).* Dit het in gesprek met sy moeder geblyk dat hy 'n goeie verhouding met sy ouers het en baie met hulle deel. *"Hy kom gesels baie met ons, so ons weet presies wat rêrig aangaan, in die skool en met sy vriende" (Mohm:6).* Hy toon oorwegend 'n sterk wil en staan op sy regte. *" Hy kan sy man staan, hy is nie bang daarvoor nie. Nee hy kan vir homself opkom" (Mohm:5). " As hy my geslaan het sal ek hom terug slaan" (Mohd:13).* Hierdie eienskap het sterk na vore gekom tydens gesprekke met sy moeder en vriend en hy het dit persoonlik ook bevestig.

Martin beskik oor goeie spraak- en spraakleesvaardighede en sy gehoorbeperking blyk nie in sy pad te staan nie. *"Ons praat baie" (Mohv:22). " Mens sal seker maar altyd wens jy kan gehoor het, maar ek dink dit is nie 'n groot "issue" by hom nie" (Mohm:4). "Soos ek hom opsom, hy is nie een wat skaam is oor sy gehoor nie" (Mohm:2).* Hy blyk volgens observasies goed by die gebruik van sy apparate te baat en baie op sy gehoorreste staat te maak. Ek het gemerk dat Martin so normaal as moontlik wil voorkom en graag sukses wil behaal. Hy blyk homself goed in sy huidige omstandighede te handhaaf.

(4) Hindernisse

Die hindernisse waarmee Martin volgens sy moeder hoofsaaklik tydens sy kinderjare te doen gehad het, is dat die familie aanvanklik onseker was hoe om hom te hanteer. Hulle het aanvanklik harder en meer oordrewe gepraat, om te verseker dat hy goed kon hoor. Namate hul gesien het hoe sy ouers hom hanteer, het hulle hom meer spontaan hanteer. *"Toe het hulle hom naderhand hanteer soos wat ons hom hanteer. Hulle het natuurlik gekyk hoe ons met hom werk, van die familie het nie geweet dat jy vir hom kyk, hoe om met hom te werk." "Ek dink in ons situasie van familie verstaan hulle dit en partykeer sal hulle bietjie harder praat as hy nie gehoor het, veral as daar nou baie geraas is en goed dan sal jy agterkom hulle praat so bietjie harder met hom, as normaal" (Mohm:3).*

Martin se moeder het aanvanklik gesukkel om sy frustrasies en emosies te hanteer. *"Al waarmee hulle ons gehelp het hier by die skool is, hy was humeurig, maar ons het nie geweet*

hoe om met hom te werk nie, ag jy weet, toe was hy maar 'n jaar oud" (Mohm:4). Dit was 'n fase waarin hy baie sensitief en opstandig was. Deur goeie ouerbegeleiding het dit wel mettertyd verbeter en het hy volgens sy moeder 'n rustiger kind geword.

Martin se moeder het haar sterk daarteen uitgespreek dat mense dink omdat Martin gehoorverlies het, hy verstandelike probleme ook het. *"Dan praat hulle met hom asof hy heeltemal onnosel is, of hy nie net gehoorgestremd (sic) is nie, maar sommer heeltemal nie vir homself kan dink nie. Dit maak my natuurlik kwaad" (Mohm:7).* As ouers poog hul om hom so normaal as moontlik groot te maak. *"Ons het hom normaal net soos wat jy 'n ander kind hanteer (sic)" (Mohm:4)*

(5) Aanpassings wat Martin maak en strategieë wat hy volg

Die strategieë waarvan Martin hoofsaaklik gebruik maak om in sy interaksie met sy portuur oor die weg te kom, is sy goeie spraakleesvaardighede en sy gehoorreste. *"Ons praat baie (sic)" (Mohv:22). "As ek die apparate in het, dan lees ek nie lippe nie " (Mohd:6).* Martin sal ook nie skroom om vir sy vriende te vra om inligting wat hy gemis het vir hom te herhaal nie. *"Ek vra my vriend" (Mohd:3).* Volgens Martin se moeder sal hy ook nie huiwer om vir 'n persoon te vra om duideliker te praat of om te herhaal indien hy nie gehoor het nie. *"Hy is glad nie skaam om te sê, luister, ek het nie mooi geluister wat jy gesê het nie, sê net weer..." (Mohm:2)*. Hy sal met gemak ook met sy vriende 'n gesprek aanknoop.

Hy sal ook soveel as moontlik gesigkontak probeer behou in gesprekke. *"Water drink en kyk (sic)" (Mohd:6).* Martin self het nie so baie klem gelê op die feit dat hy liplees nie, maar in die observasies het dit wel na vore gekom dat hy die vaardigheid benut. Dit wou meer voorkom of hy so normaal as moontlik wil optree en dit nie as 'n probleem sien dat hy gehoorverlies het nie en ietwat sensitief oor die feit is. *"Ek kan mos hoor" (Mohd:8)*. Dit laat my wonder in hoe mate hy sy gehoorverlies aanvaar en verwerk het.

(6) Aanpassings wat sy vriende maak

Martin se vriende is ook al gewoond om vir hom te kyk wanneer hulle met hom praat. Tydens een middag se buitespel het dit my opgeval dat een vriend van Martin wel duideliker probeer praat het. Dit kom prominent tussen Martin en sy vriende (wat ook gehoorverlies het) voor, dat hulle baie ondersteunend teenoor mekaar is, aangesien hulle mekaar al lank ken en van kleutertyd af saam in die skool is. Hulle blyk die nodige aanpassings reeds te gemaak het, aangesien hulle kennis van gehoorverlies het. Hulle verstaan en aanvaar mekaar. Hulle sal byvoorbeeld mekaar terughou om nie by bakleiery betrokke te raak nie. *"Vriende van kleins*

af (sic)" (Mohd:10). *"Ons het hom weggevat, ek en my vriend" (Mohd:13*). Martin se vriende is geneë om inligting vir hom te herhaal wat hy gemis het. *"Vra my vriend (sic)" (Mohd:7)*. Hulle sal mekaar se aandag probeer kry deur te waai of 'n gebaar, of hulle het mekaar wel ook in mindere mate geroep. Dit het my opgeval dat hulle baie met hul hande beduie om inligting oor te dra, hoewel dit nie gebaretaal is nie.

Tydens onderonsies tussen Martin en sy beste vriend, sal hulle mekaar vir 'n ruk los en later opmaak, deur vir mekaar omverskoning te vra. *"Ek slat hom nie, ek los hom, laat hom eenkant, dan kom hy en sê hy's jammer" (Mohv:3)*. Oor die algemeen is Martin 'n rustige persoon wat gemaklik met sy vriende oor die weg kom.

4.2.3 Gevallestudie 3: Chrizette

(1) Agtergrond

Chrizette is 'n Afrikaanssprekende dogter (19 jaar) in Graad 12, met 'n gehoorverlies van by die 90 tot 100 desibel in albei ore en sy gebruik gehoorapparate. Sy is verbonde aan 'n skool vir leerders met ernstige gehoorverlies. Sy is onderhoofmeisie van haar skool. Sy maak hoofsaaklik van gebaretaal as hoof kommunikasiemedium gebruik. Haar moeder is normaalhorend, maar is gebaretaal volkome magtig en 'n tolk by Chrizette se skool. Haar stiefvader het ook gehoorverlies en is 'n tolk in gebaretaal. Sy het 'n boetie wat verstandelik gestremd maar normaalhorend en in dieselfde skool is. Die gesin woon op die skoolgronde en dus is sy 'n dagskolier.

Sy was met tussenposes tydens kleuterfase en toe weer in Graad 4 by 'n skool vir leerders met matige gehoorverlies (dieselfde skool as Martin). Volgens haar moeder het sy haarself anders as haar maats, wat in daardie skool was, ervaar. Dit het in negatiewe gedragswyses soos 'emosionele uitbarstings' en ongelukkigheid om skool toe te gaan, vergestalt. Om die rede het haar ouers dit goed gedink om haar weer terug te plaas in die skool vir leerders met ernstige gehoorverlies.

Weens haar omstandighede blyk sy meer binne die dowe kulturele groepering te beweeg. Sy het onder my aandag gekom tydens my internskap by haar skool. Sy maak min kontak met vriende met normale gehoor. Dit gebeur hoofsaaklik deur sms'e en seldsame kuiers van haar beste vriendin uit die Kaap wat normaalhorend is. Sy wil graag uitbeweeg in die breër samelewing deur aan aktiwiteite soos 'n natuurbewaringskursus en vrywillige werk by die dieretuin deel te neem, hoewel dit beperk is. Daar is gesamentlik besluit om haar te observeer tydens haar betrokkenheid by haar skool se konsert-oefeninge en –optredes, haar vrywillige

werk by die dieretuin en netbalbedrywighede. Die gesprekke met Chrizette is hoofsaaklik met behulp van haar moeder as tolk gedoen. Die informele gesprekke is sonder 'n tolk gedoen, aangesien haar moeder nie altyd by was nie. Dit het 'n remmende invloed op ons interaksie gehad, aangesien ek nie volkome gebaretaal magtig is nie en sy nie altyd spraak sonder gebare ondersteuning verstaan nie. Dit het my wel die geleentheid gebied om Chrizette se persoonlike mening te verkry. Ek het ook vir haar gevra om insae in 'n paar sms'e te kry. Sy het 'n week se sms'e beskikbaar gestel.

(2)Observasies en video-opnames

Tydens die observasies het dit geblyk dat Chrizette haar skool se sport en kulturele bedrywighede ondersteun. Tydens die netbalwedstryde wat observeer is, het sy spontaan tussen die wedstryde met haar spanmaats gesels, asook met maats van haar vorige skool met wie sy nou in mindere mate te doen het. *"Na die wedstryd het Chrizette spontaan met haar maats gesels"* (in gebaretaal) (Cvid:1). *"Partykeer gebeur dit dat ek saam met 'n doel is wat verskriklik lank is en hulle het al my balle gesteel en so-aan en agterna kan ons lekker lag en daaroor gesels. Ek voel gemaklik teenoor my eie span en gemaklik teenoor die ander span, teenoor wie ons gespeel het" (Cohd:13)*. Die afrigter het tydens die spanpraatjie vir die spelers getolk. Chrizette het wel stiller en stemmiger in die teenwoordigheid van normaalhorende persone voorgekom. *"So ek ken nog van hulle en ons het hier en daar kontak, maar ahm, met die horende sal ek net sê hallo" (Cohd:13).*

Chrizette is tot dusver die enigste persoon met gehoorverlies wat die natuurbewaringskursus by die wildtuin voltooi het en soms vrywillige werk daar doen. Tydens ons besoek aan die dieretuin was Chrizette in die diepkant ingegooi en moes sy saam met 'n onbekende persoon (normaalhorend) werk. Ek was aanvanklik in die middel en moes in my gebroke gebaretaal vir haar tolk. Ek het lateraan bietjie onttrek en sy het heel goed verder haarself laat geld. Sy het inisiatief geneem en vir die medewerker gevra hoe sy kan help. Nadat die medewerker vir haar 'n voorbeeld gewys het, het sy ingeval en die werk afgehandel, wat van goeie observeringsvaardighede getuig. *"Nee dit was nie vir my moeilik gewees nie, sy het vir my 'n voorbeeld gewys dan het ek maar net 'gecopy' wat sy gedoen het en dan het ek dit vir myself gedoen, so dit was nie vir my moeilik nie. Partykeer as ek gesien het sy het self gesukkel het ek* [3]*ingespring en haar gehelp, so dit was nie regtig vir my moeilik nie" (Cohd:15). "Ek sal dit*

[3] Chrizette se ma het tydens die onderhoude getolk, dus is die kompleksiteit van die woordkeuse in die aanhalings van Chrizette se stellings, dalk nie 'n akkurate duiding van haar werklike taalvermoë nie, maar eerder haar ma se vertolking en/of woordkeuse.

verder sny" (Cobs:3). Tydens die skoonmaak van hokke het hulle goed saamgewerk en die werk tussen hulle verdeel.

Dit het my opgeval dat die medewerker onseker was hoe om Chrizette se gehoorverlies te hanteer en sy was nie voorbereid daarop nie. Sy het die minimum kontak gemaak en basies net op die vrae wat Chrizette gevra het, gereageer. Chrizette het 'n keer of wat met haar probeer praat, maar dit het min interaksie uitgelok. *"Chrizette het meer kommunikasie geïnisieer en wou graag deelneem. Sy het gekyk wat aangaan en probeer help waar sy kan. Sy het ook gevra indien sy onseker was en nie verstaan het nie." (Cobs:4)*. Dit was vir my 'n goeie voorbeeld van hoe die interaksiesituasie tussen 'n persoon met gehoorverlies en normaalhorende vreemdelinge in die breër samelewing kan wees. Chrizette glo dat meer blootstelling aan mekaar die kommunikasie verder sou vergemaklik het. Dit blyk dat horende persone haar nie altyd goed verstaan nie.

Tydens die konsert-oefeninge het Chrizette baie spontaan en meelewend met haar medegroeplede (ook met gehoorverlies in gebaretaal) voorgekom en ook met die onderwyseres en ander betrokkenes by die groep gesels. Die onderwyseres maak heelwat van haar hulp gebruik vir kleiner takies. Die onderwyseres (horend) dien ook as mediator wat in gebaretaal vir die kinders tolk en instruksies gee. *"Indien daar 'n onverwagte insident plaasvind, word dit ook in gebaretaal aan hul vertaal" (Cobs:5)*. Daardeur het hulle op hoogte van sake gebly en kon hulle vinnig aanpas by die onverwagte inoefening van die slottoneel van die aand, tydens kleedrepetisie. Aan die begin van die aand het die hele groep meer stil en stemmig voorgekom, maar soos die aand gevorder het, het hulle ontluik en gemakliker voorgekom.

Die konsertoptredes blyk die groep goeie blootstelling aan 'n faset van die breër samelewing te gegee het. Tydens die konsert was dit duidelik dat Chrizette waagmoed openbaar en haarself forseer om kanse te neem. *"Sy het toe vir die regte oomblik gewag en vir hom gevra om saam met elkeen van die groep 'n foto te laat neem" (Cvid:7). "...ek het myself bietjie in dit forseer, alhoewel hier binne my in was ek maar bietjie bang gewees" (Cohd:18)*. Dit het deurgaans geblyk dat sy sal uitreik na die horende gemeenskap. Hoewel dit nie altyd vir haar maklik is nie, poog sy om dit te doen en dit is 'n doelwit vir haar.

Dit het gedurende observasie geblyk dat Chrizette hoofsaaklik blootgestel is aan die dowe kulturele groepering en verkies om gebaretaal te praat. Chrizette poog om haar spraakvaardighede te benut en verbaal terug te kommunikeer, veral met horende persone,

hoewel hulle haar nie altyd verstaan nie. *"...sy is deel van die horende wêreld meer as van die ander dowes en sy het nog steeds haar eie kultuur as dowe(sic), so sy is haar eie mens" (Cohv:6)*. Chrizette is 'n unieke mens.

(3) Bates

Van die sterkste bates waaroor Chrizette beskik, is dat sy in 'n baie ondersteunende huisgesin grootgeword het. Haar moeder en haar stiefpa is gebaretaal ten volle magtig. Sy is van kleintyd af aan gebare en spraak blootgestel. Dit het haar die voordeel gegee om gebaretaal en goeie spraakleesvaardighede te kan ontwikkel, hoewel dit meer op gebaretaal gefokus is. *"Omdat ons uit 'n horende wêreld (sic) kom, my familie almal horend is, het ons so normaal (sic) moontlik met haar kommunikeer en sy was bevoorreg om sy moes liplees het" (Cohm:5)*. Die familie is ook aangemoedig om vir haar briewe te skryf en toe die selfoon onder hulle in gebruik gekom het, is Chrizette se niggies en nefies aangemoedig om met haar per sms te kommunikeer, sodat sy die taal kon sien en aanleer. *"Almal het uit hul pad gegaan en moeite gedoen om haar so normaal moontlik te hanteer" (Cohm:6)*. Haar ouers wil hê dat sy 'n goeie staan in die normaalhorende samelewing moet kan maak en glo aan 'n balans tussen gebaretaal en spraaklees, maar as gevolg van hul volgehoue betrokkenheid by die skool as tolke, maak hul meer van gebaretaal gebruik.

Chrizette se goeie leierseienskappe het in die data na vore gekom. Sy is onderhoofmeisie van haar skool en die kinders is geneig om haar voorbeeld na te volg. *"Onmiddellik sit so iets ahm, 'n verantwoordelikheidsin op jou, jy weet jy het oë wat na jou kyk en verwagtinge wat by jou geskep word...en sy was ook ondersteunend gewees teenoor die hoofmeisie, wat waar die druk te veel was op die hoofmeisie moes sy oorgevat het"(Cohm:6).* Hierdeur openbaar sy ook 'n goeie verantwoordelikheidsin en pligsbesef. *"Volwassenheid ja, ek kon die volwassenheid in haar sien, pligsbesef in haar sien, waar sy in die verlede sommer miskien makliker tou opgooi (sic)" (Cohm:7)*. Sy kom ook baie hulpvaardig voor.

Volgens gesprek met haar moeder kom sy meer volwasse as haar maats voor. *"Ek dink dit is maar, die rede daarvoor is dat sy gouer volwasse is as hulle en dat sy emosioneel bietjie sterker is as hulle" (Cohm:1)*. Dit is egter ook te wyte aan die feit dat sy al bietjie ouer as van haar skoolvriende is. *"So sy is eintlik 'n volwassene, wat vasgevang is hier in die skool en daar was al situasies gewees wat, ek as ma nie kon deurdring nie, wat haar vriendin oorgevat het" (Cohm:1)*. Chrizette sal ook die hulpmiddele wat tot haar beskikking is benut, om beter met haar beperking oor die weg te kom. "Nou is daar ook gelukkig hulpmiddels soos die

'computer' wat ek kan gebruik" (Cohd:5). Wanneer die klokkie van die 'heatpress' lui, waarmee Chrizette 'n T-hemp wou maak, kan sy dit nie hoor nie. Toe maak sy 'n plan en gaan haal haar hond en wanneer die hond sy ore spits, weet sy die klokkie het gelui. "So, ek maak sommer van die hond se ore gebruik om my te help hoor om die 'press' te gebruik" (Cohd:6).

Chrizette het 'n baie spesiale vriendskap met 'n horende persoon (20 jaar). Haar vriendin is ook gebaretaal magtig. Haar vriendin vertel dat hulle vriendskap baie heg is. *"Ons is vreeslik sterk op die punt dat, ons noem mekaar sussies, dis net ek weet, 'n wonderlike vriendskap, ek sal dit nie omruil vir enige-iets nie" (Cohv:1)*. Hierdie spesiale vriendskap blyk geskoei te wees op respek en aanvaarding. *"Ek dink dit is omdat ons mekaar se wêrelde probeer verstaan en aanvaar en deel wees" (Cohv:1)*. Chrizette sien ook op na die vriendin vir raad en advies. *"Ja, en sy vra my vir raad, veral haar verhoudings en wat sy doen by die skool, sulke goed" (Cohv:4)*. Haar vriendin bied haar geleentheid tot blootstelling aan die breër samelewing. *"Ek dink bied haar iets wat ander dowes (sic) nie kan nie, ek gee haar 'n ander deur in 'n ander plek in, nie dat ek dink sy misbruik my nie, glad nie, maar ek geniet dit, dit is vir my lekker om vir haar iets anders te wys as wat sy gewoond is" (Cohv:5)*. Die vriendskap blyk 'n positiewe invloed op beide partye te hê en baie spesiaal vir hulle te wees. *"...ek het vir haar wat 'n baie goeie vriendin van my is en ek voel op hierdie stadium is sy, sy's my beste vriendin. Sy is horend, maar sy is ook gebaremagtig" (Cohd:18)*. *"Dis vir my baie lekker om net haar oogpunt te sien op alles en dit maak my baie positief, sy het 'n positiewe invloed op my" (Cohv:2)*. Dit is net jammer dat haar vriendin tans ver is en op Stellenbosh studeer.

Chrizette het beperkte kontak per sms met verskeie horende persone, asook persone met gehoorverlies. Die data laat blyk dat sy meeste van die gesprekke inisieer. Die gesprekke wissel in lengte na aanleiding van wat sy wil gesels en hoeveel tyd sy en die deelnemende party het. Haar taal is redelik verstaanbaar. Haar sinsorde toon wel dat haar taal beperk is, weens haar gehoorverlies. *"Ai, jy was lanklaas op die 'chat', het van jou baie wonder (sic). Hoe gaan dit met jou?" (Csms:4)*.

(4) Hindernisse

Aan die begin van 'n verhouding is beide partye onseker hoe om mekaar te hanteer. *"Gewoonlik in die begin is dit bietjie stram, as jy 'n horende persoon ontmoet wat jy nie ken nie, want jy weet nie hoe nie, maar gewoonlik is dit net aan die begin, agterna dan val jy sommer in en jy gesels lekker"* (Cohd:15). *"Meeste van die tyd kan ek sien as jy heel eerste met 'n horende te doen het, dan is die horende ook baie onseker hoe om die dowe persoon te*

hanteer (sic)" (Cohd:16). Chrizette en haar ma is van mening dat gehoorverlies nie altyd 'n sigbare gestremdheid is nie, wat horende mense dan afsit wanneer hul agterkom maar die persoon het gehoorverlies. *"Baie gebeur dit, dat horendes nie weet dat ek doof is nie, dan begin hy met my praat en asof die arme horende in 'n strik is en hy weet nie hoe om dit verder te hanteer nie, dan as dowe (sic) persoon sal ek dit vir hom makliker probeer maak om te kommunikeer" (Cohd:4)*. Horende portuurlede verstaan selde gebaretaal, wat kommunikasie dan bemoeilik. *"enigste dowe (sic), die horendes verstaan nie my gebaretaal nie, so" (Cohd:4)*. Wat ook redelik pertinent na vore gekom het is dat normaalhorendes oor die algemeen min kontak met persone met gehoorverlies het en andersom. *"Ja, dat die horende wêreld wat(=moet) baie omswaai om baie horende mense wat nooit kontak met 'n dowe (sic)" (Cohd:9)*.

Dit gebeur ook dat sy inligting mis byvoorbeeld eenkeer tydens observasies toe sy nie gehoor het toe die skeidsregter die fluitjie blaas tydens 'n netbalwedstryd nie. *"Toe het ek gesien almal het gestop op daai moment, want ek het nie die fluitjie gehoor nie. Toe wou ek weet wat aangaan" (Cohd:11)*.

Chrizette is bewus van die feit dat sy oor minder goeie spraakvaardighede beskik. Dan vra sy gewoonlik dat mense eers vir haar skryf totdat hulle haar spraak leer ken en verstaan. *"Hoor hier ek is doof, ahm, skryf eers vir my dan tot later dat hy (=jy) my stem ook gewoond raak dan sal dit soveel makliker gaan, dan altyd die skrywery los (sic)" (Cohd:5)*. Chrizette blyk dit moeilik te vind om mense met snorre te spraaklees. Dit gebeur ook dat horende persone uit onkunde buite haar gesigsveld staan, wat veroorsaak dat sy nie doeltreffend kan spraaklees nie. *"Dit is miskien hoekom ek gekyk het, maar ek is al gewoond en besef dat sy self doen dit nie doelbewus nie, maar horendes kan mekaar orals in die vertrek hoor, so en hulle dink nie daaraan om ons dowes (sic)te akkommodeer en dan in ons gesigsveld te staan nie" (Cohd:16)*.

Chrizette het aanvanklik 'n kursus in natuurbewaring by die Technikon probeer doen, maar die standaard was, volgens haar moeder en haarself, nie aangepas vir persone met ernstige gehoorverlies nie. *"Sal 'n geweldige moeilike pad wees vir 'n dowe (sic)" (Cohd:7)*. Die soortgelyke kursus wat sy toe by die dieretuin voltooi het, is meer prakties en geskik vir haar behoeftes. Tydens klasse het haar moeder vir haar getolk en die praktiese werk het sy self hanteer. Dit blyk volgens haar moeder goed met haar te gegaan het.

Chrizette en haar moeder het dit benadruk dat mense se gesindheid en houding met betrekking tot 'n beperking (hetsy gesig, of gehoor) baie belangrik is. *"'n Normale (sic) mens, partykeer,*

amper die houding gee van 'bly van my af weg ek gaan aansteek' en ek dink dit is baie seer wat 'n dowe kan deurgaan" (Cohm:3). Chrizette meld verder dat die horende wêreld soms baie eensaam vir haar kan wees, aangesien sy nie maklik verstaan kan word nie en haarself nie goed kan uitdruk nie. *"baie moeilik en 'n ou voel baie eensaam. Die lekker gesels is nie daar nie. Dit is baie stil" (Cohd:2)*.

(5) Aanpassings wat Chrizette maak en strategieë wat sy volg

Chrizette asook haar moeder is van mening dat die persoon met gehoorverlies eerste moet uitreik na die horende samelewing. Dit blyk belangrik te wees dat mense mekaar eers moet leer ken, dan volg spontane interaksie later outomaties indien beide partye geneë daartoe is. *"Ek sal eerste moet begin om 'n vriend te word met ons en daarna sal dinge outomaties gebeur" (Cohd:2).*

Chrizette sal nie skroom om vir onderwysers of van haar skoolvriende te vra (in gebaretaal) vir inligting wat sy verlang of miskien kon gemis het nie. *"O, nee ek het sommer my vriende gevra, of my groep, my span het ek gevra" (Cohd:12)*. Dit het ook deur die observasies en in gesprek met haar geblyk dat dit belangrik is dat sy graag betrokke wil wees en weet wat om haar aangaan. *"Ek was nog altyd net nuuskierig gewees om oor wat sy antwoord op jou vrae (sic)" (Cohd:16)*.

Chrizette sal sorg om gesigkontak te behou met die persoon met wie sy in interaksie is, om die gesprek te vergemaklik. *"Byvoorbeeld as ek hulle ietsie wil vra, dan gaan ek maar direk na hulle toe en probeer maar om hulle te vra en ek kyk altyd dan dat die lig direk op my gesig val, sodat die horendes ook my lippe kan sien as hulle sou twyfel en dat ook as ek praat dat ek doof (sic) is" (Cohd:1)*. Haar ma is as tolk by meeste geleenthede beskikbaar waar Chrizette in die breër samelewing in beweeg, byvoorbeeld tydens die lesings van die natuurbewaringskursus. *"Mamma altyd dan daar gewees as ek ahm, iets moet aanbied in die klas of terugvoering gee..." (Cohd:4)*.

Wat baie sterk in gesprekke met Chrizette en haar moeder na vore gekom het, is die feit dat sy baie ingestel is op die liggaamstaal wat 'n persoon uitstraal en gou kan aanvoel hoe die persoon teenoor iemand met gehoorverlies voel. Byvoorbeeld hul konsertgroep het saam met 'n bekende kunstenaar opgetree: *"Ek lees altyd eerste 'n persoon se houding, en ek kon in sy houding gesien het hy is gemaklik hiermee, ons kan maar aangaan" (Cohd:18)*.

Chrizette is geneë om misverstande en konflik te hanteer, deur dit uit te praat. *"Jy sien ek probeer dit nooit so ver laat gaan dat 'n mens in 'n bakleiery betrokke is nie, ek sal liewer dit*

op 'n sagte manier probeer hanteer, want as die persoon met my gaan terug baklei en terug raas gaan ek niks daardeur bereik nie, so dit is sinneloos" (Cohd:20). Dit het in gesprek met haar moeder en vriendin geblyk dat Chrizette hulle met vrymoedigheid om raad sal vra. *"Ek gee raad, maar meng nie in nie en, sy was nog altyd gewillig om na raad te luister" (Cohm:3)*.

(6) Aanpassings van horende portuur

Tydens gesprek met Chrizette se beste vriendin, asook met Chrizette en haar moeder is daar sterk klem gelê op die eienskappe van respek en aanvaarding in hulle vriendskap en dit blyk 'n deurslaggewende rol te speel. *"...maar dit is 'n ding van ek respekteer wie sy is, en waar sy vandaan kom en sy doen dieselfde met my" (Cohv:1)*. *"Ja dis nou presies vier jaar wat sy my beste vriendin is, ek respekteer haar lewe en sy respekteer my lewe" (Cohd:19)*. Wat ook positief bydra tot die sukses van die verhouding is die feit dat haar vriendin 'n passie vir persone met gehoorverlies het en hulle wil verstaan. *"So, sy het 'n passie vir dowes (sic), so ek dink dit maak dinge soveel makliker" (Cohd:18)*. *"Toe het hulle agtergekom daar is nie 'n doel nie, ek wil saam met haar wees ek wil net leer, ek wil sien wat hulle sien ek wil leer wat hulle voel, toe het hulle my aanvaar" (Cohv:2)*. Die vriendin se ingesteldheid is positief dus maak dit 'n positiewe bydrae tot hul vriendskap. 'n Persoon se ingesteldheid en houding teenoor die gehoorverlies word baie benadruk deur Chrizette en haar moeder.

Daar is selde onderonsies tussen die twee vriendinne, maar indien daar wel is sal hulle aan mekaar vertel hoe hulle voel. *"Ons weet hoe om dit uit te praat en die rede hoe ek dit sien en sy my verduidelik hoe sy dit sien en beleef en hoe sy voel daaroor" (Cohv:5)*. Dit is natuurlik nodig om belangrike inligting deeglik aan Chrizette oor te dra, om seker te maak sy kry die korrekte boodskap.

Indien die persoon wat horend is slegs die basiese gebaretaal ken, blyk dit vir die persoon met ernstige gehoorverlies baie makliker te maak en 'n gemakliker basis vir kommunikasie te skep. *"Dit sal definitief gehelp het as byvoorbeeld vir hom ten minste 'level 1' gebaretaal al kon gegee het, dat hy die basiese gebare ken, omdat ons op ons gemak voel" (Cohd:11)*.

Tydens 'n netbalwedstryd waar hul teen 'n horende skool speel, sal die horende spelers vinnig vir hulle wys of laat weet dat die fluitjie geblaas het en hulle moet stop. *"...dan sal die horendes die dowes vinnig die boodskap gee stop, stop, stop met hul hand, ons almal sien vinnig" (cohd:12)*. Dit dui ook op 'n persoon met gehoorverlies se visuele ingesteldheid.

Dit het duidelik uit gesprek met Chrizette en haar moeder na vore gekom dat dit belangrik is om groter bewustheid van persone met ernstige gehoorverlies te skep. *"Ja dat die horende*

wêreld wat baie omswaai om baie horende mense wat nooit kontak met 'n dowe (sic)" (Cohd:9). Chrizette en haar moeder is sterk voorstaanders daarvan dat gebaretaal as volwaardige landstaal erken behoort te word. Hul sien dit as 'n taal in eie reg.

4.2.4 Gevallestudie 4: Violette

(1) Agtergrond

Violette is 'n Afrikaanssprekende dogter in Graad 11 met 'n gehoorverlies van onderskeidelik 80 desibel in die regteroor en 95 desibel in die linkeroor en sy maak van gehoorapparate gebruik. Violette het op 'n ouderdom van een-en-'n-half jaar haar gehoor verloor. Sy was in Graad 1 in 'n skool vir leerders met matige gehoorverlies, maar dit het nie vir haar uitgewerk nie, weens die enstige graad van gehoorverlies en teenkanting van haar klasmaats. Die skool het toe aanbeveel dat sy na 'n skool vir leerders met ernstige gehoorverlies gaan. Sedertdien is sy in dieselfde skool as Chrizette en sy is 'n dagskolier. Haar spraakleesvaardighede is baie goed ontwikkel. Sy maak tuis van gesproke taal gebruik en praat wel by die skool gebaretaal, met haar maats en onderwysers. Haar ouers is normaalhorend. Hulle is slegs twee kinders waarvan haar broer die oudste en ook normaalhorend is. *"Daar is nie baie van my familie wat doof (sic) is nie, so baie van hulle kan hoor" (Vohd:4). "Sy's eintlik 'n gehoorgestremde (sic) kind, baie soos jy, in 'n horende huisgesin..." (Voho:12).* Sy het gereeld kontak met portuurlede met normale gehoor, deur haar boetie se vriendekring. Haar vriendekring bestaan hoofsaaklik uit portuurlede met normale gehoor en sy maak van gesproke taal as kommunikasie-medium gebruik.

Daar is besluit om Violette by die studie te betrek weens haar hoë blootstelling aan normaalhorende persone. Daar is besluit om haar konsertbedrywighede en -oefeninge saam met Chrizette s'n te observeer, haar "Ten-pin Bowling" -sessie te gaan observeer, asook haar praktiese werk by "Kentucky Fried Chicken" (een sessie) en tydens die restaurantdag by haar skool. Die gesprekke met die gesin is met goedkeuring van die ouers en Violette gesamentlik gedoen, aangesien hulle dit so verkies het en die situasie dit daartoe geleen het. Die data is ook as een dokument aangeheg. Wanneer die moeder of die vader praat is daar 'n "M" of "P" bygelas om 'n onderskeid te tref, byvoorbeeld Vohdm – Violette onderhoud – moeder praat. Die res van die data is gewoonweg volgens die oorspronklike sisteem gekodeer.

(2) Observasies en video-opnames

Violette kom deurgaans tydens die tydperk van observasie baie spontaan en joviaal voor. Sy kom veral gemaklik voor tussen die vriende wat haar ken. Sy het 'n borrelende en aansteeklike

geaardheid wat mense aantrek. *"Violette blyk 'n joviale en uitgaande tipe persoon te wees" (Vvid:1).* Tydens die konsertgroep se oefeninge was sy geneig om grappies te maak en het baie gemaklik met die onderwyseres en betrokke personeel van die konsertgroep voorgekom. In onbekende omstandighede was sy bietjie minder spontaan. *"Ek sou sê sy het 'n geneigdheid om partykeer terug te trek tussen kinders wat sy nie regtig ken nie..." (Vohdm:6*).

Tydens die "Tenpin bowling"-aksie was sy saam met haar broer, nefie en twee vriendinne wat almal normaalhorend is. Gedurende die interaksie was sy spontaan, het grappies gemaak en het baie goed by die groep ingeskakel. Dit het my opgeval dat sy sorg dat sy die persoon met wie sy wil praat se aandag eers kry en dan praat. Hulle het ook vir haar gekyk wanneer hulle met haar praat. Sy was glad nie bang om haar stem te laat tel nie en het goedige aanmerkings na elke deelnemer se probeerslag gemaak. Violette se vriende verstaan haar spraak en kom goed met haar oor die weg. Violette kan ook baie goed spraaklees. Dit lyk of die groep vriende mekaar goed ken.

Tydens die praktiese werk by "Kentucky" het sy aanvanklik bietjie stemmiger voorgekom, maar wel mooi ingeskakel by die bedrywighede en het haar werk vinnig en akkuraat uitgevoer. Die personeel (normaalhorend) het baie van handgebare (nie gebaretaal) gebruik gemaak om dinge aan Violette-hulle te wys. Indien die personeel 'n voorbeeld van die werk (voorbereiding en hoe die sisteem werk) gedemonstreer het, het Violette-hulle gekyk en dit met gemak nagevolg. Min spontane interaksie het egter tussen Violette-hulle en die personeel plaasgevind. Een personeellid het wel genoem dat sy vir hulle al instruksies geskryf het. Sy het verlede jaar ook by dieselfde Kentucky gewerk en dus geweet hoe die sisteem werk. Die personeellede was moontlik oningelig hoe om persone met gehoorverlies te hanteer, aangesien hulle min daarmee te doen kry. Albei partye het egter hul bes probeer om goed saam te werk.

(3) Bates

Violette se ouers maak haar ook deel by al hul gesinsbedrywighede en hanteer haar soos enige ander kind in hul huis. *"Maak nie saak waar ons ookal kom, dit is wat so wonderlik is, dat haar ma en pa haar altyd deel gemaak het, sy was betrokke by als" (Voho:12). "Violette se geval, sy is 'n doodgewone tiener in 'n dood normale (sic) gewone huis en ek dink dit is tot haar voordeel" (Voho:13). "Maar ek dink net dat mens moet weet, hierdie kind is net soos jou eie kinders, hy's net doof (sic)" (Voho:3).*

Violette se ouers is baie ingestel op spraak en hulle gaan daarop uit om haar met haar sinskonstruksies en woordkeuses te help. Hulle verkies om nie gebaretaal te gebruik nie en maak tuis net van verbale kommunikasie gebruik. *" Ons dwing haar by die huis om te praat soos ons praat" (Vohdm:10). "Sy sê, sy weet alles, toe sê ek ja, ek dink jy raak dit seker gewoond en sy weet hoe ons met haar praat en sy 'cope' daarmee" (Vohdm:13).* Dit het vir Violette die voordeel gegee om haar spraakvermoë goed te ontwikkel en steeds daaraan te werk. Violette en haar ouers lê sterk klem op die feit dat sy eendag in die normaalhorende samelewing moet kan aanpas. *" Dan sê ek vir hulle, julle moet praat, julle gaan nie aanpas in die samelewing nie, almal kan nie gebare verstaan nie" (Vohdm:7)*. Violette verkies ook om met normaalhorende persone in interaksie te wees. *"Ek is doof (sic), maar ek hou meer van mense wat kan hoor" (Vohd:6). "Sy wil kan kommunikeer, sy wil kan 'cope', sy wil kan aangaan" (Voho:13)*.

Violette het volgens haar moeder en onderwyseres 'n sterk persoonlikheid en toon ook leierseienskappe. Sy toon verantwoordelikheidsin en organiseringsvaardighede. Tydens observasie met 'n restaurantdag by die skool het sy as restaurantbestuurder opgetree en haar goed van haar taak gekwyt. *"Indien daar 'n spesiale versoek is, het Violette dit saam met die betrokke onderwyseres hanteer, deur byvoorbeeld te sorg dat die verkeerde koeldrank van 'n gas omgeruil word" (Vobs:4)*. Sy besef ook dat sy nou meer onafhanklik moet optree. *"Sy sê, volgende jaar wil ek gaan werk, sy sê dan moet ek alleen dokter toe gaan" (Vohdm:14)*.

Tydens gesprek met die onderwyseres het dit na vore gekom dat Violet in 'n baie gelowige huisgesin grootword. Sy het ook al ervaring en begrip van die realiteit van die breë normaalhorende samelewing deur die blootstelling van haar huisgesin en die konsertgroep. Haar broer neem haar baie keer saam met hom en sy vriende uit. "*"Wat vir my die beste voel is my boetie en sy vriende die maklikste en mense wat weet dat ek doof is, want doof is normaal (sic)" (Vohd:4)*.

(4) Hindernisse

Binne Violette se skoolopset blyk dit volgens haar en haar moeder 'n hindernis te wees dat van die kinders jaloers op haar is, omdat sy goeie spraak- en spraakleesvaardighede het, en haarself goed in gebaretaal kan uitdruk en dit verstaan. *"Dowe kinders, kan baie lelik met mekaar wees, hulle gun mekaar niks en veral Violette kry swaar tussen die dowe kinders omdat hulle beskou haar dat sy, baie goed kan praat en by die skool gebruik hulle haar geweldig" (Vohdm:6*).

'n Paar jaar gelede het Violette nie 'n lekker ervaring gehad nie. 'n Vriendin wat jaloers op haar was het haar gehoorverlies gebruik om haar selfvertroue af te breek. *"Sy het half die siening gehad van as seuns vir Violette kyk, het sy vir Violette gesê: hulle kyk nou vir jou totdat hulle met jou begin praat en agterkom jy is doof (sic), dan gaan hulle nie meer van jou hou nie. Weet, sy was byterig, half jaloers gewees teenoor Violette en sy het Violette se doofheid gebruik om Violette plat te druk" (Vohdm:3)*. Die vriendin het half op haar neergesien. *"Ons het baie keer baklei en baie keer met my ma gepraat, vir my ma gesê ek lyk of ek 'stupid' is" (Vohd:3)*. Dit het volgens die moeder Violette se selfvertroue 'n groot knou gegee en hulle moes baie werk om dit weer te herstel. *"Maar dit het haar teruggetrek vir baie lank, dat sy byvoorbeeld in 'n geselskap gekom het, as daar mense is wat sy nie geken het nie, het sy teruggetrek en dan het sy vir my gesê ek moet met hulle praat, sy kan nie praat nie" (Vohdm:4)*. Violette se ouers het na hierdie insident baie aan haar selfbeeld gewerk en gemotiveer om 'n goeie selfbeeld te hê. Hulle het van die veronderstelling uitgegaan dat sy nie hoef minderwaardig te voel en terug te staan omdat sy gehoorverlies het nie. *"Ja, want ons het verskriklik gebou op Violette en ek wil net hê sy moet 'n goeie selfbeeld hê. Sy moet nie minderwaardig voel omdat sy doof (sic) is nie" (Vohdm:7)*. Die onderwyseres het ook hierdie stelling bevestig.

Dit gebeur dat van Violette se maats wat normaalhorend is soms per ongeluk wegkyk en vergeet dat hulle vir haar moet kyk wanneer hulle praat. Dit sit haar nie af nie. *"Ek sal vir hulle sê hulle moet vir my kyk, moet nie gaan kla daaroor nie" (Vohd:2)*. *"Miskien partykeer vir my kyk en praat met mekaar, maar as hulle wegkyk verstaan ek nie, vir mekaar kyk dan is dit beter" (Vohd:2)*.

Dit het redelik pertinent tydens die gesprekke met die moeder en onderwyseres geblyk dat die breër samelewing relatief oningelig is oor persone met gehoorverlies en onseker is hoe om die situasie te hanteer. *"Mense wat kan hoor is bang as hulle sien jy dra apparaat dan is hulle bang" (Vohdm:3)*. Hulle het ook die persepsie dat as jy gehoorverlies het, jy ook nie kan praat nie. *"Ek weet baie mense het al vir ons gesê, haai maar sy praat dan sê ons sy kan praat. Dit is, weet jy mense is eintlik baie oningelig oor dowes (sic)" (Vohdm:3)*. Die breër samelewing is ook geneig om neer te kyk op persone met gehoorverlies. Dit veroorsaak dat persone met gehoorverlies dan huiwer om uit te reik, aangesien hulle onseker is hoe die samelewing hulle gaan behandel. *"Ek sê altyd met down -sindroom en daai gestremdheid word moeite gedoen, maar 'n dowe (sic) kry partykeer vir my houe wat hulle so knou gee dat, dat hulle te bang is om hulle hande uit te steek en te gaan, in die normale samelewing in, want hulle weet nie wat*

hulle gaan kry nie" (Vohdm:7). "Ja, hulle is so blootgestel en hulle kry maar houe en hulle weet nie hoe om dit te hanteer nie" (Vohdm:9).

Die moeder het ook die feit pertinent aangeraak dat hulle 'n probleem het met dokters en ander professionele persone om vir Violette inligting verstaanbaar oor te dra, omdat hulle nie altyd begrip vir die gehoorverlies het nie. Dit gebeur dan dat Violette net vir haar ma kyk en nie oogkontak met die dokter maak nie, want sy is moontlik onseker of sy die dokter sal verstaan. "*So, sy sny haar heeltemal af en as ons daar uitkom moet ek aan haar verduidelik wat sê hierdie dokter, want sy probeer nie hoor nie en dan is dit of hierdie dokter nie begrip daarvoor het nie, want sy lyk dan so normaal* " (Cohdm:9). Dit gebeur ook dat persone wat weet sy het gehoorverlies en nie begrip daarvoor het nie, meer oordrewe begin praat en oorartikuleer. *"Praat net normaal en stadiger, want dan probeer hulle, hulle lippe ronder maak, dan verstaan die dowes (sic) hulle glad nie" (Vohdm:13)*. Dit wil voorkom of horende persone weens 'n gebrek aan inligting, ook onseker is hoe om persone met gehoorverlies te hanteer. *"Maar die horendes beleef hulle, is ook maar van hulle kant af onseker ek kan nie of ek weet dalk nie hoe nie" (Voho:3).*

(5) Aanpassings wat Violette maak en strategieë wat sy volg

Dit het deurgaans in die data na vore gekom dat Violette 'n baie spontane en sosiale tipe persoon is. Sy is vriendelik met almal en kom oorwegend goed oor die weg met meeste mense. Om die rede trek sy nogal aandag en is sy geliefd onder haar vriende. *"Ek probeer ken (sic), ek is nie bang nie ek gesels sommer net" (Vohd:2)*. Sy sal ook nie skroom om uit te reik na die horende gemeenskap nie. *"So, sy is nie bang vir horendes nie, sy stap na hulle toe en sy sal praat en Violette praat ook beter" (Voho:13).*

Violette het goeie spraak- en spraakleesvaardighede en kan gebaretaal ook praat. Dus kan sy die breër normaalhorende samelewing goed verstaan en haarself uitdruk en haarself verstaanbaar maak in die dowe kulturele groepering. *"Ja ek kan baie goed liplees. Ek kan verstaan wat hulle sê en dit is vir my nie baie moeilik nie, dis baie makliker, ek verstaan Afrikaans eerder, ja" (Vohd:1)*. Hieruit blyk ook dat sy Afrikaans verkies en dit beter verstaan, aangesien dit haar moedertaal is.

Violette sal vir mense vra om vir haar te kyk wanneer hulle met haar praat en om duidelik te probeer praat. *"Hulle moet in my gesig kyk en ek in hulle s'n, sodat ek kan verstaan" (Vohd:4)*. Haar ouers besef haar taal is beperk en sal dit dan op 'n makliker wyse vir haar stel. *"Sy sê baie vinnig vir my, nee ek verstaan nou nie wat julle sê nie, dan probeer ek dit op 'n*

ander wyse verduidelik dat sy kan verstaan, want hul woordeskat is ook nie wat ons s'n is nie" (Cohdm:12). Die konsert-onderwyseres het ook bevestig dat Violette sal hulp vra indien daar kommunikasieprobleme tussen haar en 'n normaalhorende persoon ontstaan.

Volgens gesprek met die moeder blyk dit dat Violette fyn aanvoeling het en sensitief ingestel is op die lyftaal van mense en sy maak nogal heelwat daarvan gebruik. *"Hulle sê die dowes (sic) omdat hulle, is mos baie op lyftaal ingestel. Hulle lees jou soos 'n boek. Al haar maats se ouers sê presies dieselfde ding vir my" (Vohdm:13)*.

(6) Aanpassings van horende portuur

Volgens Violette se moeder blyk haar vriende wel 'n tyd te neem om haar eers te leer ken, maar as hul haar leer ken geniet hulle haar spontaneïteit en sonnige geaardheid baie. *"Dit vra iets van 'n kind wat normaal is om met haar te kuier, maar die vriende wat sy het gee regtig vir haar om, hulle probeer haar verstaan en hulle geniet haar geweldig, want sy het 'n sterk persoonlikheid, weet sy is voor op die wa, hulle geniet haar baie" (Vohdm:6)*. Haar vriende wat normaalhorend is aanvaar Violette soos sy is en toon begrip namate hulle haar leer ken. Hulle sal byvoorbeeld vir haar inligting herhaal wanneer sy iets gemis het en hulle sal vir haar kyk wanneer hulle met haar praat. Aanvaarding van mekaar is 'n sterk eienskap wat deurgaans uit die data geblyk het.

Dit is pertinent deur die ouers en die onderwyseres beklemtoon dat daar 'n groter bewustheid by die samelewing gekweek behoort te word vir persone met gehoorverlies. Daarenteen moet ook by die kind met gehoorverlies meer bewustheid van die realiteit in die breër samelewing geskep word *"Ek dink net dalk dat 'n ou meer mense bewus maak van ons dowe (sic) kinders, maar ek dink ook nie net die mense bewus maak, ek dink ook ons moet ook ons kinders bewus maak van as hulle die dag klaar is met skool, buite die wêreld te kan hanteer" (Voho:14)*. *"Ek het al partykeer gewens hulle kan net vir hulle 'n praatjie met 'n dokter hê, al die dokters hê en sê maar besef net daar moet in een praktyk een doof een wees, maar daar is tog 'n hele klomp dowes in ons land" (Vohdm:13)*. Dit het in gesprek met die moeder en vader na vore gekom, dat daar meer aandag aan die spraakwyse van die dokter gegee moet word. *"Hulle is geneig om ook baie vinnig te praat" (Vohdp:13)*. Volgens die ouers kan hulle normaal praat, maar wel net bietjie stadiger.

Tydens gesprek met die onderwyseres het dit ook na vore gekom dat die horendes moet uitreik en met die kinders met gehoorverlies probeer praat. *"Jy sal voorstel hoor-hier, probeer dit vir homself sê, sê vir hom die konsert was mooi. Of hulle sal vir ons vra, hoe wys jy mooi*

en dan wys jy vir hulle mooi en dadelik beleef die kinders ook al so 'n trots op dit wat hulle gedoen het, want hulle beleef ook die horende samelewing stoot hulle nie net eenkant toe, maar wil ook graag deel daarvan word" (Voho:3). Die konsertgroep blyk 'n unieke geleentheid vir die kinders te skep om te kan uitreik na die horende samelewing en beide partye met mekaar in kontak te bring.

4.3 UNIEKHEDE WAT IN DIE GEVALLE NA VORE GEKOM HET

Elke deelnemer wat aan hierdie studie deelgeneem het, is vir my uniek. Dit is moeilik om alles in woorde uit te druk, maar ek sal 'n paar van die belangrikste uniekhede wat my opgeval het uitlig. Die bespreking sal per onderwerp gevoer word.

(1)Ouerlike ondersteuning

Elzire kom uit 'n gesin wat haar baie goed ondersteun in haar funksionering binne die breë gemeenskap. Haar moeder kom baie besorgd voor en help haar met baie takies, om die druk in 'n hoofstroom-skool draaglik te hou. Martin se ouers blyk hom daarenteen baie onafhanklik groot te maak. Hulle ondersteun hom waar hulle kan, maar hy blyk onafhanklik sy eie ding te doen. Chrizette ontvang baie ondersteuning van haar ouers. Haar moeder is deurgaans betrokke by geleenthede buite die skool, waar sy vir Chrizette tolk. Violette se ouers probeer haar so "normaal" *(sic)* as moontlik grootmaak, deur die minste klem op haar beperking te plaas en haar te begelei om goed te kan praat. Die uiteenlopende aard van ouerlike ondersteuning laat die volgende vrae onstaan: By watter vorm en mate van ondersteuning blyk die adolessent met gehoorverlies die beste te baat? Wanneer is 'n ouer oorbeskermend en wanneer is dit ondersteuning? Ek het ook die indruk gekry dat ouers dalk dinge sê tydens onderhoude wat hul verkies om my te laat hoor en dit het nie altyd gestrook met wat ek tydens observasies gemerk het nie. Die twee moontlikhede is dus teenoor mekaar opgeweeg om 'n gebalanseerde perspektief te verkry.

(2) Spraakvaardighede

Elzire maak hoofsaaklik van gesproke taal tuis en by die skool gebruik. Sy het in die "Eisteddfod" deelgeneem wat 'n bewys is van haar goeie spraakvaardighede. Die feit dat sy vinniger en minder duidelik praat in haar alledaagse situasies, mag 'n invloed op haar kommunikasie met haar vriende hê. Persoonlik het ek haar ook verskeie kere gevra om inligting te herhaal wanneer sy te vinnig gepraat het. Mens kon verwag dat sy ietwat duideliker sou praat met haar ekstra spraakbegeleiding vir die voordrag, maar sy maak nog nie effektiewe oordrag nie. Martin maak hoofsaaklik van gesproke taal tuis en by die skool

gebruik. Die feit dat hy meer van gesproke taal gebruik maak, het tot gevolg dat sy spraakvaardighede voldoende ontwikkel is. Tydens my interaksie met hom het die teendeel egter geblyk. Hy het net die nodigste gesê en sy sinne was hoofsaaklik kort en eenvoudig en het glad nie spontaan reageer nie. Soos reeds daarop gewys mag die geslagsverskille en sy adolessente lewensfase 'n invloed op ons kommunikasiesituasie gehad het.

Die doelbewuste taalkeuse wat Chrizette gemaak het, om gebaretaal haar voertaal te maak, het vir my uitgestaan. Dus is hulle gesin totaal deel van die dowe kulturele groepering en haar blootstelling aan die breë normaalhorende samelewing is baie beperk. Sy maak wel daadwerklike pogings om uit te reik deur die konsertoptredes en haar vrywillige werk by die dieretuin, hoewel dit beperk is. Sy is geneig om mense te vra om eers vir haar te skryf en sodoende eers aan haar spraak gewoond te raak, voordat hulle mondelings begin kommunikeer. Dit mag moontlik haar spraakvermoë en interaksie met haar portuur wat normaalhorend is beperk. Dus kan die afleiding gemaak word dat onbekende persone met normale gehoor miskien in 'n mindere mate 'n poging sal aanwend om op 'n volgehoue wyse met haar in interaksie te tree, aangesien haar uitspraak en die gebruik van gebaretaal vir hulle vreemd is.

Violette se spraakvaardighede is baie goed ontwikkel en sy blyk duideliker as Chrizette te praat. Die afleiding kan gemaak word dat haar spraak goed is, aangesien sy in 'n gewone normaalhorende gesinsopset is en dat haar gesinslede met haar praat en glad nie gebare gebruik nie. Sy het dus meer geleenthede tot spraakoefening en blootstelling aan die horende samelewing as Chrizette.

(3) Interaksievaardighede

Elzire is minder geneë om aan groepsinteraksie deel te neem. Sy is hoofsaaklik in die geselskap van individue en hoogstens twee persone op 'n slag gesien. Sy toon wel die vermoë om in groepsverband te funksioneer en fokus dan direk op die spreker, maar verkies dit nie. 'n Interessante feit van Elzire se vriendskap volgens haar moeder, is dat haar vriendin 'n minder sterk persoonlikheid het en afhanklik van Elzire geword het en baie op hulle vriendskap steun, waar 'n mens sou dink dat Elzire dalk meer afhanklik van die vriendin sou wees. *"Waar Elzire gaan wou haar vriendin gaan, jy weet en Elzire is partymaal lus om 'n bietjie, hoe kan ek sê, baie aktief te wees, terwyl haar vriendin meer 'n rustige kind is" (Eohm:3).* Die vriendin is andersyds 'n steun vir Elzire, deur inligting en reëlings wat sy gedurende die skooldag gemis het, vir haar te herhaal. Dit wil voorkom tydens observasies of die twee vriendinne wel 'n

goeie vriendskap het en mekaar wedersyds ondersteun en dat hulle die onenighede uitgebalanseer het.

Martin aan die ander kant, verkies groepsaksies en hou daarvan om met sy vriende by rugby en ander sportbedrywighede betrokke te wees en om saam met 'n groep maats uit te gaan. In interaksie met my is hy meer ernstig en het met kort en eenvoudige antwoorde reageer, terwyl hy baie meer spontaan tussen sy maats voorkom. Dit laat die vraag onstaan of hy net in vroue se geselskap meer ernstig en stil voorkom en of dit oor die algemeen plaasvind. Dit blyk uit die data dat hy hoofsaaklik skamer in die teenoorgestelde geslag se geselskap voorkom. Die feit dat hy in die adolessente lewensfase is, moet ook in gedagte gehou word.

Chrizette het 'n besondere vriendskap met 'n vriendin van Stellenbosch en beskou haar as haar beste vriendin, hoewel hul hoofsaaklik van gebaretaal gebruik maak. Dit wil voorkom of sy dit verkies om in kleiner groepies en hoofsaaklik in gebaretaal te funksioneer. Violette in teenstelling, blyk meer groepsbetrokkenheid te verkies en hou daarvan om die kern van belangstelling te wees. Sy is nie skaam om met enige persoon te gesels (verbaal) nie. By die skool sal sy wel met haar klasmaat van gebaretaal gebruik maak.

Elke deelnemer se persoonlikheid behoort hier ook in ag geneem te word. Elzire en Chrizette is moontlik meer introverte persoonlikhede terwyl Martin en Violette meer ekstroverte persoonlikhede is.

(4) Skoolopset

Elzire is die enigste deelnemer wat in 'n hoofstroom-skool is en sy is in die koshuis. Sy mag moontlik meer spanning en druk hê, om heeltyd met die normaalhorende samelewing te kompeteer. Die spanning mag moontlik bydra tot Elzire se frustrasies en emosionele buie. Martin is in 'n skool vir leerders met matige gehoorverlies, waar daar op spraak gefokus word. Hy is ook in die koshuis en blyk gemaklik binne die skoolopset en tussen sy maats wat, soos hy met gehoorverlies te kampe het, te wees. Hy blyk ook druk vir prestasie te ervaar en dit mag moontlik bydra tot Martin se stiller en ernstiger aard voor 'n rugbywedstryd.

Chrizette is onderhoofmeisie van haar skool en dit bring ook eise mee. Die feit dat sy ouer en emosioneel sterker en wel spraaklees kan doen, gee vir haar moontlik 'n voorsprong bo haar skoolmaats om tot die breër samelewing te wil toetree. Dit het geblyk dat sy vasgevang voel binne die skoolmilieu weens haar ouderdom. Die afgeslotenheid van haar situasie, binne 'n gemeenskap van gebaretaalgebruikers, mag haar uitreiking na die breë gemeenskap bemoeilik. Violette is in dieselfde skool as Chrizette. By die skool gebruik sy gebare en by die

huis maak sy van gesproke taal gebruik. Die skool blyk haar die nodige leerondersteuning te verskaf, maar blyk afsonderlik van haar gesinsopset en breër sosialisering beskou te word. Chrizette is in die akademiese rigting, terwyl Violette in die vaardigheidsafdeling geplaas is, terwyl Violette wat intellektueel nie so sterk is nie, beter haarself in die horende samelewing kan handhaaf. Die gevolgtrekking kan moontlik gemaak word dat ouerlike steun en persoonlike sterktes ook 'n groot rol blyk te speel in toetrede tot die breë normaalhorende samelewing en dat intelligensie nie die werklike deurslag gee nie.

(5) Buitemuurs

Elzire is volgens die beskikbare data betrokke by individuele buitemuurse aktiwiteite sowel as groepsaktiwiteite. Dit wil egter voorkom dat sy meer individuele betrokkenheid verkies tydens gesprekke. Martin is hoofsaaklik betrokke by groepsaktiwiteite, wat strook met sy voorkeur vir groepsaksies. Martin haal sy apparate uit tydens rugbywedstryde, terwyl Elzire dit inhou tydens haar hokkie-wedstryde en oefeninge. Vir Martin is dit lekker sonder sy apparate, maar hy blyk ook daarby te baat en sit dit redelik vinnig na 'n wedstryd weer in. Dit blyk dat Elzire en Martin meer spanning mag beleef, aangesien hulle meer druk vir prestasie en sportaktiwiteite ervaar. Volgens die data blyk Chrizette en Violette se apparate 'n minder prominente rol te speel.

Chrizette is hoofsaaklik by groepsaktiwiteite (netbal en konsertgroep) van haar skool betrokke. Sy blyk daarvan te hou om tussen 'n groep mense te wees, maar verkies individuele aandag tydens gespreksituasies. Violette is betrokke by die konsertgroep van haar skool en dan buitemuurse sosiale bedrywighede saam met haar broer. Sy blyk van groepsbetrokkenheid te hou, maar verkies ook individuele aandag tydens gesprekke. Daar kan dus afgelei word dat adolessente met gehoorverlies wel tydens gespreksituasies individuele aandag en fokus verkies om sodoende beter die gesprek te kan volg.

(6) Blootstelling aan die breër samelewing

Elzire is die deelnemer wat die meeste blootstelling aan die breër samelewing het en die enigste deelnemer in 'n hoofstroom-skool is. Sy het aan die "Eisteddfod" as individuele aktiwiteit deelgeneem, as enigste persoon met gehoorverlies. Martin is in teenstelling met Elzire in die koshuis in 'n skool vir leerders met matige tot ernstige gehoorverlies en hoofsaaklik aan skoolaktiwiteite verbonde. Hy het 'n beperkte blootstelling aan interaksie met portuurlede met normale gehoor binne die breër samelewing. Chrizette is basies aan skoolaktiwiteite verbonde. Sy poog egter daadwerklik om uit te reik na normaalhorende persone, hoewel die geleenthede (konsertbedrywighede en vrywillige werk by dieretuin) beperk is. Violette in teenstelling met Chrizette, het goeie blootstelling aan persone met normale gehoor, weens haar gesinsagtergrond. Dit is veral in frekwensie en variasie dat Elzire en Violette se blootstelling verskil van die van Martin en Chrizette.

Hoe nader al die deelnemers aan die normaalhorende samelewing en portuur beweeg, hoe meer spanning blyk hulle te ervaar. Die hoër spanningsvlak is reeds genoem by Elzire en Martin. Dit is by Chrizette en Violette ook te bespeur wanneer hul aan onbekende situasies blootgestel word, soos met die konsertoptredes en praktiese werk van Violette by "Kentucky" en die vrywillige werk van Chrizette by die dieretuin.

Die ingesteldheid en daadwerklike pogings van die deelnemers om deel te wil word van die breër samelewing blyk te verskil. Elzire is die meeste betrokke by die breër samelewing en het 'n positiewe ingesteldheid om 'n sukses daarvan te maak. Martin is gelukkig binne sy omstandighede, en blyk nie 'n daadwerklike poging aan te wend om verder betrokke te raak by die breër samelewing nie en sy relatiewe geïsoleerdheid blyk hom nie te pla nie. Chrizette het 'n keuse gemaak om deel van die dowe kulturele groepering te wees, maar is gewillig om uit te reik, hoewel dit baie beperk is. Violette blyk 'n positiewe ingesteldheid te hê om haar staan te maak in die breër samelewing en die feit dat sy binne 'n horende gesin opgegroei het en daar gefokus is op spraak blyk in haar guns te tel om dit wel te kan doen.

4.4 SAMEVATTING EN SLOT

In hierdie hoofstuk is gepoog om 'n oorsig te gee van die resultate en bevindinge wat in die data gevind is, met die oog op beantwoording van die navorsingsvrae. Die hoofstuk is afgesluit deur die uniekhede en kontraste wat in die gevalle gevind is uit te lig. In ***hoofstuk vyf*** sal daar meer gefokus word op die ooreenkomste en gevolgtrekkings wat uit die data

voortspruit. Bronfenbrenner se bio-ekologiese sisteemteorie sal ook op die bevindings van toepassing gemaak word, binne die kontekste waar die deelnemers funksioneer.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLTREKKINGS, AANBEVELINGS

5.1 OORSIG EN ORIENTERING

In die voorafgaande hoofstukke van hierdie skripsie is die volgende vervat: ***Hoofstuk 1*** omvat die inleiding, doel en rasionaal van die studie. My navorsingsdoel en –vrae was gerig om antwoorde te vind rakende die vraag hoe adolessente met ernstige gehoorverlies suksesvol in die breër samelewing ingesluit kan word. Vervolgens is in ***Hoofstuk 2*** 'n oorsig oor belangrike literatuur wat reeds bekend is van die adolessent met gehoorverlies weergegee, om sodoende as teoretiese raamwerk van die studie te dien. Die identiteit, ouerlike konteks, die skoolsituasie, taalkwessies en portuurverhoudinge van adolessente met ernstige gehoorverlies is aangespreek. Ek het die hoofstuk afgesluit met bespreking van die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner, om sodoende as vertrekpunt vir begryping van die bevindinge en gevolgtrekkings van die studie te dien deur die adolessent met ernstige gehoorverlies binne die geheel van al sy/haar kontekste te beskou. In ***hoofstuk 3*** word die navorsingsproses en –verloop uiteengesit. Die studie word vanuit die postmodernisme en interpretivistiese perspektief beskou. Daar word van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak, naamlik observasies en onderhoude.

In ***Hoofstuk 4*** is die navorsingsresultate en bevindinge van elke geval afsonderlik bespreek. Die sentrale navorsingsvraag, "Hoe ontwikkel die adolessent met ernstige gehoorverlies sosiale verhoudings met sy/haar normaalhorende portuurgroep?" is deur die volgende subvrae beantwoord.

- Watter bates benut adolessente met ernstige gehoorverlies tydens hul sosiale interaksie met hul normaalhorende portuurgroep?
- Watter hindernisse kom voor tydens die sosiale interaksie van adolessente met ernstige gehoorverlies met hul normaalhorende portuurgroep?
- Watter strategieë volg en aanpassings maak adolessente met ernstige gehoorverlies, tydens hul sosiale interaksie met hul normaalhorende portuurgroep?
- Watter aanpassings moet normaalhorende adolessente maak, tydens hul sosiale interaksie met hul portuurgroep met ernstige gehoorverlies?

Daarna is die uniekhede wat in die gevalle na vore gekom het in die slotgedeelte uitgelig. Vervolgens word daar in hierdie hoofstuk gekyk na ooreenkomste tussen die gevalle en moontlike gevolgtrekkings wat daaruit voortspruit, alhoewel ek geen poging aangewend het om te veralgemeen nie. Ten einde ooreenkomste te kan trek en enkele gevolgtrekkings te

formuleer is van analitiese vergelyking gebruik gemaak, met besondere verwysing na die bio-ekologiese sisteemteorie van Bronfenbrenner. Ten slotte sal die beperkinge van die studie bespreek word en aanbevelings vir toekomstige navorsing gemaak word.

5.2 SAMEVATTENDE OOREENKOMSTE EN GEVOLGTREKKINGS

5.2.1 Oriëntering

Green (2004:7) en Donald et al. (1997:34) beweer die bio-ekologiese sisteemteorie model is geskik om te wys hoe die adolessente met gehoorverlies, net soos enige ander individu, in verskillende sosiale kontekste in dinamiese, interafhanklike en interaktiewe verhoudinge met mekaar in interaksie is, byvoorbeeld wanneer die adolessent met gehoorverlies ongunstige skoolomstandighede beleef, sal dit sy/haar gesinsverhoudinge en ander portuurverhoudinge waarin hy/sy in betrokke is beïnvloed.

Die bio-ekologiese sisteemteorie sal nou van toepassing gemaak word op die resultate en bevindinge van die studie. Weens die beperkte aard van die skripsie sal slegs op die gemeenskaplike verskynsels gefokus word.

5.2.2 Die adolessent met gehoorverlies soos beskryf volgens hul besondere persoonskenmerke, konteks en tydgreep

Die vier belangrikste komponente van die bio-ekologiese model soos beskryf deur Swart en Pettipher (2005:13 – 15) is proses, persoon, konteks en tyd.

Elke deelnemer beskik oor unieke ***persoonskenmerke*** waarmee hul die verskillende sisteme waarmee hul in interaksie is beïnvloed. Die gehoorverlies van die adolessente bring spesifieke oorwegings na vore. Eerstens speel die identiteit (horende identiteit, kultureel dowe identiteit of bi-kulturele identiteit)wat die adolessent met gehoorverlies aanvaar, ’n belangrike rol, soos ook bevestig deur Nikolaraizi en Kadjikakou (2006:478). In die studie het Elzire haar volkome by die horende identiteit, wat haar gesinsisteem en skolastiese omgewing aanbetref, geskaar. Martin het ook ’n horende identiteit aangeneem. Chrizette het in teenstelling met die eerste twee deelnemers die dowe kulturele identiteit aanvaar. Violette het weer die bi-kulturele identiteit aanvaar, wat meer na die horende identiteit neig. Hierdie oorweging van kulturele identiteit bring sekere gedragswyses, houdings en ingesteldhede na vore wat al die sisteme waarby die adolessente betrokke is beïnvloed. Verskeie navorsers se bevindings het die stelling ondersteun, naamlik dat adolessente met gehoorverlies vandag die geleentheid het om hul eie kulturele oorweging te kies, met betrekking tot hul posisie en status ten opsigte van die horende of dowe kulturele portuur (Israelite et al., 2002:322; Sheridan, 2001:21; Kiff

& Bond, 1997:23). Die stelling is duidelik in die data van hierdie ondersoek bevestig. Dit kom die duidelikste in vergelyking van Chrizette en Violette se data na vore. Chrizette het die dowe kulturele groepering gekies en Violette die horende identiteit. Dit bring verskillende ingesteldhede en handelingswyses van die deelnemers na vore wat hul interaksie met hul verskillende sisteme noodwendig beïnvloed.

Die deelnemers se gehoorverlies opsigself bring sekere ***disposisies*** na vore wat die interaksie tussen die sisteme beïnvloed. Volgens Kent en Smith (2006:2) en Israelite et al. (2002:322) is dit moeiliker vir adolessente met ernstige gehoorverlies om 'n positiewe selfidentiteit te ontwikkel, weens die emosionele eise van die beperking. In my studie het die teendeel na vore gekom, dat adolessente met gehoorverlies wel met die nodige ondersteuning 'n positiewe selfidentiteit kan ontwikkel. Elzire is gemotiveerd en blyk haarself goed binne hoofstroom te kan handhaaf, hoewel dit nie sonder hindernisse gepaard gaan nie. Martin is ook baie betrokke by sy skoolaktiwiteite. Hy blyk nie ewe gemotiveerd en spraaksaam voor te kom nie, maar skyn goed met sy portuur oor die weg te kom. Hy is selfstandig en onafhanklik binne die opset waar hy betrokke is, naamlik onder redelike beskermende omstandighede van sy skool koshuis. Chrizette is ook selfstandig en handhaaf haarself goed binne haar omstandighede, hoewel sy 'n redelike afgesonderde leefwyse voer weens haar kulturele groepering en haar en haar ouers se verbondenheid aan die skool. Violette toon 'n baie goeie selfbeeld. Met die nodige steun van haar ouers is sy vandag 'n sprankelende, spontane persoon wat mense na haar toe aantrek. Dit laat die vraag onstaan watter kulturele identiteit die geskikste vir die adolessent met ernstige gehoorverlies is. Volgens bevindinge van Nikolaraizi en Kadjikakou (2006:479) en die navorsingsbevindinge van hierdie studie blyk die bi-kulturele groepering die meeste voordele vir adolessente met ernstige gehoorverlies in te hou, aangesien hulle hul staan in beide die horende breër samelewing en die dowe kulturele groepering kan maak.

Al die deelnemers aan die studie val in die boonste grens van die klassifikasiesisteem van gehoorverlies, van 65 desibel en meer, volgens Kapp (1994:333). Weens hulle graad van gehoorverlies kan hul omtrent nie spraakklanke hoor om aan te leer nie, indien hul van geboorte af die gehoorverlies het. Persone wat later in hul lewe die gehoorverlies ontwikkel het, blyk makliker taal aan te leer. Dus kan die afleiding gemaak word dat van die spraakvaardighede van deelnemers in die studie 'n bonus is. Violette het eers op een-en-'n - half jaar gehoorverlies ontwikkel, dus een van die redes waarom sy goeie spraakvaardighede in vergelyking met die meeste van haar portuur met ernstige gehoorverlies het. In daardie jaar en 'n half kon sy taal hoor wat 'n beperkte taalbasis vir haar geskep het.

Goeie spraakbegeleiding, asook gereelde inoefening en blootstelling van jongs af blyk ook hier 'n deurslaggewende rol te speel soos bevestig deur Kiff en Bond (1997:21). Dit het ook in die data na vore gekom. Sheridan (2001:218) meld dat die mate wat adolessente met gehoorverlies met maats kan assimileer, grootliks afhang van die kind se kommmunikasievaardighede en kapasiteit om deur maats verstaan te word. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat spraak tog 'n deurslaggewende rol speel in interaksie met normaalhorende portuur, aangesien die adolessent ook hom/haarself verstaanbaar moet kan uitdruk teenoor die normaalhorende portuur en samelewing. Dit blyk dat hoe beter die adolessent met ernstige gehoorverlies se spraak- en spraakleesvaardighede (taal) is, hoe beter word hy/sy deur normaalhorende portuur verstaan en die interaksiesituasie bevorder. Van die deelnemers is Chrizette die moeilikste verstaanbaar vir horende portuurlede, aangesien sy die minste met hulle in interaksie is. Al die ander deelnemers blyk hulself redelik verstaanbaar te kan uitdruk.

Die deelnemers blyk ook van verskeie ***ekologiese bronne*** gebruik te maak om sodoende hul van hulp te wees in die aanpassing in die breër samelewing. Die strategieë wat die deelnemers van die studie volg, is grootliks dieselfde, naamlik dat hul gesigkontak behou met die spreker, spraakleesvaardighede benut en baie van visuele inligting gebruik maak deur na voorbeelde of demonstrasies te kyk en dit na te volg. Dit laat egter die vraag ontstaan hoe voldoende benut die deelnemers hierdie vaardighede? Elzire pas al die strategieë goed toe. Sy benut haar gehoorreste en apparate, sowel as haar spraakleesvermoë en visuele inligting ten volle om sodoende die maksimum voordeel daaruit te verkry en haar potensiaal te bereik. Martin blyk meer op sy gehoorreste staat te maak wanneer hy sy gehoorapparate dra, maar wanneer hy sy apparate uit het (soos tydens rugbywedstryde) blyk hy meer op spraaklees en visuele inligting te fokus. Chrizette maak grootliks van gebaretaal gebruik, wat deur spraaklees ondersteun word wanneer sy in die breër samelewing in beweeg. Sy kry in werklikheid swaar in die breër samelewing, aangesien sy hoofsaaklik op gebaretaal aangewese is. Violette maak baie meer van haar spraakleesvaardighede as van gebaretaal gebruik, aangesien sy meer blootstelling aan 'n horende gesinsituasie (mikro-sisteem) het as Chrizette. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat, hoe meer effektief adolessente met gehoorverlies hul gehoorreste, spraaklees- en spraakvaardighede benut, hoe meer suksesvol blyk hul aan te pas binne die breër samelewing.

Daar het ook uit die data na vore gekom dat elke deelnemer verskeie ***appélkenmerke*** uitdra, wat hul interaksie met die verskillende sisteme waarin hulle betrokke is hetsy positief of

negatief beïnvloed. Die appèl wat Elzire op persone rig, is van durf en deursettingsvermoë. Ten spyte van die eise wat sy van hoofstroom onderwys ervaar, beskik sy oor 'n goeie ondersteuningsnetwerk van haar ouers, wat haar ondersteun en hanteer sy dit goed. Sy volg gesprekke uitstekend deur goeie benutting van haar gehoorreste en spraakleesvaardighede. Haar spraakvaardighede is ook goed ontwikkel, hoewel sy in haar natuurlike uitspraak kan verbeter. Sy kom ook energiek en lewenslustig voor en geniet haar sport. Sy toon 'n sensitiewe sy, aangesien sy nie graag mense wil teleurstel of foute maak nie. Martin dra 'n beeld van rustigheid en gemaklikheid uit. Hy toon ook deursettingsvermoë, deur sukses en goeie prestasies in sy sport te behaal (provinsiale span rugby). Hy kom redelik skaam en sensitief teenoor die teenoorgestelde geslag voor. Wanneer ek met tye met hom gepraat het en hy nie 'n gesprek wou volg nie, het hy gesigkontak vermy en beaam dat hy hoor wat gesê is, maar nie eintlik die gesprek kon volg nie. Dit mag 'n negatiewe aanpassingstrategie van hom wees. Chrizette se gehoorbeperking en die feit dat sy gebaretaal gebruik, rig 'n sterk appèl op 'n mens. Dit laat mens aanvanklik onseker voel hoe om met haar in interaksie te tree. Sy het egter deur ervaring geleer om die ys te breek, en sal eerste probeer kommunikasie inisieer. Kommunikasie blyk egter 'n hindernis te wees, weens die feit dat sy grootliks op gebaretaal ingestel is en nie suiwer op spraaklees haar kan steun nie. Dit maak dit vir die horende party moeilik om met haar in interaksie te tree. Sy toon egter ook deursettingsvermoë om die beste van haar omstandighede te maak en haar sagte geaardheid is opmerklik. Violette se spontane en joviale geaardheid, trek andersyds mense na haar toe aan. Sy blyk dit te geniet om tussen mense te wees. Weens haar goeie spraakleesvermoë kan sy gesprekke goed volg. Haar artikulasie blyk ook goed te wees in vergelyking met Chrizette s'n en mense blyk haar goed te verstaan, wanneer hulle haar spraak na 'n rukkie gewoond geraak het. Sy toon ook goeie deursettingsvermoë en poog om soveel moontlik uit te beweeg na die breër samelewing en haar ouers ondersteun haar daarin.

5.2.3 Die mikro-sisteme waaraan die deelnemers aan verbonde is

Die mikro-sisteme waarin die adolessente met ernstige gehoorverlies bestudeer is, is die gesinsopset, skoolopset, en buitemuurse bedrywighede.

Die eerste mikrosisteem wat aangeraak word is die ***gesinsisteem***. Soos Nash en Nash (1987:117) beweer, word die algemene fondasies van die gesinsisteem uitgedaag wanneer daar 'n gesinslid met gehoorverlies bykom. Soos deur Mathos en Broussard (2005:96 – 101) bevestig is dit belangrik dat ouers en die kind met gehoorverlies deurlopende ondersteuning

en hulpverlening moet ontvang om toegerus te wees om die eise van hul kind se gehoorbeperking te hanteer.

Die data het getoon dat daar by al die deelnemers goeie ouerbetrokkenheid voorkom. Verskeie aanpassings is binne die gesinsituasie gemaak om die kind se omstandighede te akkomodeer, soos om na die kind met gehoorverlies te kyk wanneer gepraat word, inligting vir hom/haar te herhaal, moontlike verhuising nader aan 'n geskikte skool en ondersteuning van die kind met gehoorverlies met betrekking tot die aanvaarding van die beperking. Ouers speel 'n belangrike rol om sosiale vaardighede by leerders met gehoorverlies te vestig, aangesien dit nie spontaan aangeleer word nie. Dit is ook in gesprek met 'n konsultant wat ook gehoorverlies het, bevestig.

Aveling (2005:51) meld dat ouers met kinders met 'n gehoorverlies, probleme ervaar om 'n balans tussen beskerming en betrokkenheid by hul kind te handhaaf en dit het ook in die resultate van die studie na vore gekom. 'n Interessante feit wat uit die data geblyk het is dat ouers geneig is om soms terme soos 'doof' en '' en 'normaal' te gebruik, wat dalk 'n negatiewe appél tot die kinders kan rig wat hul selfbeeld mag beïnvloed, soos ook bevestig deur Meadow-Orlans (1987:37).

Elzire se ouers ondersteun haar en fasiliteer moontlike situasies om haar van hulp te wees tydens haar insluiting in die breër samelewing. Aan die begin van haar hoërskool loopbaan het haar ouers met die skool gaan praat en hulle is vennote saam met die skool tydens haar insluiting in hoofstroom-skool. Martin is hoofsaaklik baie selfstandig en blyk sy eie situasies te beredder binne skoolopset en koshuis. Sy ouers is wel daar vir ondersteuning, maar hy is begelei om sy eie situasies te hanteer. Martin praat nie baie nie en dit laat my wonder in hoe 'n mate hy en sy ouers sy gehoorverlies aanvaar en verwerk het. Dit kan ook net bloot deel van sy persoonlikheid wees. Chrizette se ouers is geneig om haar baie te ondersteun, maar wel in gebaretaal en binne die dowe kulturele groepering. Dit blyk uit die data dat dit tot afsondering van die breë normaalhorende samelewing kan lei. Dit word ook bevestig wanneer haar situasie met Violette s'n vergelyk word. In Violette se situasie is sy van die begin af opgevoed om in die normaalhorende samelewing te kan aanpas, wat haar aanpassing in die breër samelewing baie vergemaklik. Dit laat die vraag ontstaan watter gesinsopset blyk die geskikste te wees vir suksesvolle insluiting van die adolessent met gehoorverlies in die breër samelewingsverband.

Meadow-Orlans (1987:54) se stelling beantwoord hierdie vraag, naamlik dat ouers wat goed ingelig oor hul kind se vordering is en onafhanklikheid vir hul kind met gehoorverlies voorstaan, die beste potensiaal in hul kind na vore bring. Die data bewys die adolessent wat meeste ondersteuning kry in die ontwikkeling van ’n goeie selfkonsep en goeie spraak- en spraakleesvaardighede en na onafhanklikheid begelei word, die beste baat. Die afleiding kan ook gemaak word dat baie van die sukses van die deelnemers van die ondersteuning van hul gesinsisteem (huislike omstandighede) afhanklik is. Die ouerlike ondersteuning en die bereidheid van die ouers om harder vir hul kind se welstand te werk, open baie deure vir hulle.

Die volgende mikro-sisteem waarby die deelnemers betrokke is, is die ***skoolsisteem*** en ***skoolbedrywighede***. Die navorsers blyk uiteenlopende standpunte te huldig omtrent die skoolsituasie van leerders met gehoorverlies en daar blyk voordele en nadele rondom insluiting van adolessente met gehoorverlies binne hoofstroom skole te wees. Mathos en Broussard (2005:96 – 101) meld dat ’n ideaal vir leerders met ernstige gehoorverlies se optimale ontwikkeling is om hul in ‘n skool tesame met leerders met normale gehoor sowel as met gehoorverlies te plaas en dit mag hul sosiale aanpassing bevorder.

Hul noem ook dat leerders met gehoorverlies se taal en akademiese vordering gereeld gemonitor behoort te word en hul sosiale en emosionele behoeftes moet deurgaans in ag geneem word vir geskikte skoolplasing. Dit is in die data bevestig en word as volg verduidelik. Elzire se skoolsituasie is ’n hoofstroom-skool en sy is in die koshuis, hoewel haar ouers naby woon. Die feit dat sy deurentyd haarself moet handhaaf tussen portuurlede met normale gehoor, mag meer spanning vir haar meebring en moontlik meer ondersteuning van haar ouers verg. Dit mag miskien nie altyd maklik vir haar wees nie, maar sy hanteer dit goed. Martin is in ’n skool vir leerders met matige tot ernstige gehoorverlies. Hy is ook in die koshuis soos Elzire, waar hy egter in teenstelling hoofsaaklik te doen het met portuurlede wat ook gehoorverlies het. Die feit dat hy in ’n omgewing is tussen portuur wat hom verstaan, mag sy situasie dalk vir die huidige vergemaklik. Chrizette en Violette is in dieselfde skool vir leerders met ernstige gehoorverlies. Weens hul persoonseienskappe en gesinsagtergrond wat hul saam neem tydens interaksie met die skoolsituasie, ervaar hul die skoolsituasie op verskillende wyses. Vir Chrizette is die skoolomgewing geïntegreer in haar leefwêreld, terwyl Violette dit as haar ‘leerplek’ beskou en haar wanneer sy tuis is daarvan distansieer. Hul albei was aanvanklik in ’n skool vir leerders met matige gehoorverlies, wat ongunstig was, weens hul emosionele behoeftes waaraan nie voldoen is nie. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat skoolplasing alleen nie die deurslag gee tot suksesvolle toetrede tot die breër

samelewing nie. Die suksesvolle wisselwerking tussen die skool- en die gesinsisteem, asook die ondersteuning van die gesinsisteem vir toetrede tot die breër samelewing blyk 'n deurslaggewende rol te speel.

Die laaste mikrosisteem wat aangeraak word is ***portuurgroep interaksie***. Portuurgroep interaksie blyk 'n belangrike rol tydens adolessensie te speel. Bat-Chava, Martin en Kosciw (2005:294) en Bekker (1987:77) en beskryf die belangrikheid van portuurgroep interaksie met portuurlede wat ook gehoorverlies het, omdat dit emosionele sekuriteit vir adolessente met gehoorverlies skyn te bied. Die data van hierdie ondersoek het egter die teendeel bewys. Elzire het glad nie interaksie met portuurlede wat ook gehoorverlies het nie. Dit blyk meer inspanning van haar kant af te verg om aan te pas, maar sy hanteer dit goed en toon nie 'n behoefte aan portuurlede wat ook gehoorverlies het nie. Martin is heeltyds in interaksie met portuurlede wat ook gehoorverlies het en kom gelukkig voor. Chrizette blyk ook oorwegend met portuurlede met gehoorverlies in interaksie te wees. Sy het wel soms per sms kontak met horende persone. Dit blyk egter nie haar insluiting by die breë normaalhorende samelewing te verbeter nie. Gereelde fisiese interaksie tussen die twee partye blyk dus nodig te wees. Violette blyk net tydens skoolure in interaksie te wees met portuurlede met gehoorverlies. In Violette en Chrizette se data het dit na vore gekom dat hulle wel kennisse met gehoorverlies het, maar dit is nie hul beste vriende nie. Albei se beste vriendskappe is portuurlede met normale gehoor. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat langdurige en hegte vriendskappe met horende portuur moontlik is en moontlik verkies word. Die data het ook getoon dat adolessente met gehoorverlies eers deur hul portuur met normale gehoor leer ken moet word alvorens suksesvolle aanpassings plaasvind. Indien die twee partye mekaar goed ken, blyk aanpassings spontaan te gebeur en blyk die horende portuur hul maats met gehoorverlies te aanvaar vir die persoon wie hulle is.

Eriks-Brophy et al. (2006:82) beweer dat portuurlede sensitief gemaak moet word vir die behoeftes van die jeugdige met gehoorverlies en dit speel ook 'n belangrike fasiliterende rol in inklusiewe onderrig, om byvoorbeeld inligting te herhaal. Die data het dit ook bewys en dit blyk dat Elzire, Martin en Violette se vriende die meeste vir hul inligting herhaal, aangesien hul die meeste op spraak aangewese is. Chrizette is meer van gebare afhanklik en haar moeder tolk meestal vir haar, dus is sy meer in interaksie met portuur wat ook van gebaretaal gebruik maak. Die portuur moet dus toegerus word om die behoeftes van adolessente met gehoorverlies te verstaan en daarby aan te pas.

Al die deelnemers is hoofsaaklik aan skoolgebonde ***buitemuurse bedrywighede*** verbonde. Die aksies blyk dus op weeklikse basis plaas te vind en die ander sosiale interaksies op ongereelde basis is in die minderheid (tydsfaktor – meso-tyd). Elzire het tweekeer 'n week hokkie-oefening en speel eenkeer 'n week wedstryd. Sy blyk ook die middae wat sy nie bedrywighede aan het nie aan landloop deel te neem, wat ook tweekeer 'n week geskied. Martin oefen tweekeer 'n week rugby en sy wedstryde vind ook eenkeer 'n week plaas. Chrizette neem eenkeer per week aan netbalwedstryde deel en ook weekliks aan die konsertoefeninge. Violette is weekliks by die konsertoefeninge betrokke en neem met geleenthede saam met haar boetie aan verskillende sosiale bedrywighede deel. Hoe meer adolessente met gehoorverlies deelneem aan aksies waarby normaalhorende portuur betrokke is, hoe groter is die geleentheid vir interaksie en hoe gemakliker die toetrede tot die breër samelewing. Elzire en Violette se data bevestig dit as die deelnemers wat die meeste aan interaksie met normaalhorende portuur blootgestel is. Kluwen (2002:200) bevestig hierdie bevinding deur ook te meld dat deelname die basis vir interaksie skep, maar die interaksie kan onvervuld wees indien die interaksie onnatuurlik is. Dit blyk duidelik dat natuurlike, spontane interaksie-situasies van gereelde aard geskep behoort te word.

5.2.4 Die Meso-sisteem

Die Meso-sisteem behels die interaksie tussen die verskillende mikro-sisteme en hoe hulle mekaar wedersyds beïnvloed (Swart & Pettipher, 2005:9-15). In hierdie studie blyk verskillende vorme van wisselwerking tussen die gesinsisteem en skool sisteem, asook die gesinsisteem en portuursisteem te wees. In Elzire se geval blyk die gesin- en skoolsisteme op mesovlak mekaar wedersyds te ondersteun. Haar ouers fasiliteer byvoorbeeld geleenthede met die skool, hoe om haar te ondersteun. Daar word dus 'n bewustheid en begrip geskep vir Elzire se behoeftes, maar hul meng nie verder in met haar skoolsituasie nie en laat haar self die mas opkom. Martin se gesinsisteem toon ietwat gedistansieerde betrokkenheid by hom en hy is opgevoed om basies self verantwoordelikheid te neem vir sy eie sake by die skool. In Martin se geval blyk die skool- en gesinsisteem min interaktief betrokke by mekaar te wees. In Chrizette se geval blyk die gesin- en skoolsisteem interverweef met mekaar te wees. Die een is basies deel van die ander en kan amper nie geskei word nie. Gevolglik bring dit beperkte blootstelling vir haar met normaalhorende portuurlede. Violette se skoolsisteem blyk ondersteunend van haar gesinsisteem te wees, maar is nie interverweef daarmee nie. Haar gesinsisteem dwing haar ook om meer uit te reik na die breër samelewing, waar Chrizette meer beskerm word daarteen.

5.2.5 Die Ekso-sisteem

Die invloed en belangrikheid van die Ekso-sisteem word nie in die studie ontken nie. Tydens die tydperk van observasie het dit nie na vore gekom dat die ekso-sisteem beduidende invloede op die algemene funksionering en interaksies van deelnemers gehad het nie.

5.2.6 Die Makro-sisteem

Uit die data het dit ook geblyk dat mense met normale gehoor grootliks oningelig is omtrent die beperking, soos ook bevestig deur Aveling (2005:48) Hulle dink adolessente met gehoorverlies is ‘anders’, ‘snaaks’ en dat hul ook selfs ‘verstandelike probleme’ het. Hulle toon ’n gebrek aan begrip, soos hulle kyk nie vir die persoon met gehoorverlies as hulle met hulle praat nie, beweeg baie rond, en maak nie van duidelike lipvorming gebruik nie. Die oorgrote meerderheid normaalhorende persone verstaan ook nie gebaretaal nie. Die normaalhorende samelewing blyk ook onsekerheid te ervaar hoe om die adolessent met ernstige gehoorverlies te hanteer. Aan die ander kant blyk dit uit die data dat die adolessent met gehoorverlies (deelnemers) ook onsekerheid ervaar hoe om die normaalhorende samelewing te benader, soos ook beweer deur Bekker (1987:77). Die afleiding kan dus gemaak word en dit het ook uit die data geblyk dat beide betrokke partye voldoende ingelig behoort te word, aangaande interaksie en hantering van mekaar.

Tydens die studie het ek gemerk dat al die deelnemers ’n behoefte het om normaal hanteer te word en eerstens as mens gerespekteer te word binne al die sisteme waarby hy/sy betrokke is. Dit is baie belangrik om elke mens eerstens menswaardig en met respek te behandel alvorens teen die beperking vasgekyk word. ’n Persoon is nie die gestremdheid nie, maar eerstens ’n mens met ’n liggaam, siel en gees. Mense se houding en ingesteldheid teenoor persone met gehoorverlies blyk ook ’n belangrike rol te speel en behoort nie uit die oog verloor te word nie. Die onderwysbedeling is vandag baie meer positief gesind teenoor persone met leerversperrings, maar daar bestaan ’n leemte aan hoe hulle persone met gehoorverlies kan ondersteun en bemagtig.

Volgens Landsberg (2005:62) maak die nasionale witskrif voorsiening vir die insluiting van leerders met gehoorverlies in hoofstroomskole. Die onderwysbeleid laat dus gelyke beregtiging toe vir leerders met leerversperrings. Op distriksvlak is die meerderheid rolspelers, soos sielkundiges, maatskaplike werkers en gesondheidswerkers, egter nog nie voldoende bemagtig om die betrokke persone soos familie, ouers, geneeskundiges en so meer, met die nodige vaardighede toe te rus om adolessente met gehoorverlies te verstaan en beter te hanteer

nie. Dit het ook in die data na vore gekom dat die ouers van Chrizette streef na die erkenning van gebaretaal as landstaal, aangesien dit Chrizette en die leerders van die skool se eerste skooltaal is en die wyse is waarop hulle hulself kan uitdruk. Laastens is dit belangrik om meer geleenthede vir interaksie tussen leerders met gehoorverlies en hulle normaalhorende portuur te skep en aan te moedig, deur wisselwerking tussen die skole en gesin en breë gemeenskap.

5.2.7 Chrono-sisteem

Die feit dat al die deelnemers in die adolessente lewensfase (mikrotyd) is, het 'n beduidende invloed op hul interaksiesituasie met die verskillende sisteme waarby hul betrokke is. Soos gestel deur Venter (2004:4) is adolessensie 'n oorgangsfase tussen kind en volwassene, wat met verskillende ontwikkelingstake gepaard gaan. Al die deelnemers het die eienskappe wat met adolessensie gepaard gaan, soos byvoorbeeld toenemende belange by portuur-interaksie. Hulle ontwikkelingstake verskil nie van adolessente met normale gehoor nie, hoewel die adolessent met gehoorverlies bykomend die beperking het om te aanvaar, soos ook beweer deur Venter (2004:4). Adolessensie mag meer emosionele uitbarstings tot gevolg hê, soos by Elzire. Dit mag ook 'n invloed hê op die feit dat Martin selfbewus teenoor die teenoorgestelde geslag voorkom. Chrizette en Violette blyk nie opvallende kenmerke te toon nie.

Die vooruitgang van die tegnologie het verbeterde gehoorapparate tot gevolg, wat daartoe meehelp dat persone met gehoorverlies wel meer betrokke by die breër samelewing kan wees, aangesien hul beter kan hoor met behulp van die apparate. Apparate is ook baie gemakliker en praktieser as in die verlede en persone met gehoorverlies kan beter benutting van hul gehoorreste nastreef.

In die tydperk waarin ons vandag leef, blyk baie agtergeblewe kinders met leerbeperkinge beter voordele te geniet wat hul nie voorheen gehad het nie.

5.3 MOONTLIKE BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Die feit dat daar slegs vier deelnemers betrokke was by die studie, mag die vertroubaarheid en toepaslikheid van inligting van die studie beperk. Die gevalle is egter in diepte ondersoek en die deelnemers is volgens die maksimum-variasie seleksiebeginsel gekies, ten einde 'n vertroubare weergawe van die verskillende interaksie-situasies waarin adolessente met ernstige gehoorverlies hulself kan bevind, te weerspieël en te kan toepas. Weens die beperkte aard van die skripsie, asook die tydgebonde aard van die aktiwiteite waar die deelnemers by betrokke was, in ooreenstemming met die observasietydperk, kon daar nie 'n etnografiese

studie uitgevoer word nie. ’n Ryker bestudering van die konteks sou uiteraard bygedra het tot begryping van die interaksie en kommunikasie van die adolessent met gehoorverlies.

Die deelnemers se gehoorverlies kon weens hul kommunikasiebeperking ’n invloed op die rykheid van die data gehad het. Om dié rede is daar ook besluit om die ouers en ’n vriend of vertroueling (onderwyser of afrigter) van elke deelnemer by die studie te betrek, wat groter vertroubaarheid van die data kon verseker. Dit bring ook groter varieerbaarheid van die inligting van die observasies mee.

Weens my eie gehoorbeperking het die gevaar bestaan dat ek oormatig subjektief by die situasies van die deelnemers betrokke kon raak. Daar is sover moontlik gepoog om ’n objektiewe betrokkenheid te handhaaf en al die analises en interpretasies met my studieleier te verifieer. Ek het deurgaans in die studie gepoog om balans, regverdigheid, volledigheid en sensitiwiteit vir die deelnemers, na te streef (Leedy en Ormrod, 2005:138).

5.4. AANBEVELINGS

5.4.1. Praktyk

Daar word aanbeveel dat ondersteuningsprogramme vir adolessente met gehoorverlies sowel as vir hul ouers geïmplementeer behoort te word, om hul te begelei in suksesvolle insluiting in die breër samelewingsverband. Die programme behoort ook aktiwiteite in te sluit wat adolessente met gehoorverlies op roetine basis vir ’n langdurige tydperk, in interaksie met hul normaalhorende portuur bring. Gereelde aksies behoort geloods te word.

Op gemeenskapsvlak is dit belangrik om bewusmakingsprogramme te loods, ten einde die breër samelewing in te lig omtrent interaksie met persone met gehoorverlies, tydens hul intreding in die breër samelewing. Praktiese riglyne behoort verskaf te word, asook praktiese inoefening daarna.

Opleidingsprogramme behoort ook geloods te word ten einde adolessente met gehoorverlies toe te rus met die nodige vaardighede om beter in die breër samelewing te kan aanpas.

5.4.2. Navorsing

Die bevindinge van die studie kan toegepas word as basis vir verdere verkenning van die interaksiesituasie van persone met gehoorverlies in besondere groeperings (byvoorbeeld, onderwysmodel of die ontwikkelingsfase) met hul normaalhorende portuurgroep en hoe die bepaalde onsekerhede en hindernisse uit die weg geruim kan word en hoe daar ’n middeweg vir doeltreffende interaksie geskep kan word. Verdere navorsing kan ook gedoen word ten

einde ondersteuningsprogramme te ontwikkel vir die bemagtiging van adolessente met gehoorverlies met die nodige vaardighede, vir hul intrede in die breër samelewing.

Hierdie studie is nie ’n etnografiese studie nie weens die beperkte omvang van die werk. Uitbreiding van die navorsing by wyse van ’n etnografiese studie van deelnemers met gehoorverlies in interaksiesituasie met hul normaalhorende portuurgroep binne ’n sekere konteks (soos die skool of ’n spesifieke ontwikkelingsfase) sal moontlik nuwe insigte na vore kan bring.

5.5. SLOT

Die studie het ten doel gehad om die ontwikkeling van sosiale verhoudinge van adolessente met ernstige gehoorverlies met hul normaalhorende portuurgroep beter te begryp en te beskryf. Dit het gepoog om die bates, strategieë en hindernisse wat adolessente met ernstige gehoorverlies tydens hul sosiale interaksie met hul portuurgroep met normale gehoor ervaar, te identifiseer en te begryp. Die studie het ook ten doel gehad om die sosiale situasie van die kant van die portuurgroep met normale gehoor, te begryp, om ’n gebalanseerde perspektief te kan ontwikkel. Die studie het sodoende gepoog om beter begrip en sensitiwiteit vir die adolessent met ernstige gehoorverlies se omstandighede tydens sosiale interaksie binne die breër gemeenskap te weeg te bring, sodat aanpassings deur beide die persoon met gehoorverlies en die normaalhorende persoon kan geskied en suksesvolle insluiting van die persoon met ernstige gehoorverlies die eindresultaat mag wees.

Resultate het getoon dat daar sterk moontlikhede, maar ook baie leemtes bestaan in hoe die twee partye mekaar begryp en verstaan, asook in interaksie tree. Dit blyk wel duidelik te wees dat adolessente met gehoorverlies suksesvol in die breër samelewing ingesluit kan word, met die nodige aanpassings en ondersteuning.

In my persoonlike ervaring as persoon met gehoorverlies het ek ’n behoefte gevoel om net so aanvaar te wil word as enige ander persoon met normale gehoor. Dit is vir my persoonlik baie belangrik om eers die mens in elke persoon raak te sien en nie teen die beperking vas te kyk nie. Dan sal daar moontlik klaar meer begrip en samewerking plaasvind. In my roeping as opvoedkundige sielkundige wil ek graag poog om hierdie leemtes en kommunikasiegaping te oorbrug. Dit is egter nie moontlik om dit alleen aan te pak nie, en daarvoor is transdissiplinêre samewerking, sowel as die begrip en deelname van die horende gemeenskap nodig.

LITERATUUR VERWYSINGSLYS

Adams, Q., Collair, L., Oswald, M. & Perold, M. 2004. Research in educational psychology in South Africa. In I. Eloff, en L. Ebersöhn (Eds). *Keys to educational psychology*. Cape Town: UCT, 354 - 373.

Aveling, L. 2005. *Persepsies ten opsigte van sosiale aanpassing by 'n adolessent met 'n gehoorverlies*. Ongepubliseerde B. Kommunkasiepatologie verhandeling. Pretoria Universiteit.

Bat-Chava, Y., Martin, D. & Kosciw, J. 2005. Longitudinal improvements in communication and socialization of deaf children with cochlear implants and hearing aids: evidence from parental reports. *Journal of psychology and psychiatry*, 46(12) 1287 – 1296. [online]

Bain, L., Scott, S. & Steinberg, A. 2004. Socialization eperiences and coping strategies of adults raised using language. *Journal of deaf studies and deaf education*, 9(1) 120 - 128. [Online]

Bekker, G. 1987. Lifelong Socialisation and adaptive behaviour of deaf people. In P. C. Higgins en J. E. Nash (Eds). *Understanding deafness socially.* USA: Charles C Thomas Publishers, 59 - 80.

Corcer, M. 1996. *Deaf transitions. Images and origins of deaf families, deaf communities and deaf identities*. London: Jessica Kingsley Publishers.

Creswell, J.W. 1998. *Qualitative inquiry and research design: choosing among five traditions.* Thousand Oaks: SAGE Publications.

Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 1999. *Educational psychology in social context. Challenges of development, social issues and special needs in South Africa*. New York: Oxford University Press.

Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2004. *Educational psychology in social context.* Cape Town: Oxford University Press.

Du Plessis, L. 1999. *'n Ondersoek na die behoefte aan 'n ondersteuningsgroep onder gehoorgestremde adolessente in die Wes-Kaapse hoofstroomskole*. Verslag van 'n navorsingsprojek: Universiteit van Stellenbosch.

Engelbrecht, P. 2004. A theoretical framework for inclusive educaion. In P. Engelbrecht, L. Green, S. Naicker and L. Engelbrecht (Eds). 2004. *Inclusive education in action in South Africa*. Pretoria: Van Schaik, 3 – 11.

Eriks-Brophy, A., Durieux-Smith, A., Olds, J., Fitzpatrick, E., Duquette, C. & Whittingham, J. 2006. Facilitators and barriers to the inclusion of orally educated children and youth with hearing loss in schools: promoting partnerships to support inclusion. *The volta review*, 196(1) 53 – 88.

Erting, C. J. 1987. Cultural conflict in a school of deaf children. In P.C. Higgins and J. E. Nash (Eds). *Understanding deafness socially*. USA: Charles C Thomas Publishers, 131 - 140.

Green, L. 2004. Theoretical and contextual background. In P. Engelbrecht and L. Green (Eds). *Promoting Learner development. Preventing and working with bariers to learning*. Pretoria: Van Schaik Publishers, 3 – 14.

Gouws, S. 2006. *'n Intra-vergelykende verkenning van die gebruik van simboliese materiaal in projekplate met kinders*. Ongepubliseerde Med-skripsie: Universiteit van Pretoria.

Higgins, P.C. 1987(a). Introduction. In P.C. Higgins and J. E. Nash (Eds). *Understanding deafness socially.* USA: Charles C Thomas Publishers, vii - xvii.

Higgins, P.C. 1987(b) The deaf community. In P.C. Higgins and J. E. Nash (Eds). *Understanding deafness socially*. USA: Charles C Thomas Publishers, 151 - 170.

Hintermair, M. 2006. Parental resources, parental stress and socio-emotional development of deaf and hard of hearing children. *Journal of deaf studies and deaf education*, 11(4) 493 – 513.

Howley, M. & Howe, C. 2004. Social interaction and cognitive growth: an examination through the role-taking skills of deaf and hearing children. *British journal of developmental psychology*, 22(2) 219 – 243.

http://www.deafsa.co.za. [webwerf van DEAFSA]

Israelite, N., Ower, J. & Goldstein, G. 2002. Hard of hearing studenst identity construction: influence of school experiences, peers and teachers. *Journal of deaf studies and deaf education*, 7(2) 134 – 148 . [online].

Jambor, E. & Elliott, M. 2005. Self-estee and coping strategies among deaf students. *Journal of deaf studies and deaf education*. 10(1) 63 – 81.

Kapp, J.A. 1990. Gehoorgestremdheid. In J. A. Kapp (Red) *Kinders met probleme. 'n ortopdagogiese pespektief*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, 333 – 337.

Kent, B. A. 2003. Identity issues of hard-of-hearing adolescents aged 11, 13 and 15 in mainstream settings. *Journal of deaf studies and deaf education*, 8(3) 315 – 324.

Kent, B. & Smith, S. 2006. They only see it when the sun shines in my ears: exploring perceptions of adolescent hearing aid users. *Journal of deaf studies and deaf education*. Online. Vol. 11(4): 461 – 476. Retrieved March 23, 2007 from http://0-jdsde.oxfordjournals.org.innopac.up.ac.za/misc/terms.shtml.

Kiff & Bond, D. 1997. The Inner life of deaf children. In Verma, V. (ed). *The inner life of children with special needs*. UK: Athenaeum Press, 16 – 27.

Kluwen, T. N., Stinson, M. S. & Colarossi, G. M. 2002. Social processes and outcomes of in-school contact between deaf and hearing peers. *Journal of deaf studies and deaf education*, 7(3) 199 – 213. [online].

Kreimeyer, K. H., Crooke, P., Drye, C., Egbert, V. & Klein, B. 2000. Academic and social benefits of a co-enrollment model of inclusive education for deaf and hard-of-hearing children. *Journal of deaf studies and deaf education*, 5(2) 174 – 185. [Online]

Kretzman, J. & McKnight, J. 1993. *Building communities from the inside out: a path toward finding and mobilizing a community's assets*. Chicago: ACTA Publications.

Landsberg, E. 2005. Learning support. In E. Landsberg, D. Kruger and N. Nel (Eds). *Adressing bariers to learning. A South African perspective.* Pretoria: Van Schaik publishers, 61 – 77.

Leedy, D. P. & Ormrod, J. E. 2005. *Practical research. Planning and design* (*Eight* Edition). New Jersey: Pearson Education, Inc.

Losardo, A. & Notari-Syverson, A. 2001. *Alternative aproaches to assessing young children*. New York: Pual H. Brookes Publishing Co.

Maree, K. 2004. Theoretical Approaches in psychology. In I. Eloff and L. Ebersöhn (Eds). *Keys to educational psychology*. Cape Town: UCT Press, 387 – 409.

Mathos, K. Kimberley, K. & Broussard. 2005. Outlining the concerns of children who have hearing loss and their families: clinical perspectives. *Journal of American Academy of child and adolescent psychiatry*, 44(11) 96 – 102. Retrieved 6 Desember 2006 from http://0-find.galegroup.com.innopac.up.ac.za:80/itx/infomark.do?&contentSet=IAC-Documents&type=retrieve&tabID=T002&prodId=ITOF&docId=A127163418&source=gale&srcprod=ITOF&userGroupName=up_itw&version=1.0>.[InfoTracOnefiledocument]

McMillan, J.H. & Schumacher, S. 1997. *Research in Education. A conceptual introduction (Fouth Edition).* New York: Longman, Inc.

Meadow-Orlans, K. P. 1987. Understanding deafness: socialization of children and youth. In P.C. Higgens and J.E. Nash (Eds). *Understanding deafness socially*. USA: Charles Thomas Publisher, 29 – 58.

Mertins, D. M. & McLaughlin, D. M. 1995. *Research methods in special education*. Applied social research methods series (vol. 36). London: SAGE Publushers.

Monteith, J. L.; Steyn, H. S. 2000. *Research methodology in Education 1*. Studyguide (ONL 611) Edited. Potchefstroom: Noord-Wes Universiteit.

Nash, A. & Nash J.E. 1987. Deafness and family life in modern society. In P.C. Higgins and J. E. Nash (Eds). *Understanding deafness socially*. USA: Charles Thomas Publisher, 101 - 122.

Nikolaraizi, M. & De Reybekiel, N. 2001. A comparisive study of children's attitudes towards deaf children, children in wheelchairs and blind children in Greece and in the UK. *European Journal of special needs education*, 16(2) 167 - 182. [Online]

Nikoaraizi, M. & Hadjikakou, K. 2006. The role of educational experiences in the development of deaf identity. *Journal of deaf studies and deaf education*, 11(4): 477 – 492. Greece: University of Tessaly. [Online]

Patton, M.Q. 2002. *Qualitative research and evaluation methods* (Third Edition). London: SAGE.

Sheridan, M. 2001. *Inner lifes of deaf children. Interviews and analysis.* Washington: Gallaudet University Press.

Swanson, R. A. 1997. *Human resource development research handbook*. *Linking Research and Practice*. USA: Berrett-Koehler Publishers.

Swart, E. & Pettipher, R. 2005. A framework for understanding inclusion. In E. Landsberg, D. Kruger and N. Nel (Eds). *Adressing bariers to learning. A South African perspective.* Pretoria: Van Schaik publishers, 3 – 23.

Venter, M. 2004. *Persepsies van tieners met gehoorverlies, oor hul sosiale funksionering*. Gepubliseerde B. Kommunikaisepatologie verhandeling. Universiteit van Pretoria: Fakuliteit Geesteswetenskappe.